




Boesak se plan vir geweldlose verset - 17

Swapo sink al dieper



Max du Preez

WINDHOEK - Met net meer as vyf weke voor die onafhanklikheidsverkieëing in Namibia is Swapo se krisis rondom die aanhouding van honderde vermeende "spioene" en die dood van tientalle van dié mense aan die hande van Swapo-soldate besig om te verdiep.

Die sterk sin van solidariteit wat die organisasie oor die jare heen talle aanslae laat oorleef het, het plek gemaak vir 'n gees van agterdog wat Swapo se ondersteunertal en selfs senior leierskap deurspek.

Die krisis word vererger deurdat die Swapo-leiers die krisis grootliks ignoreer. Maar dit begin duidelik word dat eerder as weggaan, die probleem al ernstiger word.

Waarnemers glo dat Swapo waarskynlik steeds 'n goeie kans het om die November-verkieëing te wen, maar dat hulle kans om 60 persent van die stem te trek, al skraler word soos hulle dieper in 'n moeras van wantroue sink.

Swapo se Stalinistiese optrede is besig om dié organisasie van sy vroeëre wye internasionale steun te beroof. Veral in Wes-Duitsland het die organisasie meeste van sy steun verloor nadat kerkleiers en selfs die Groenes die laaste twee weke hul skerp teen die Swapo-optrede uitgespreek het.

Sakemanne in Namibia vrees dat die gebrek aan vertroue in Swapo kan lei tot erg verminderde buitelandse hulp en beleggings ná onafhanklikheid.

Die "spioen-drama" is ook besig om tot 'n landwyse anti-Owambo-gevoel te lei wat ernstige gevolge vir die land se toekoms kan hê. Swapo se sterkste steun is onder Owambo-sprekendes, en uit die vertellings van aangehoudenenes is dit duidelik dat die "suiweringsveldtogte" hoofsaaklik deur Owambo-elemente teen lede van ander etniese groepe en intellektuele gevoer is.

Die Swapo-leiers se geloofwaardigheid is boonop besig om 'n kwaai knou te kry, deels deur hul voortgesette ontkenning dat die probleem bestaan, en deels deurdat min mense hulle glo dat daar nie nog aangehoudenenes is wat nog nie teruggekeer het nie. Hulle word òf steeds aangehou, òf is reeds dood.

Leiers van die groepe teruggekeerde aangehoudenenes is gefrustreerd in hul pogings om die Swapo-leierskap in Namibia hof toe te neem omdat die misdade in 'n ander land gepleeg is. Maar die moontlikheid van 'n saak in die Internasionale Hof word al sterker omdat regsvertegenwoordigers meen dat die Nüremberg-verhore van Nazi-misdadigers 'n presedent geskep het in die internasionale reg.

In een van die jongste verwickelinge dié week het 'n oorlogsheld van Swapo en onder-bevelvoerder van die People's Liberation Army (Plan) se elite-eenheid, Typhoon, Johannes "Kameraad Mistake" Goamab, volledig vertel van die swak besluitneming en binnegevegte in Plan en hoe hy sonder rede self daarvan beskuldig is dat hy 'n spioen is, gemartel is en jare lank in 'n kerker aangehou is.

Goamab se vertelling (volledige berig op bladsye 12 en 13) laat die suggestie dat daar wel Suid-Afrikaanse spioene in Swapo was, maar dat dit nie die mense was wat daarvan beskuldig is nie.

In verdere verwickelinge het twee vroue-aktiviste wat lank in Swapo se ondergrondse kerkers in Angola aangehou is, in 'n ope brief die vinger reguit na die Swapo-leier, Sam

Delmas-verhoor: nuwe drama

Jacques Pauw

DIE uitspraak van die opspraakwekkende Delmas-verhoor, wat langer as drie jaar geduur en 'n belangrike deel van die UDF-leierskap uit die gemeenskap verwyder het, kan binnekort deur die Appèlhof ter syde verklaar word.

In 'n sensasionele regsverwickeling en 'n uiters ongewone stap het die Appèlhof besluit om 'n spesiale aantekening in die hofrekord, wat verband hou met die verhoor-regter se onreëlmatige samestelling van die verhoorhof, onmiddellik op appèl te neem.

Indien die appèl slaag, word die langste verhoor in Suid-Afrika se regsgeëiedenis, wat 37 maande geduur, sowat 30 000 bladsye se getuienis beslaan en honderdduisende rande aan regskostes gekos het, nietig verklaar.

Dit sal beteken dat die elf veroordeeldes, wat weens verraad en terrorisme skuldig bevind is, se vonnisse ook nietig verklaar word en hulle onmiddellik vrygelaat word.

Onder hulle is van die jonger en mees dinamiese leiers

in die UDF: Patrick "Terror" Lekota, Moss Chikane en Popo Molefe. Hulle is al drie weens verraad skuldig bevind en vroeër vanjaar deur regter Kees van Dijkhorst tronk toe gestuur.

Die Delmas-verhoor, wat internasionale belangstelling gaande gemaak en felle kritiek teen ons regstelsel ontlok het, het negentien swartmense vir drie jaar in die beskuldigde-banke van vier verskillende hofsale gehou. Drie van die beskuldigdes was deur die hele hofsaaik in die tronk omdat hulle borgtog geweier is.

Die aansien en onafhanklikheid van Suid-Afrika se regsbank, wat 'n lelike knou na die Delmas-verhoor gekry het, is ook op die spel.

Indien die appèl slaag, sal dit 'n regter se grootste en duurste blaps in die Suid-Afrikaanse regsgeëiedenis wees.

'n Opsienbare gebeurtenis tydens die hofsaaik - toe Van Dijkhorst een van Suid-Afrika se mees gerespekteerde juriste as assessor van die regtersbank verwyder het - is die kern

Vervolg op bladsy 2

Vervolg op bladsy 2



Comrade Mistake, die oorlogsheld wat as 'spioen' gemartel is - 12 & 13



Roland Hunter, die spioen wat na ses jaar uit die paradoksale paradys teruggekeer het - 7

Vervolg van bladsy 1

...en Sam swyg

Nujoma, en van sy senior adjudante gewys, en laai die bitterheid onder die militante jeug in veral Windhoek op oor die lot van 'n gewilde jong studente-leier, Josef Hendricks, wat laat verlede jaar oor die grens na Swapo gevlug het en ná aanhouding as 'n "spioen" in van die kerkers verdwyn het.

Byna al die aangehoudenenes was goed geleerd en het meestal aan Swapo se linkervleuel behoort. Baie van die aangehoudenenes was Marxiste en sosialiste.

Intussen het die man wat vir die meeste van die wandade verantwoordelik gehou word, na Windhoek teruggekeer: Solomon Auala, adjunk-bevelvoerder van Plan en hoof van sekuriteit met die oorlogsnaam Jesus. Voormalige aangehoudenenes verwys na hom as die "Slagter van Lubango."

Auala hou 'n baie lae profiel in Windhoek. Toe hy Sondag op Swapo se groot vergadering in Windhoek aan die skare voorgestel is, het hy, anders as al die ander leiers wat voorgestel is, nie opgestaan om sy gesig te wys nie. Anders as die ander leiers, was daar ook geen toejuiging toe sy naam uitgelees is nie.

Daar word egter ook vingers gewys na ander Swapo-leiers wat medeplichtig was: Nujoma self, die kroonprins en sekretaris vir inligting en publisiteit, Hidipo Hamutenya, die nasionale voorsitter, David Meroro, die administratiewe sekretaris, Moses Garoëb, die sekretaris vir verdediging, Peter Mueshiange, en die sekretaris vir vervoer, Maxton Joseph.

In van die video-opnames wat Swapo van die gedwonge beken-tensisse van "spioene" gemaak het en in Windhoek gesirkuleer word, word ook gesuggereer dat die hoof van Swapo se verkiesingsdirektoraat, Hage Geingob, 'n spioen was. Geingob was die enigste Politburo-lid nog wat die aanhoudings en martelings op 'n vergadering te berde gebring het, maar volgens bronne het hy dit nooit weer gedoen nadat Jesus Auala hom toegesnou het dat hy net bekommerd was omdat van die "spioene" ook Damaras was. Dié storie loop wyd in Windhoek.

Ook die vise-president van Swapo, die Nama-hoofman Hendrik Witbooi, is in 'n netelige posisie en bitter ongelukkig. Die meeste van die jong Nama-mans wat die grens oorgesteek het om by Swapo aan te sluit, is as spioene aangehou.

Twee aangehoudenenes het aan Vrye Weekblad gesê Witbooi het tydens 'n private ontmoeting met van dié teruggekeerdes gesê: "Julle is as helde hier weg, en julle het as helde teruggekom." Witbooi het egter Sondag sy plek op die Swapo-verhoog ingeneem.

Vervolg van bladsy 1

Delmas-verhoor

waarom die appèl draai en wat die uitspraak van 1 521 bladsye nietig kan verklaar.

'n Volle regsbank van die Appèlhof, insluitende hoofregter Corbett, sal moontlik nog voor die einde van vanjaar besluit of die verhoorhof onreëlmatig saamgestel was nadat Van Dijkhorst vir prof Willem Joubert in Maart 1987 as assessor verwyder het.

Joubert het in 1983 die UDF se Miljoen handtekeningeveldtog teen die nuwe grondwet onderteken. Toe Van Dijkhorst daarvan te hore kom, het hy Joubert verwyder omdat hy glo partydig was. Dit terwyl die ander assessor, wie se status glad nie in die gedrang gekom het nie, 'n lid van die Broederbond was.

Indien die Appèlhof sou bevind dat Van Dijkhorst nie rede gehad het om Joubert te verwyder nie en die hof dus onreëlmatig saamgestel was, word die hele hofsak nietig verklaar.

Vrye Weekblad verneem dat die Appèlhof die hoogste prioriteit aan die appèl gee omdat sommige beskuldigdes al 'n jaar in die tronk sit. Indien die uitspraak nietig verklaar word, kan die staat weer die saak heropen en met 'n nuwe hofsak begin. Die kans hiervoor is egter bitter skraal.

Verlof tot appèl aan die beskuldigdes is kort na skuldigbevinding reeds toegestaan. Die beraamde koste vir die voorbereiding van die hofrekord aan die Appèlhof sou R450 000 wees.

Waarnemende appèlregter Nicholas, in ooreenstemming met hoofregter Corbett en regter Botha, het egter bevind dat 'n spesiale aantekening in die hofrekord oor die onreëlmatige samestelling van die hof, nou apart op appèl geneem sal word.

Indien die Appèlhof die aanvanklike appèl oor die onreëlmatige samestelling sou verwerp, sal die hof die volle saak op appèl neem. Uitspraak kan egter veel langer as 'n jaar neem, verneem Vrye Weekblad.

Nicholas het bevind, deur die spesiale aantekening op appèl te neem, dat dit gerieflik vir alle partye sal wees en baie tyd kan bespaar. Hy het gesê daar is buitengewone omstandighede wat appellering in twee fases regverdig.

Van Dijkhorst se uitspraak in die Delmas-verhoor, wat die UDF volslae verdoem het en bykans enige politieke teenstand wat die huidige bestel wil aftakel met verraad strafbaar gemaak het, is wyd veroordeel.

Die hofsak is deurentyd deur van Suid-Afrika se bekendste swart leiers - Desmond Tutu, Allan Boesak, Frank Chikane, Winnie Mandela en Enos Mabuza - en buitelandse diplomate en juriste bygewoon.

Die driemanskap van Lekota, Molefe en Chikane word as die nuwe geslag leiers in die UDF beskou en het 'n deurslaggewende rol in die stigting en organisering van dié beweging gespeel.

RAU stem oor 'n lastige probleempie' ...en bly toe

Charles Leonard

WOENSDAG het die Randse Afrikaanse Universiteit (RAU) se 320 swart studente die (baie) vrolike lentedagvierings op hul kampus geboikot. Dit was uit protes teen die universiteit se besluit dat die koshuise vir dié mense bot toe sal bly.

In plaas van saam te jol met die wit studente - wat hulle goed gehelp het aan gebraaide os en geblikte bier - het die RAU Concerned Black Students (RCBS) 'n protesoptog met plakkate deur die binneplein van die kampus gehou.

Verlede Donderdagaand is daar referendums in die koshuise gehou wat deur een student as "sinistêr" beskryf is. Die student wou nie haar naam bekend maak nie uit vrees vir moontlike stappe deur die universiteitsowerhede. Studente mag volgens universiteitsregulasies nie met die pers praat nie.

Die verskillende koshuise se inwoners is dié aand vir "noodvergaderings" bymekaar geroep waarop die rektor, Cas Crause, en die ondervoorsitter van die Studenteraad, Janette Maarschalk, die studente toegesprek het oor wat Crause 'n "lastige ou probleempie" genoem het.

Die "lastige probleempie" was die oopstelling, of eerder die toehou van die koshuise. 'n Referendum is op die plek gehou.

Van die koshuisstudente het aan Vrye Weekblad gesê dat hulle nie verbaas is dat 75 persent van dié studente vir die behoud van die status quo gestem het nie. Crause, wat dieselfde toespraak by elke koshuis afgesteek het, het die studente gewaarsku dat "alle geriewe oopgestel sal word en ons gaan geen beheer daarvoor hê nie".

Hy het ook die ou verdringing-spoek opgejaag deur te sê dat die koshuise reeds oorvol is. Van die manskoshuise ondervind egter al jare lank 'n probleem omdat hulle leegge-loop het. Dié probleem blyk nog nie iets van die verlede te wees nie.

Geen vrae of debat is oor die aangeleentheid toegelaat nie. Crause het gepraat en die mense moes onmiddellik daarna stem. Dit alles was in 'n kwessie van 'n halfuur afgehandel.

Die studenteraad, wat die referendums moes reël, het net 48 uur tyd gehad om dit te doen. Die koshuisvaders is nie eens in die saak geken nie. Van hulle is blykbaar baie ontsteld oor die "stoomroller-referendum". Net koshuisstudente is in die saak geken en geen ander studente is geraadpleeg nie.

Die RCBS is in Julie vanjaar gestig en die swart studente om die rassistiese koshuis-brandpunt só verenig.

"Dit is ons fundamentele reg om te kan woon waar ons studeer," sê Chris Landsberg, 'n woordvoerder van die RCBS.

Vrye Weekblad is bewus van 'n geheime vergadering wat in die eerste semester gehou is en wat deur die leiers in die manskoshuise, hul huisvaders, en die nuwe studentedekaan, Hennie Pieters, bygewoon en waar strategie beplan is hoe om die manskoshuise vol te hou. Dié vergadering wat deur die rektor bygewoon is, is deur 'n be-

kenderegsgesinde op kampus, Elco van der Colff saamgeroep.

Dit alles het uitgeloop op 'n massavergadering wat Woensdag deur die swart studente gehou is. Daár is besluit om 'n vreedsame protesoptog te hou.

Onder baniere wat vir die oopstel van die koshuise vra, het die swart studente rondom die groot groep feesvierende wit studente marsjeer. Talle wit studente en die voorsitter van die Unie van De-

mokratiese Universiteitspersoneelverenigings (UDUPV) aan RAU, Cherry Clayton, het ook by die optog aangesluit en in 'n verklaring hul steun aan die swart studente uitgespreek en die rassistiese koshuise ten sterkste afgekeur. Die optog het vreedzaam verloop.

*Die Raad van die Universiteit van die Oranje-Vrystaat het dié week in beginsel besluit om die beperking op die inwoning van swart studente in hul koshuise op te hef.



Leerlinge, onderwysers en ouers van die Johannesburg High School for Girls het Woensdagoggend 'n demonstrasie voor die skool gehou in 'n laaste poging om die openbare aandag te vestig op die lot van die skool, wat aan die einde van die jaar gesluit moet word tensy die regering instem om leerlinge van alle rasse daar toe te laat. 'n Afvaardiging van die skool se bestuursraad het gistermiddag samesprekings gevoer met die minister van Onderwys en Kultuur in die Volksraad, Piet Clase, om hom te probeer oorreed om die skool oop te stel.

Koinonia kry vredesprys

Anton Steenkamp

KOINONIA Suider-Afrika, 'n Christelike organisasie wat kontak tussen wit- en swartmense aanmoedig, is een van die drie organisasies wêreldwyd wat as vanjaar se ontvangers van die Beyond War-toekenning aangewys is.

Die ander ontvangers is die mense van 'n dorpie in Israel waar Jode en Palestyne in vrede saam woon en die Carter-sentrum in Georgia, USA.

Koinonia, wat deur ds Nico Smith gestig is om 'n beter verstandhouding tussen wit- en swartmense op 'n Christelike grondslag te bewerkstellig, reël onder meer ontmoetings waar witmense naweke in swart townships deurbing.

Die organisasie word deur die Beyond War-stigting vereer "omdat hulle die fondasie lê vir versoening tussen swart en wit".

Koinonia, met sy hoofkwartier in Pretoria, het takke in 14 stede en dorpe in Suid-Afrika.

Die mense van die dorpie Neve Shalom/Wahat al-Salam, tussen Tel Aviv en Jerusalem in Israel, word vereer vir hul "uitbeelding van samewerking te midde van een van die dreigendste konflikte ter wêreld".

Die derde ontvanger van die toekenning is die Carter-sentrum in Atlanta, Georgia, wat in 1982 deur Jimmy en Rosalynn Carter gestig is om mee te werk aan die oplos van konflikte en die bevordering van mense-rette, gesondheid en bewaring.

Kerk in beroering oor Marike se 'liefdelose uitsprake'

Jacques Pauw

'N YSLIKE herrie het in die spoggerige NG-gemeente van Welgemoed buite Kaapstad losgebars omdat 'n bruin leraar van die NG-Sendingkerk tydens 'n uitruilpreek glo lasterlikhede oor die staatspresidentvrou, Marike de Klerk, kwytgeraak het.

Beswaarde lidmate van die Welgemoed-gemeente, geestelike tuiste van talle voorste Afrikaners in Kaapstad, het die Sendingkerkklere, ds Nico Koopman van Atlantis, by die kerkraad aangekla oor sy preek vroeër vandeeweek waarin hy Marike de Klerk aangeval het oor liefdelose uitsprake wat sy sou gemaak het.

Die gemeente was in beroering ná Koopman se preek waarin hy verwys het na De Klerk se uitsprake dat "Kleurlinge" nie-mense is omdat die een soos 'n Chinees lyk, die ander soos 'n "bantoe", die volgende soos 'n witmens. De Klerk sou gesê het hulle het geen karakter of identiteit nie.

Koopman het aangehaal uit 'n uiters rassistiese toespraak wat De Klerk in 1983 voor 'n ouetehuis in Vereeniging gemaak het. Een van die bejaardes het haar stilte opgeneem en die band daarna aan die Konserwatiewe Party oorhandig.

Koopman is onder meer aangekla omdat hy die staatspresidentvrou sou beswadder het. Talle gemeentelide sê hy jok; De Klerk het dit nooit gesê nie. Een het selfs beweer dat dit eintlik Elize Botha was wat dit kwytgeraak het.

Daar is verlede week in die kerk afgekondig dat die dagbestuur van die kerkraad van Welgemoed ondersoek na Koopman se preek instel. Daar is vandeeweek naarsstiglik na 'n

transkripsie van die bandopname gesoek.

Die kerkraad het selfs 'n afskrif van die Wet op Bevolkingsregistrasie aangevra om presies vas te stel hoe "Kleurling" wetlik omskryf word.

Die Welgemoed-gemeente het 'n uitruil-skema met twee Sendingkerk-gemeentes in Atlantis waarvolgens leraars in mekaar se gemeentes preek en selfs nagmaal bedien. Die vrees bestaan nou dat dié skema weens die beswaardes se protes kan skipbreuk ly.

Koopman, leraar van die Wes-Fleur-gemeente in Atlantis, het vandeeweek gesê hy weier om enigiets in die preek terug te trek. "Wat kan ek nou sê? Ek moet mos die waarheid preek en uit die hart praat, anders is ek oneerlik en is daar geen nut in die uitruilskema nie."

Koopman het in sy preek gesê dat apartheid kerkeenhed vernietig en daartoe lei dat een ras hom hoër ag as die ander. Hierna het hy na De Klerk verwys: "Die nuwe staatspresidentvrou het einde verlede jaar gesê wanneer sy oor die sogenaamde Kleurlingbevolking praat, sy hierdie bevolking as nie-mens tipeer.

"Die een lyk soos 'n Chinees, die ander lyk soos 'n sogenaamde Bantoe, die ander een lyk soos 'n witmens. Hulle het geen karakter nie. Hulle het geen identiteit nie en al samebindende faktor wat hulle het, is die feit dat die meeste van hulle Afrikaanssprekend is, en die feit dat die meeste van hulle aan die NG Sendingkerk behoort," het Koopman vir De Klerk aangehaal.

Hy het gesê dit is juis sulke apartheid wat van geregtigheid in ons land 'n bespotting maak en tot bloedvergieting lei.

Vrye Weekblad verneem dat daar 'n yslike beroering ná die preek was. Sommige lidmate het gemeen dat Koopman hulle kaalkop die



Marike wif vir die skare (Foto: Eric Miller - Afrapix)

waarheid vertel het, ander dat hy die staatspresidentvrou belaster en beswadder het.

Die kerkraad is gewaarsku om nie met die ondersoek voort te gaan nie omdat dit die uitruilskema kan verongeluk, De Klerk se "goeie naam" verder in die gedrang bring en die saak in die ope uitbring.

Koopman se enigste fout met verwysing na De Klerk se uitsprake is die datum. Sy het dit natuurlik nie verlede jaar gesê nie, maar ses jaar gelede.

"Ek sal erken dat my datum verkeerd is, maar

ek trek niks oor die inhoud terug nie," het Koopman gesê.

Die leraar van die Welgemoed-gemeente, ds Chris Liebenberg, wou vandeeweek nie die klagtes of preek bespreek nie. Hy sê die goeie verhouding wat nou al vir jare tussen Welgemoed en Atlantis bestaan, duur voort en gaan in die toekoms uitgebou word.

"Die inisiatief vir die gesamentlike nagmaal kom uit ons kerkraad. Die hele kerkraad steun die inisiatief en daar is niks om verder te rapporteer nie," sê Liebenberg.

UDF-leier op hongerstaking

DIE UDF-leier Titus Mafolo, wat onlangs samesprekings met Margaret Thatcher en George Bush gevoer het, het verlede Vrydag met 'n eetstaking begin.

Mafolo, 'n lid van die uitvoerende bestuur van die UDF, sal na verwagting hierdie naweek na die Grootvlei-tronk net buite Bloemfontein oorgeplaas word waar voorsiening vir eetstakers gemaak is.

Mafolo is vroeër vandeeweek in hegtenis geneem kort nadat hy 'n toespraak oor onderhandeling in Johannesburg gemaak het.

Die Menseregte-kommissie sê in 'n verklaring dat daar vandeeweek 266 mense in aanhouding sonder verhoor is. Sedert die verkiesing op 6 September is 48 mense ingevolge die noodmaatreëls in hegtenis geneem.

Van die 48 mense is agt 17 jaar of jonger. Twee van die aangehoudendes is net veertien jaar oud. Altesame twaalf kinders word tans ingevolge die noodmaatreëls aangehou.

Sedert 12 Junie vanjaar is 69 mense uit aanhouding vrygelaat. Daarteenoor is 275 mense aangehou. In dieselfde tydperk is inperkmaatreëls op 656 mense geplaas. Intussen is maatreëls op elf mense opgehef.

AWB-voorbok voor weens moord op Untag-lid

EEN van die sewe witmense wat gister in die landdroshof in Otiwarongo verskyn het op aanklagte wat verband hou met 'n noodlottige aanval op 'n Untag-distrikskantoor, is die Johannesburgse AWB-lid, Leonard Veenendal.

Veenendal was die AWB-voorbok wat die swembad-protes by die Hillbrow-swembad vroeër vanjaar

Charles Leonard

probeer verongeluk het. As deel van die "Oop Johannesburg"-veldtog het mense van alle rasse, insluitend die nuwe DP-LP, Tony Leon, by dié swembad gaan swem het. Veenendal, wat opsigter van die swembad was, het die regte teenstand teen dié veldtog gelei.

Die 23-jarige Veenendal het daarna

uit Johannesburg verdwyn en is op 8 September by Rietfontein in die suide van Namibia saam met 'n ander Suid-Afrikaner en 'n Duitse burger in hegtenis geneem.

Van die verdagtes gaan voorkom op moordklagtes nadat David Hoaseb van Untag agt weke gelede in 'n outomatiese geweer- en handgranaataanval dood is.

Anton Steenkamp

OPENBARE geriewe in die meeste groter stede in Suid-Afrika is nou oop vir alle rasse ná die Johannesburgse Stadsraad se aankondiging dié week dat almal nou welkom is op die busse en in die swembaddens van die Goudstad, maar sommige strande is nog spierwit, en die breë demokratiese beweging is vas beslote om oral te gaan swem.

Dié beweging gaan môre nog 'n aanslag op die Kaap se wit strande loods nadat hulle die vorige keer deur polisiemanne met sambokke en honde uiteengejaag is.

Mense van alle rasse sal môre weer probeer om by Die Strand, en moontlik ook by Gordonsbaai, Melkbos en Bloubergstrand te gaan swem. Die hardhandige polisie-optrede wat die vorige poging gekenmerk het, is intussen deur ministers Barend du Plessis

In 'n swembad is almal nou welkom, maar nog nie in die see nie

en Pik Botha betreur.

Die administrateur van Kaapland, Kobus Meiring, het gister in antwoord op 'n vraag aan Vrye Weekblad gesê die "Slegs Blankes"-bordjies by die genoemde strande is opgerig in terme van bestaande wetgewing.

"Die nuwe staatspresident het egter onlangs aangedui dat die regering bereid is om alle wetgewing te heroorweeg wat welwillendheid tussen die mense van Suid-Afrika kan skaad, insluitende die Wet op Afsonderlike Geriewe," sê Meiring.

Hy het egter bygevoeg dat enige bespiegeling oor moontlike wysigings van die wetgewing, voortydig is.

'n Demonstrasie teen die afbakening vir blankes van Addington-strand in Durban het sonder enige voorvalle afgeloop, net 'n week nadat die mense in die Kaap hardhandig uiteengejaag en in hegtenis geneem is.

Addington- en Suidstrand in Durban is nog vir blankes gereserveer. Alle ander openbare geriewe, soos swembaddens en

openbare vervoer, is egter oop vir alle rasse.

Vandeeweek is aangekondig dat afsonderlike swembaddens, ontspanningsoorde en busdiensite in Johannesburg geskrap gaan word, soos reeds in Kaapstad die geval is.

In Port Elizabeth is swembaddens en busdiensite ook al lank oop vir mense van alle rasse. Koningstrand, waar eerw Allan Hendrickse in 1987 gaan swem en hom pres PW Botha se woede op die hals gehaal het, is onlangs oopgestel. Die strande by Hume-wood en Kaap Recife is egter nog vir blankes gereserveer, sê Koos Cilliers van die Stadsklerk se kantoor.

In die hoofstad, Pretoria, word swartmense nog nie op "blanke" busse toegelaat nie, en swembaddens en selfs sommige parke is vir hulle verbode terrein.

Swembaddens en busse in Bloemfontein is ook nog apart, maar parke is "nog al die jare" oop, sê Johan Redelinghuys van die stad se departement Parke en Ontspanning.

“Dit is ons doel om elke pos deel te maak van 'n nie-rassige loopbaan wat vir alle

Suid-Afrikaners slegs op grond van meriete oopstaan, en nie om 'n soort omgekeerde apartheid te skep nie.”

Gavin Relly, 17 Julie 1989.



Danksy deurlopende bevordering van nie-rassige onderwysgeriewe op sekondêre en tersiêre vlak,

bou ons loopbaanprogramme steeds momentum op.

So is 440, of een vyfde, van die vakleerlinge wat deur ons mynbou-assosiate ingeboek is byvoorbeeld swart.

Highveld Steel, wat in 1984 net een swart vakman in diens gehad het, het nou 118, en 31 van die 91 vakleerlinge wat verlede jaar as vakmanne gekwalifiseer het, was swart.

Daarbenewens verskaf die Korporasie tans die fondse vir beroepsgerigte studiebeurse aan 500 studente (waarvan 'n derde swart is) wat opgelei word vir middelbestuursposte in die tegniese, wetenskaplike en handelsrigtings.

Afgesien van enige regverdigheids-oorwegings was die kostedoeltreffendste manier om ons program te implementeer, die bevordering van die nie-rassige gebruik van onderriggeriewe op sekondêre en tersiêre vlak, en die verlening van enige spesiale bystand aan swart studente binne hierdie konteks.

Die stukrag van die Voorsitters-fonds, wat nou ongeveer R50 miljoen per jaar bedra, is reeds meer as 'n dekade lank op nie-rassige sekondêre en tersiêre onderwys toegespits.

Anglo American Corporation of South Africa. 

ANGLO AMERICAN CORPORATION

KLERCK & WHITE 'N SAATCHI & SAATCHI-AGENTSAP/17896

DR GERRIT VILJOEN word deur die NP se propagandamasjien as die De Klerk-regering se nuwe guru oor grondwetlike aangeleenthede aangeprys. Hy is glo bestem om te vermag wat Chris Heunis nie kon regkry nie.

Het ons enigsins rede om te verwag dat hy sal voldoen aan die hoë verwagtings wat nou skielik aan hom gestel word? Bestaan daar grond vir sodanige optimisme, of is dit bloot nog een van die publisiteitsfoefies waarmee die De Klerk-regering so desperaat sy eie "hervormingsbeeld" - ná die verkiesing - probeer bou?

Die Sunday Times het Viljoen onlangs as die NP se "one man think tank" beskryf. Dit sê nie veel vir die res van die NP nie! Is Gerrit Viljoen daardie soort "think tank" wat die NP se grondwetlike bankrotskap kan beëindig?


Wat grondwetlike aangeleenthede betref, het Viljoen nie juis 'n ongeskonde rekord nie. Op 6 April 1971 het hy op Robertson 'n vurige pleidooi gelewer dat die Kleurling- en Indiër-"volke" (sic) van 'n eie eksklusiewe "volksgebied" (sic) voorsien moet word, want "in die Suid-Afrikaanse ervaring (ken ons) geen voorbeelde van volwaardige volksbestaan in die sin van staatkundige outonomie sonder 'n territoriale grondslag daarvoor nie".

By dieselfde geleentheid het hy ook met idiomatiese welsprekendheid gepleit dat 'n spoorlyn - "desnoods deur die berge heen" - na die gekose eindbestemming (naamlik die volkerbeleid met eie volksgebiede) gebou moet word!

Op 22 September 1972 het hy in Durban die moontlikheid geopper dat daardie blankes "wat prys stel op die handhawing van eie identiteit en kultuur en die behoud van politieke selfbestuur" hulle eie blanke tuisland kan stig! (Ek het hom by die geleentheid daarvan beskuldig dat hy 'n oproep tot 'n tweede dorslandtrek maak en dat dit net so ramspoedig as die eerste sal eindig!)

In April 1980 het Viljoen die nou berugte Proklamasie AG8 in SWA/Namibia geproklameer wat niks anders as 'n gekamofleerde vorm

Gerrit Viljoen se skewe definisies van die werklikheid



Dr Gerrit Viljoen

van apartheid en etniese skeiding was nie.

Dit is natuurlik Viljoen se goeie reg om soos baie ander mense (ek inklusief) sy opvattinge te verander. Hy onderskryf klaarblyklik nie meer sy uiters verregse opvattinge van weleer nie.

Maar wat my oor die jare geïnteresseer het, is sy uiters dogmatiese manier van dink en argumenteer. Aan die begin van die sewentigerjare het ek op verskeie vlakke 'n persoonlike oordosis daarvan gehad en sedertdien het dit steeds my belangstelling geprikkel.

'n Baie opvallende kenmerk van Viljoen se manier van doen, is die dogmatiese wyse waarop hy daarop aanspraak maak dat sy benaderings altyd realisties is en 'n werklikheidsgetroue benadering teen-

woordig.

Maar eienaardig genoeg voer hy nooit argumente aan van hoe hy in sy soektoeg na sy "werklikheid" te werk gegaan het nie en gee meestal ook nie 'n historiese verantwoording daarvan nie. In stede van die werklikheid te soek, gaan hy baie dogmaties te werk in die wyse waarop hy sy "werklikheid" definieer en dit dan proklameer as die ware (of enigste) "werklikheid".

'n Sorgvuldige ontleding van sy gedefinieerde "werklikhede" toon dat sy "werklikhede" in die sewentigerjare eng uit die oogpunt van die Afrikaner en sy gevestigde belange gedefinieer is en dat hy dit in die tagtigerjare (ietwat breër maar steeds eng) uit die oogpunt van die blankes en hulle gevestigde belange definieer.

Viljoen maak hom skuldig aan die tipiese Afrikaner-neiging tot ideologiese ontvlugtingsdenke. Hy skep vir homself 'n "orde" in die ryk van idees en vergis hom dan dat dié "orde" die werklikheid is!

'n Mooi voorbeeld van hoe hy sy "werklikheid" definieer en proklameer het geblyk in sy onlangse TV-debat met Zach de Beer. Hy het daardie aand beweer dat net die NP 'n realistiese (sic) beleid het.

Volgens Viljoen is die DP-beleid onrealisties want dit beklemtoon net die gesamentlikheid van belange tussen die groepe in Suid-Afrika. (Hy hou nie eens rekening met die

feit dat die DP nie 'n groepsbenadering het nie.) Die KP-beleid is volgens hom ook onrealisties want dit beklemtoon net die afsonderlikheid van groepsbelange. Die NP het volgens hom die enigste realistiese beleid want die beklemtoon sowel die gesamentlikheid as die afsonderlikheid van groepsbelange.

Arme Viljoen! Indien hy genoeg van ekonomie en demografie geweet het, sou hy besef het dat realisme vereis dat al 37 miljoen mense in Suid-Afrika se gesamentlike lotsbestemming meer as tagtig persent van die Suid-Afrikaanse werklikheid van die toekoms verteenwoordig en dat daar met afsonderlike groepsbelange net verdere konflik in die Suid-Afrikaanse politieke stelsel ingebou word.

Maar dit pas klaarblyklik nie 'n man soos Gerrit Viljoen se "blanke oog" om dié werklikheid só realisties onder oë te neem nie!

Viljoen is waarskynlik 'n klassikus van formaat. Maar om 'n klassikus van formaat te wees, wil nog eensins sê dat mens ook 'n sosiale wetenskaplike en 'n politikus van formaat is en geskik is om manne alleen 'n "think tank" vir die idee- en rigtinglose NP te beman nie.

Oor die volgende uitsprake van Viljoen sal ek maar liever swyg want dit is te werklikheidsvreemd om waar te wees.

"In die toekomstige grondwetlike bestel (volgens die NP se vyfjaar-



SAMPIE TERREBLANCHE is skepties oor die nuwe minister van Staatkundige Ontwikkeling oor wie so baie mense opgewonde is. Het hy dit regtig in hom om 'n Groot Indaba op dreef te kry?

plan) sal daar nie koppe getel word nie, maar groepe."

"Rasseklassifikasie, woonbuurt-skeiding en afsonderlike geriewe sal nie geskraap word nie, maar vervang word met reëlins wat aanvaarbaar is en geskik is om minderhede te beskerm." (Is dit die groot belange van die blanke minderheid wat beskerm moet word totdat die perde horings kry?)

"Die regering is nie voornemens om apartheid af te skaf nie, maar wil dit tot 'n minimum beperk."

Sela!

As Viljoen dink hy gaan 'n Groot Indaba met dié soort apartheidretoriek op dreef kry, kan hy dit maar op sy magie skryf en met sy hempie doodveeg.

Suid-Afrika se leiers (4): Moses Mayekiso

Anton Steenkamp

MOSES MAYEKISO, hoofsekretaris van die National Union of Metalworkers of South Africa (Numsa), is op 21 Oktober 1948 in die Cala-distrik van die Transkei gebore.

Sy pa het op die myne in Johannesburg gewerk, en Moses het hom min te siene gekry.

Hy het sy skoolopleiding op Bumbana begin, en is toe na die Matanzima High School in Umtata.

Hy het vakansietye in Kaapstad gaan werk om die skoolfonds te kan betaal.

Voordat hy matriek kon behaal, moes hy gaan werk - op die myne in Johannesburg, soos sy pa en sy oupa.

Hy het in 1973 in Alexandra gaan woon, en later werk gekry as 'n algemene arbeider op 'n bouverseel. In 1975 is hy met sy vrou, Elizabeth, getroud.

In 1976 het hy by die Toyota-fabriek begin werk, waar hy by die Metal and Allied Workers Union (Mawu) aangesluit het.

Mayekiso het gou betrokke geraak in vakbond-aktiwiteite en werkers in die fabriek

begin organiseer.

Sy eerste leiersposisie in die vakbond was as "shop steward" by die Toyota-fabriek.

Nadat hy in 1979 'n algemene staking gereël het, is Mayekiso saam met talle werkers afgedank. Hy het toe as 'n vrywilliger vir Mawu begin werk in Wadeville aan die Oos-Rand.

Hy het later Transvaalse streeksekretaris van Mawu geword en die strukture van die organisasie help opbou.

In Mei 1987 het Mawu met 'n ander faksie in die metaalbedryf saamgesmelt om Numsa te vorm.

Intussen het Mayekiso betrokke geraak by die gemeenskapstrukture in Alexandra, veral in die Alexandra Action Committee wat in Februarie 1986 gestig is, om die inwoners se lewenstandaard te verbeter.

Op 28 Junie 1986, toe hy terugkeer van 'n vakbondbesoek aan Swede, is Mayekiso op Jan Smuts-lughawe in hegtenis geneem en maande lank onder die Wet op Binnelandse Veiligheid aangehou voordat hy uiteindelik op 13 April 1987 van hoogverraad aangekla is.

Mayekiso en sy vier mede-beskuldigdes is daarvan aangekla dat hulle deur hul aktiwiteite in die AAC en straatkomitees die staat wou omverwerp.

Al vyf is uiteindelik op 24 April 1989 onskuldig bevind.

Mayekiso het na die uitspraak gesê hy sal nog steeds aanhou werk vir demokrasie en nie-rassigheid.



Onderwysers
Benodig vir indringende voorbereidingskursusse vir St 10
 Private, voltydse kolleges naby Kemptonpark en Mamelodi

Wiskunde
Natuur- en Skeikunde
Afrikaans
Engels (deeltyds)
Minimum-kwalifikasie: Graad of 4-jaar diploma

Kemptonpark:
 Skakel H Bertelsmann by
 (011) 975-2064 of 970-1766 (w) of 616-1795 (h)

Mamelodi:
 Skakel Brenda Page (012) 803-7244 (w)
 of 466-780 (h)

1. HOE OM 'N HUIS TE KOOP EN GELD DAARUIT TE MAAK

2. NEDGROEI DIE EERSTE HUISLENING WAT AAN 'N EFFEKTE-TRUST GEKOPPEL IS

3. (HOEKOM HET NIE-MAND VANTEVORE DAAR-AAN GEDINK NIE?)

HUISKOOP IS NIE 'N MANIER OM GOU GELD TE MAAK NIE. MAAR MET NEDGROEI IS DIT 'N ANDER SAAK OP LANG TERMYN, WANT NEDGROEI BIED 'N UNIEKE GELEENTHEID OM TWEE INFLASIE-VLIEË MET EEN KLAP TE SLAAN — 'N KANS WAT GEEN ANDER BANK OF BOUVERENIGING JOU GEE NIE.

NEDGROEI STEL JOU IN STAAT OM 'N AANSIENLIKE EFFEKTE-TRUST-PORTEFEULJE OP TE BOU TERWYL JY JOU HUISLENING AFBETAAL. WANT ANDERS AS DIE GEWONE HUISVERBAND — WAT GEREELDE MAANDELIKSE TERUGBETALINGS IN EEN REKENING VEREIS — BEHEL NEDGROEI TWEE AFSONDERLIKE REKENINGS.

DIE EERSTE GEBRUIK DEEL VAN JOU TERUGBETALINGS OM DIE RENTE OP JOU LENING TE DELG. DIE TWEEDE REKENING IS JOU BELEGGING IN DIE UAL-EFFEKTE-TRUST. (VIR DIE 12-JAARTYDPERK GEËINDIG 30 JUNIE 1989 HET 'N BELEGGING IN UAL-EFFEKTE-TRUST, WAARVAN DIE INKOMSTE HERBELÊ IS, 'N SAAMGESTELDE JAARLIKSE OPBRENGS VAN 28,15% GETOON*.)

DUS, AS JY NOU 'N NEDGROEI-HUISLENING VAN R100 000 OOR 25 JAAR AANGAAN, KAN JY AAN DIE EINDE VAN DIE TYDPERK NIE NET DIE OORSPRONKLIKE LENING AFBETAAL NIE, MAAR OOK 'N KAPITAALBELEGGING VAN R728 000 OPBOU (GEGROND OP 'N JAARLIKSE SAAMGESTELDE GROEIKOERS VAN 20%).

DIS SO EENVOUDIG. NEDGROEI ... EENVOUDIG 'N BETER HUISLENING.

ONDERAANDELEWAARDES SKOMMEL IN VERHOUDING TOT DIE MARKWAARDES VAN DIE ONDERLIGGENDE EFFEKTE. DIE VERKOOPPRYS SLUIT 'N MAKSIMUM AANVANGSKOSTE VAN 5% PLUS VERPLIGTE KOSTE IN. DIENSKOSTE VAN 0,5% PJ VAN DIE TRUST SE MARKWAARDE WORD VAN DIE INKOMSTE AFGETREK. DIE BESTUURSMATSKAPPY ONDERNEEM OM DIE ONDERAANDELE TEEN DIE HEERSENDE PRYS TERUG TE KOOP. GEEN VOORSIENING VIR DIE AMORTISASIE VAN BESTAANDE EFFEKTE WORD NODIG GEAG NIE.

*BRON: UNIVERSITEIT VAN PRETORIA, NAGRAADSE BESTUURSKOOL, EFFEKTE-TRUSTOPNAME.

Zuplectes orix orix (Linnaeus), 1758. Rooivink.

 **NEDBANK-NEDGROEI**

As jy ernstig is oor 'n beter huislening

Geheime verhaal van die SAW en die MNR



Foto: Andrea Vinassa
Roland Hunter (31), vrygelaat uit die paradoksale paradys

TOE Roland Hunter op 13 Desember 1983 in hegtenis geneem is, het hy net ses dae van sy Nasionale Diensplig oorgehad voordat hy sou uitklaar.

Gedurende sy twee jaar as 'n klerk by die Hoof van Staf: Inligting van die Suid-Afrikaanse Weermag, het Hunter aansienlike dokumentêre bewyse van die SAW se geldelike en militêre steun aan die Mosambiekse terrorisiebeweging, die MNR, versamel.

Hy het die dokumente aan Derek Hanekom en sy vrou, Trish, op hul plaas in die Magaliesberg oorhandig, vanwaar dit na bewering aan die ANC gestuur is. Die Hanekoms is twee dae ná Hunter in hegtenis geneem.

Al drie is weens hoogverraad aangekla, maar dié klag is laat vaar toe dit geblyk het dat hoogs sensitiewe militêre inligting in die hof openbaar gemaak sou word.

Onder die dokumente wat as bewysstukke op die klagstaat weergegee word, is binnelands buitelandse intelligensieverlae, roetkaarte, afskrifte van vliegkaartjies en paspoorte, 'n visum-aansoek, betaallyste en 'n foto van lede van die Direkoraat Spesiale Opdragte

Roland Hunter is dié week vrygelaat nadat hy vyf jaar gevangenisstraf weens 'n oortreding van die Verdedigingswet uitgedien het. ANDREA VINASSA het met hom gesels oor sy tronkervaring, maar hy het geweier om te praat oor die weermag se bedrywighede wat hy oopgeplek het. ANTON STEENKAMP het met Derek Hanekom, Hunter se medebeskuldigde wat nou in Harare woon, gepraat en gee die bizarre agtergrond weer wat tot hul vonnis gelei het.

en ander persone by 'n "spesiale taakbasis" in April 1982.

Die Prokureur-Generaal van die Transvaal, Don Brunette, het eers gevra dat besonderhede van die klagstaat nie bekend gemaak mag word nie en regter DJ Curlewis het beslis dat die hele verhoor in camera moet geskied.

Nadat die saak vier maal uitgestel is, het die beskuldigdes se advokaat, Ernie Wentzel, SC, samesprekings gevoer met die PG en indirek met verskeie kabinetsministers - onder meer genl. Magnus Malan, Kobie Coetsee en Pik Botha, volgens Hanekom.

Die hoogverraadslag is toe laat vaar en Hunter is uiteindelik onder 'n mindere oortreding van art 118(4) van die Verdedigingswet, wat die oordra van inligting aan ongemagtigde persone verbied, skuldig bevind en die maksimum vonnis van vyf jaar opgelê.

Derek Hanekom, 'n oudleerling van die Hoërskool Jan van Riebeeck, is skuldig bevind weens oortredings van die Wet op Binnelandse Veiligheid en die Wet op Publikasies en tot twee jaar gevangenisstraf gevonniss.

Sy vrou, Trish, is onder

dieselfde artikels skuldig bevind en tot 38 maande gevangenisstraf gevonniss.

Hanekom het in Harare aan Vrye Weekblad vertel van die besonderhede in die dokumente wat Hunter na bewering in die kantore van die Direkoraat: Spesiale Opdragte van die SAW se intelligensiediens bekom het.

Die dokumente het bewyse weergegee van gereelde betalings en oorhandigings van wapens, onder meer AK47-gewere, aan die MNR in Mosambiek, sê Hanekom. Onder die mense wat glo namens die SAW deur Hunter betaal is, was die MNR-leier, Alfonso Dhlakama.

Weermagoffisiere wat in die dokumente genoem word en glo gereelde kontak met MNR-ampsdraers gehad het, is kol Cornelius van Niekerk, 'n maj Keyser en 'n sers-maj De Bruyn.

Volgens Hanekom het Van Niekerk aan die hoof gestaan van Operasie Mila, die kode-naam vir die SAW se steunprogram aan die MNR.

In Augustus 1985 is die Gorongosa-dokumente by Casa Banana in Mosambiek deur Frelimo- en Zimbabwiese magte buitgemaak. In dié dokumente van die MNR word Van Niekerk, sowel as luitgenl Kat Liebenberg (nou Hoof van die Leër) en 'n brig Van Tonder ook genoem.

Volgens Hanekom is MNR-soldate by "plase" in die Noord- en Oos-Transvaal opgelei, asook by 5 Verkenningeregimente se basis op Phalaborwa.

Constantino Reis, 'n voormalige MNR-lid, het in Desember 1984 vertel dat hy vir die "Voice of Free Africa", wat anti-Frelimo-propaganda uitgesaai het, in Suid-Afrika gewerk het en dat Hunter elke maand sy salaris uit 'n SAW-fonds betaal het.

Reis het op 'n kleinhoeve by Cullinan noord van Pretoria gewoon saam met die sekretaris-generaal van die MNR, Orlando Cristina, en ander omroepers van "Voice of Free Africa".

Cristina is op 21 April 1983 op dié kleinhoeve vermoor, skynbaar deur 'n strydende faksie binne die MNR, en hy is as sekretaris-generaal opgevolg deur Evo Fernandes, wat volgens bronne in Maputo deur Van Niekerk self aangewys is.

Hanekom het aan Vrye Weekblad gesê dat Hunter ook bandopnames afgelewer het wat deur "Voice of Free Africa" uitgesaai is. Die uitsendings is gestaak nadat die Nkomati-verdrag in Maart 1984 gesluit is.

Volgens Hanekom het die SAW hoofsaaklik die MNR in Mosambiek en Unita in Angola gesteun, maar ook op kleiner skaal hulp verleen aan die Lesotho Liberation Army en afvalliges in Zimbabwe wat teen pres Mugabe gekant was.

Die gewete wil die oë nie laat rus nie

"Freedom is not knowing where to stop. It is a gargantuan appetite; it is a need to burn clean, with whatever is spicy and hot, the taste of dullness which has encrusted your memory and your appetite... All my friends are dead because they are still alive, locked in the cleanliness of asexual and dehumanised space. And I, I'm outside alive in the deadness of my surroundings. I'm the Lazarus. I came back from that paradoxical paradise and have no life left." - Breyten Breytenbach na sewe jaar in die tronk.

ROLAND HUNTER is die man wat vertrek het op 'n roetine-werkie vir die weermag en ses jaar later teruggekeer het. Terug van die paradoksale paradys wat Breytenbach beskryf het.

Maar ons ken nie vir Roland as 'n sentimentele man nie en hy sal nie met Breytenbeeldspraak sy tronk-ervaringe beskryf nie. Pragmaties, doelgerig, prakties, skamerig, sonder emosionele fieterjasies... só ken ons hom.

Op 13 Desember 1983, 40 kilometer noord van Pretoria, moes Roland stilhou omdat drie motors die grondpad versper het. Een van die insittendes het gevra of hulle sy identiteitsdokument kon sien

en hom meedeel dat hulle hom in aanhouding neem weens beweerde spioenasie vir die ANC. 'n Woede het hom oorval. 'n Woede wat 'n lang tyd sou duur.

Voor dié voorval het die vrees dat hulle hom sou vang hom nooit verlaat nie. "Ek was doodbang hulle sou my vang." Hy kon net hoop dat hulle hom nie sou vang nie. In aanhouding het hy nog gehoop hulle sou hom nie vervolg nie, weens die sensitiviteit van die saak.

Toe hulle hom meedeel dat hy weens hoogverraad aangekla word, het hy gedink... "Hier gaan ons."

Vanaf die oomblik van aanhouding het 'n senu-agtigheid hom beetgepak - "n soort senu-agtigheid wat jou van binne opskeur en maande lank voortduur." Deur die verhoor en later toe hy by die ander wit, manlike, politieke gevangenes in D-seksie van Pretoria-sekerheidsgevangenis aangesluit het.

Roland onderskei tussen sy tronkstraf en dié van gewetensbeswaardes wat tronk toe gaan om 'n "statement" te maak: "Spioene maak nie 'statements' nie. Ek het dit nie gedoen met die doel om tronk toe te gaan nie. Ek sou in daardie stadium eerder die land verlaat het as om tronk toe te gaan."

Die hele affêre het per

ongeluk gebeur. "Ek was nie van plan om by militêre intelligensie betrokke te raak nie. Ek is soontoe oorgeplaas.

"Ek het bloot as 'n sleepnet opgetree vir die inligting wat my kant toe gekom het."

Daar was geen sprake dat sy gewete hom sou toelaat om sy oë toe te maak nie. "Dit sou krimineel gewees het om weg te loop en niks te doen nie."

In die afgelope ses jaar het ons hier buite aan ons loopbane gewerskaf, ons het liefdesverhoudings gehad, ons was ook soms bang dat hulle ons gaan vang. Ons het grootgeword.

Hy het ook grootgeword. "Dit het 'n groot verskil aan my gemaak, omdat ek sterk en toegewyde mense ontmoet het. Maar niks is maklik aan tronk toe gaan nie. Die kumulatiewe uitwerking van die daaglikse spanning moet nie onderskat word nie."

Dié mense wat 'n verskil aan sy lewe gemaak het, die vriende wat hy met 'n swaar hart agterlaat en wat nog soveel langer daar moet bly, het name soos Carl Niehaus, Rob Adam, Steve Marais, Eric Pelsler en Dieter Gerhardt.

Die vreemde ding is dat dié gevangenes enige tyd hulle goed kan vat en loop. Elke ses maande kry hulle 'n aanbod van die Staatspresident: hulle hoef net 'n dokument te

onderteken waarin hulle geweld afsweer. Dis al. Mandela het dié aanbod van die hand gewys en só ook tientalle ander. Enkeles het die aanbod aanvaar, maar vir die toegewydes is dit 'n belediging.

"Dis nie maklik daarbinne nie, en hulle het ekstra druk op ons geplaas met dié aanbod. Ons waardeer die ondersteuning van die gemeenskap in ons besluit om nie die dokument te onderteken nie. Maar dat mense - wat vyftien jaar of langer moet sit - dit nie aanvaar nie, is 'n aanduiding van hul toewyding."

Roland som die tronk-ervaring in een woord op: "Frustrasie." Frustrasie wat elke dimensie van die lewe beïnvloed.

Dit is moeilik vir klein groepies mense om lang tydperke in afsondering saam te woon. Wit en swart vroue en wit mans word veral deur die rasse-skeiding benadeel, omdat hulle so min is. Politieke gevangenes wil nie net uit beginsel aan rasse-skeiding onderwerp word nie. Dit sou 'n groot verskil aan hul daaglikse lewens maak as hulle 'n wisselwerking met meer mense kon hê.

Roland beskryf die klein groepie wit manlike gevangenes waarvan hy deel was as "commune living with the doors locked." Hy vertel van

die "locker-room-mentaliteit" wat onder mans ontstaan.


"Dit is 'n groot verlies om geen vroulike geselskap te hê nie. Dit is nie net 'n kwessie van seksualiteit nie."

Die politieke situasie in die "buitewêreld" is druk tussen hom en sy ses makkers bespreek. Inligting oor die politieke ontwikkelinge is uit gesensureerde koerante geraap - die Weekly Mail, maar nie Vrye Weekblad nie. Die frustrerendste aspek van dié "voorreg" om koerante te lees, was die feit dat sensuur nie konsekwent toegepas is nie en dat gedeeltes van vervolgstukke soms nie by hulle uitgekom het nie.

"Die grootste verskil tussen nou en toe is die heersende noodtoestand. Meer onlangs het ons opgewonde geraak oor die versetveldtogte en die opmars. Maar ek is nie onmiddellik optimisties oor onderhandelinge nie - dis 'n woord wat baie betekenis aanneem.

"Omring deur die beton en die staal waar alles so solied lyk, is 'n mens nie geneig tot optimisme nie. Ek sien die situasie nog in die langtermyn. Ek sien dit nie vinnig ten einde loop nie."

Maar vroeër die môre onthou jy het hy gesê: "Ek is nie sinies in die sin dat niks gedoen kan word nie. Far from it."



NUWE AANKOPE: TSONGA/SHANGAAN & LEBOWA

ons koop van die oorspronklike bronne en kan bewys dat alle stukke outentiek is

african magic

spesialiste in Suider-Afrikaanse stamkunsvoorwerpe en volkskuns
rockeystraat 20, bellevue, johannesburg 011 648-4548
9a milkwoodsentrum, plettenbergbaai 04457 32-908

Kralowerk, mandjies, hout
en instruments



Ons familie hard- loop graag daai ekstra kilometer vir jou.

Wáár jy ookal aansluit by die Perm, jy's dadelik 'n welkome lid van 'n groot bedagsame familie.

En dis gerusstellend om te weet jy kan gesels met mense wat jou altyd die slimste wenke gee.

Vra ons oor:

- Daardie nuwe huis wat jy in die oog het.
- 'n Huislening – klein of groot.
- Geld vir aanbou of verbeterings.
- Banksake papiervry binne of buite die Perm. 24 uur 'n

dag, 7 dae 'n week. En ons verwelkom alle kaarte in die Saswitch-net.

- Maklikspaarplanne.
 - Hoë rentekoerse.
 - Nuwe Voorsprongbeleggings.
- En nog baie meer.

Jy's geregtig op al dié pluspunte. Want as lid van ons familie weet jy, jy is die Perm.



Afdeling van NedPerm Bank Beperk Geregistreeerde Bank Reg No 51/00009/06

“Jy is die Perm”

'N YSLIKE konfrontasie dreig tussen staatspresident FW de Klerk en die Staatsveiligheidsraad (SVR) nadat die nuwe staatshoof die groep sekurokrate wat Suid-Afrika die afgelope dekade met 'n web van veiligheidskomitees, sekretariate, rade en sentrums beheer het, opsy geskuif het.

De Klerk het volgens aanduidings reeds begin om die magte van die Staatsveiligheidsraad en die Nasionale Bestuurstelsel (NBS) in te kort. In die Botha-era is deurslaggewende besluite deur sekurokrate binne hierdie twee liggame geneem.

Voorneme

De Klerk se besluit om die pos van adjunk-minister van Wet en Orde, dié persoon wat die Bestuurstelsel administreer en as voorsitter van die Gesamentlike Bestuursentrums optree, af te skaf, is 'n duidelike aanduiding van sy voorneme om die invloed van die sekurokrate aan bande te lê, sê Mark Phillips, navorser van die Sentrum vir Beleidstudies aan Wits.

Die feit dat die pos van minister van Inligting ook' verval, is net so insiggewend, sê Phillips. Die Buro vir Inligting is beskou as onder meer die propaganda-arm van die Staatsveiligheidsraad.

Reeds vóór De Klerk se verkiesing as Staatspresident het hy teen die wense van Botha en die veiligheidsgemeenskap opgetree toe hy vir pres Kenneth Kaunda van Zambië ontmoet het, sê Phillips.

Strategie

Die Nasionale Bestuurstelsel was 'n dekade lank Botha se resep om sy minderheidsmag te vestig en selfs te versterk deur 'n "totale strategie" van dwang, verdrukking en manipulasie aan die een kant, en 'n stryd om die "hearts en minds" te wen van mense aan die ander kant.

De Klerk is reeds besig om die volle mag aan die Kabinet terug te besorg en die ministers wat nie sitting op die Staatsveiligheidsraad het nie, meer inspraak in besluitneming te gee.

In die proses gaan bekende sekurokrate soos Magnus Malan, minister van Verdediging, en Adriaan Vlok, minister van Wet en Orde, van 'n belangrike deel van hul magsbasis gestroop word, sê Phillips.

Staatsgreep

Sekurokrate wat onder die PW Botha-era baie belangrike magsposisies beklee het en in die woorde van Phillips 'n "stille staatsgreep" uitgevoer het, gaan regstreekse inspraak in regeringsbeleid onder De Klerk verloor, sê Phillips.

Die hoof van die Nasionale Intelligensiediens (NID), dr Niel Barnard, het in die Botha-era 'n magtige en baie belangrike vertroueling van die Staatspresident geword.

Die gesiglose Barnard, wat nooit gesien of gehoor word nie, het Botha met tye daaglikse besoek om verslag oor die veiligheidsituasie te doen. Barnard en die NID se hand was baie duidelik te bespeur in die toespraak wat PW Botha met sy bedanking oor die omvang van ANC-bedrywighede in Zambië gehou het.

Botha-era

"In die Botha-era het dit soms gelyk of die gewone siviele regering en die Parlement 'n blote fasade geword het. Burkokrate het buitengewone magsposisies ingeneem en die kongresse en koukus van die Nasionale Party, wat tradisioneel beleid formuleer en goedkeur, het geen mag meer gehad nie," sê Phillips.

Hy sê dat Botha in sy laaste jare nie eens die moeite gedoen het om koukusvergaderings by te woon nie. Hy het selfs aan van sy kabinetslede gesê dat daar dinge is wat hulle nie verstaan nie en geweier om besonderhede te verstrek.

In die Botha-era was die magtig-

Sekurokrate se magstol amper afgerol

Die Staatsveiligheidsraad en die Nasionale Bestuurstelsels het in die PW Botha-era 'n "skadu- en gesigslose" regering geword. Sekurokrate het buitengewone magte verkry en 'n yslike veiligheidsnetwerk oor Suid-Afrika gespan. Dit lyk egter of die sekurokrate met die nuwe bewind van FW de Klerk nie so 'n belangrike rol in beleidsake gaan speel nie en dat die Staatspresident mag aan die politici en Kabinet gaan teruggee. JACQUES PAUW doen verslag

ste ministers dan ook dié wat op die Staatsveiligheidsraad gedien het: Pik Botha (Buitelandse Sake), Magnus Malan (Verdediging), Adriaan Vlok (Wet en Orde), Kobie Coetzee (Justisie), Barend du Plessis (Finansies) en Chris Heunis (Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning).

Onder beheer van Botha het die Staatsveiligheidsraad van die belangrikste besluite geneem, soos invalle in buurlande, die afkondiging van die noodmaatreëls en verbanning van organisasies.

Cosatu

Dit was in die Staatsveiligheidsraad waar die besluit byvoorbeeld geneem is om UDF- en Cosatu-leierskap "selektief te verwyder" en verskillende in dié organisasies se geleedere vir eie gewin uit te buit.

In Oktober 1986 het die Staatsveiligheidsraad ook die sogenaamde "drie-fase-benadering" om onrus te beheer en lam te lê, aanvaar. Die eerste fase behels 'n terugkeer na 'n staat van wet en orde, die tweede 'n verbetering van sosio-ekonomiese omstandighede om redes vir onrus te probeer uitskakel en die derde staatkundige hervormings.

Die Nasionale Bestuurstelsel het onder Botha bykans elke faset van die gewone lewe binnegespyel om te beheer, te verdeel en te onderdruk: skole, hospitale, behuising en vele meer.

Met sy verkiesing as Staatspresident het De Klerk ook gelyktydig voorsitter van die Staatsveiligheidsraad en die NID geword. Die moontlikheid van 'n "sekurokrateiese staatsgreep" is nou uit die weg geruim, sê Phillips.

Belangrik



James Selfe, genomineerde lid van die Staatspresidentsraad vir die Demokratiese Party en kenner van die Bestuurstelsel, glo dat die agtergrond waaruit De Klerk kom, baie belangrik is.

Botha kom uit 'n agtergrond van sekurokrate. Hy was lank minister van Verdediging, was behep met die totale aanslag en die Marxistiese invloed in swart bewussynsbewegings en van sy belangrikste vertrouelinge was almal sekurokrate.

De Klerk het gegroei uit die partytjantje en sal daarom na die partyteruggaan vir die formulering en goedkeuring van breë beleid. Botha se isolasie van sy koukus en selfs kabinet het op dié ou end tot sy ondergang gelei.

"Daar is verskeie veranderinge wat FW de Klerk wil aanbring, soos die afskaffing van die noodtoestand, wat hom in konflik met die sekurokrate gaan bring.

Die tyd sal leer in watter mate hy hulle van hul mag gestroop het," sê Phillips.



Wie is die gesigloses?

HULLE is sonder adres of gesig. Hulle het elke vlak van die Suid-Afrikaanse samelewing binnegedring en 'n netwerk van onderdrukking, dwang en manipulasie oor Suid-Afrika gespan. Hulle neem ook van die belangrikste besluite wat elke persoon in Suid-Afrika raak.

Dit is die Staatsveiligheidsraad en die Nasionale Bestuurstelsel (NBS) wat die afgelope tien jaar buitengewone mag onder PW Botha gekry het. Dit is hier waar Suid-Afrika se sekurokrate groot dele van die beleid van die regering formuleer.

Die NBS funksioneer op nege verskillende vlakke. Heel bo is die volle Kabinet, amptelik die beleidmakende liggaam oor sekuriteit. Net onder die Kabinet funksioneer die Staatsveiligheidsraad met die Staatspresident as voorsitter. Ander lede is die ministers van Buitelandse Sake, Verdediging, Wet en Orde, Justisie, Staatkundige Ontwikkeling, hoofde van dié departemente en die hoof van die Nasionale Intelligensiediens (NID).

Die Staatsveiligheidsraad vergader elke Maandag net voor die Kabinetsitting op 'n Dinsdag. Die

Staatsveiligheidsraad word in die Marksgebou in Kaapstad gehuisves en die Nasionale Bestuurstelsel in Byronplace in Pretoria. By nie een van die geboue is daar 'n aanduiding van hulle bestaan nie.

'n Werkskomitee met die adjunkminister van Wet en Orde as voorsitter moet toesien dat die besluite van die Raad uitgevoer word. Die sekretariaat van die Raad bestaan uit sowat 80 amptenare van hoofsaaklik die weermag, polisie en NID.

Dertien inter-departementele komitees dien as skakel tussen die sekretariaat en verskillende staatsdepartemente.

Elf Gesamentlike Bestuurstelsels koördineer sekuriteitsinsameling in verskillende dele van die land. Hulle word weer ingedeel in 60 sub-stelsels en 360 mini-stelsels, elkeen met 'n komitee vir veiligheid, kommunikasie, staatkundig, ekonomies en maatskaplik.

Die Bestuurstelsel het ook in die verskillende gemeenskappe skakelforums wat kommunikeer met onder meer kerke, jeug groepe, handelaars, sportklubs, joernaliste, shebeens, kulturele groepe, gematigde poli-

tieke organisasies en onderwysers.

Deur hierdie netwerk van komitee's, rade en sekretariate word 'n magdom inligting daagliks ingesamel en geëvalueer.

In baie townships waar die plaaslike stadsrade nie meer kon regeer nie, het die Bestuurstelsels hul rol oorgeneem.

Volgens die stelsel word gemeenskappe in drie afdelings verdeel: onregeerbaar, stabiel en normaal. 'n Hele reeks voorskrifte bestaan oor hoe 'n onregeerbare gemeenskap stabiel gemaak kan word.

Enigiets wat die stabiliteit in 'n townships bedreig, word deur die Bestuurstelsels hanteer. Opdragte word van hier af aan verskillende owerheidsinstansies en departemente deurgegee oor die opheffing van sekere gemeenskappe om hul meer stabiel te maak.

Die Staatsveiligheidsraad het enkele jare gelede die sogenaamde WHAM-strategie (Winning hearts and minds) ontwerp.

Hiervolgens is aanvaar dat sosio-ekonomiese omstandighede só verbeter moet word dat dit "opstokery" deur "radikale" elemente kan uitskakel.

Ope brief aan Sam Nujoma

Twee vroue-aktiviste wat in Swapo-kampe aangehou is, het dié week 'n brief by die leier van Swapo, Sam Nujoma, se kantoor laat aflewer.

Afskrifte is aan dertien plaaslike en internasionale organisasies gestuur, insluitend die VV se spesiale gesant, Martti Ahtisaari, en die sekretaris-generaal van die VV, dr Perez de Cuellar.

Hier volg uittreksels uit die brief:

Mnr Nujoma

Verraad

Ons is twee van die Namibiaanse dogters wat ons land vrywilliglik verlaat het om by Swapo in ballingskap aan te sluit ná jou oproep dat almal hul by Swapo moet voeg en deelneem aan die bevryding van die moederland. Die bevryding van die moederland is presies waarmee ons ons vyf jaar lank besig gehou het totdat ons die slagoffers geword het van jou sogenaamde Inligtings- en Veiligheidsdiens, wat gedink het hulle kan ons beter gebruik in die talle ondergrondse kerkers in Lubango in suid-Angola tot 12 Mei 1989.

Ons het jare lank in dié godverlate kerkers in Angola gekrepeer. Net nadat ons daar uit is en hier aangekom het, het ons ons bes gedoen om 'n vreedsame oplossing vir die probleem te vind, maar sonder welslae. En dit bloot omdat jy nie bereid is om met die waarheid uit te kom nie oor waarom jy ons in die tronke laat gooi het sonder verhoor of ten minste bewyse van die sogenaamde misdade wat ons teen die volksrevolusie gepleeg het.

Families verskeur

Jou sekretaris van Buitelandse Sake, mnr Theo-Ben Gurirab, het al verklaar dat hierdie spioen-drama "elke individuele gesin geraak het en dit is 'n nasionale probleem". Dit is so, ons families is erg deur die spioen-drama verskeur. Hulle eis 'n verduideliking van nie net die marteling wat julle ons aangedoen het nie, maar ook van die kwaadwillige, lasterlike en onmenslike aantygings wat julle teen ons in ballingskap gemaak het.

"Versoening: knopkieries"

Jy predik nou "vrede" en "versoening", maar vir wie is dié "vrede" en "versoening" bedoel? Net vir party mense of ook vir ons? In ons geval kan daar nie vrede sonder geluk wees nie. Daar kan nie geluk wees sonder ware versoening nie. En, natuurlik, geen versoening sonder die waarheid nie!

Mnr Nujoma, versoening sonder die waarheid is nie versoening nie! Ons ken die soort versoening waarvan jy op 17 April 1989 by 'n vergadering in die suide van Angola gepraat het. Jy het ons toegesprek net buitekant die omheining van Minya-basis, 'n konsentrasiekamp met maksimum-sekureteit.

Op daardie dag het jy ons aangesê om die "blankes uit hul posisies" te werk sodat ons self daar kan werk en as ons die "Van der Merwes en Van Niekerks" raakloop moet ons "knopkieries gryp en hulle oor die kop slaan"!

Ons is gereed om Swapo te vergewe en ons met ons folteraars te versoen, maar net as jy eers die waarheid aan die mense van Namibia vertel het. Jy en jou kollegas het herhaaldelik verklarings gemaak. Julle het vae verduidelikings gegee en irrelevante vergelykings gemaak tussen ons gevangenis en die wandade van Koevoet. Kom met konkrete feite!

Ontkennings

Sommige van jou mede-leiers in Swapo soos mnr Hidipo Hamutenya het selfs beweer dat daar nie van folteraars gebruik is om valse bekennisse uit aangehoudenes te dwing nie. Hy het gesê dat die folteraars "tot verantwoording geroep sal word as hulle skuldig bevind word in die huidige strukture van Swapo".

Jy het self eers ontken dat Swapo ons aangehou het. Maar in Februarie 1989 het Swapo erken dat hulle net 'n "honderd Suid-Afrikaanse spioene aanhou". En tog het Swapo vanjaar al 201 volwassenes en 21 kinders vrygelaat, wat mnr Gurirab bestempel het as "harde spioene". Hierdie syfer is nie eens 'n kwart

van die aangehoudenes wat julle vrygelaat het nie. Die meeste aangehoudenes is nie in jou groep ingesluit nie, want Swapo het hulle "gereïntegreer". Dit het jou eie vrou, mev Kowambo Nujoma, ingesluit!

Kort na jou ontkennende verklaring het jou kollega, dr Nicky Iyambo, 'n heeltemal ander siening uitgespreek. Hy het erken dat Swapo inderdaad mense aangehou en gemartel het. Hy wou weet of "Swapo die spioene moes gesoen het?"

Terwyl jy aanhouding sonder verhoor en kennis van marteling ontken, het jy, mnr Nujoma, aangehou om jou veiligheidsdiens opdrag te gee "om hulle uit te wis, tot die laaste man! Selfs al is dit my vrou of selfs 'n kind, as jy 'n agent van die vyand sien, vat hom." Jy het enorme magte aan jou veiligheidsdiens gegee om met ons te doen wat hulle wil as ons weier om denkbeeldige belydenisse te maak dat ons agente van die vyand is.

Die Slagter van Lubango

Mnr Nujoma, jy het nie eens die moeite gedoen nie om te ondersoek of

- i) die aangehoudenes werklik vyandelike agente was;
- ii) jou veiligheidsdiens werklik belanggestel het om sulke agente aan te stel;
- iii) hulle ander motiewe gehad wat waarvoor hulle 'n ideale geleentheid gehad het weens die mag wat jy aan hulle gegee het;
- iv) lede van jou sogenaamde teen-intelligensie in staat was om sulke sake te hanteer;
- v) die verslae wat die Slagter van Lubango, mnr Solomon Hauuala, wat homself ironies genoeg "Jesus, die Seun van God" noem, feitelik en waar was.

Mnr Nujoma, hoe ver het jy vir "Jesus" en sy sogenaamde veiligheidsmanne vertrou? Watter vertrou het jy in hulle gehad om aan hulle soveel mag te gee.

Onkunde

Sekere Swapo-leiers sê hulle weet niks van die brutaliteit nie. Dit is jou fout dat jy hulle in onkunde

gelaat het, mnr Nujoma. Toe jy die Minya-basis op 21 April 1986 besoek het, het die aangehoudenes jou in besonderhede vertel hoe hulle fisiek en sielkundig gemartel is.

Giftige skeermeslemmetjies

Het u ooit die moeite gedoen om enige van die "skulderkennings" van vroue te lees wat na bewering giftige skeermeslemmetjies in hulle vaginas sou geplant het om Swapo bevelvoerders dood te maak? Verduidelik asseblief, Geagte dr Nujoma!

Onbevoegde howe

Ek, Leefa, het jou tydens 'n ontmoeting in die suide van Angola, buite die doringdraadheiding van Minya-basis se konsentrasiekamp met maksimum-sekureteit gesê dat ek nie vergewe hoef te word vir oortredings wat ek nie begaan het nie. Nogtans het jy my aangehou sonder verhoor. Ek het jou verseker dat ek bereid was om voor 'n bevoegde hof te verskyn. Ek daag jou uit, mnr Nujoma, om te bewys dat ek 'n Suid-Afrikaanse spioen was. Indien jy dit nie kan onthou nie, herinner ek jou aan die video-opname wat mnr Justus Kamandjemo van ons gesprek gemaak het.

Moet ons nie blameer nie

Ons het verskeie kere probeer om 'n vriendskaplike oplossing vir die probleme binne Swapo te vind. Ons het op drie geleenthede terwyl jy die tronke besoek het, met jou gepraat. Elke keer het jy jou rug op ons gedraai en toegelaat dat ons mishandel word. In Oktober 1988 het ons briewe uitgesmokkel wat aan jou en die ander Swapo-leiers geadresseer was. Toe ons uit die tronk gekom het, het ons met voormalige politieke gevangenes soos mnr Toivo Ya Toivo probeer praat.

Jou vrou, mev Kowambo Nujoma, en ek, Leefa, het ook met Elieser Tuhadeleni (Kahumba ka Ndola) en sy vrou die aand van 24 Mei 1989 by Omaruru tevergeefs probeer praat.

Theo-Ben Gurirab

Na my terugkeer na Namibia het ek, Leefa, 'n brief aan mnr Gurirab in sy hoedanigheid as Swapo-leier geskryf. Toe ek hom by sy kantoor

in Windhoek besoek het, het hy gesê dat hy nooit die brief ontvang nie, maar dat hy oortuig daarvan is dat die brief wel afgelewer is maar in die "verkeerde hande" beland het. Met hierdie besoek met mnr Gurirab my meegedeel dat daar wel "foute" begaan is met die marteling van onskuldige mense.

Teenstrydige argumente

Swapo-leiers maak teenstrydige verklarings oor die kwessie van aanhouding. Gurirab het verskeie kere al om verskoning gevra. Mnr Moses Garoëb daarenteen sê Swapo skuld niemand 'n verskoning nie.

Kompeteer met Suid-Afrika

Mnr Nujoma, jy praat van Suid-Afrika wat "skaamteloos Namibiane sonder verhoor aangehou het, gemartel en selfs doodgemaak het." Volg jy in die voetspore van Suid-Afrika? Kompeteer jy met Suid-Afrika met die doodmaak van jou eie mense?

Nie vry en regverdige

Ons verwerp Untag se ondersoek in Angola en Zambië nie omdat voormalige aangehoudenes nie in die ondersoekspan ingesluit is nie. Hoewel hulle "geen gevangenes" gevind het nie, volgens mnr Garoëb, doen ons 'n beroep op Swapo om al die aangehoudenes waar hulle ook al mag wees, vry te laat en toe te laat om in die verkiesing te stem.

Mnr Nujoma, jy moet ook die "skulderkennings" vrystel wat ons gedwing was om aan Swapo te maak. Maak die bande met die "belydenisse" wat deur Swapo gemaak is, aan die publiek beskikbaar en maak ons name skoon.

Mnr Nujoma, dit is tyd dat jy ophou lieg, vae stellings en wilde aantygings maak. Ons daag jou om dit voor 'n hof te bewys. Jy sal nie wegkom daarmee dat jy die Namibiaanse mense korrupteer deur leuens nie.

Leefa Martin-Hardley
Leefa Martin-Hardley

Iiona Niiionga Amakutuwa
Iiona Niiionga Amakutuwa

Geteken deur Iiona Niiionga Amakutuwa en Leefa Martin-Hardley.

GIYANI-ONDERWYSKOLLEGE GAZANKULU

Aansoeke word ingewag van toepaslik gekwalifiseerde en ervare aansoekers, ongeag ras, kleur, geslag of geloof, vir aanstelling in die volgende pos vir die 1990-akademiese jaar:

LEKTOR Departement Afrikaans

Die HOD-kursus wat die Kollege aanbied, word deur die Universiteit van die Witwatersrand onderskryf. Salarisskaal volgens Staatsdienskommissie; byvoordele behels 'n pensioenfonds, dertiende tjek, en 'n mediese hulpskema. Aansoeke, vergesel van 'n volledige CV en die name en telefoonnummers van twee referente, moet gerig word aan:

Die Rektor
Giyani-onderwyskollege
Privaatsak X9672
Giyani
0826

Fax: (01526) 4273

Sluitingsdatum: 16 Oktober 1989

Regsfirma in openbare sake
in Namibia
benodig 'n

PROKUREUR

Werksondervinding in
arbeids- en menseregte
word aanbeveel.

Rig u aansoeke aan
Die Regshulpentrum
Posbus 604
Windhoek
9000

of skakel (061) 223356

Waar is Kameraad Axab?

DAAR is sterk roering onder die Swapo-jeug in Katutura oor 'n charismatiese jong revolusionêre leier wat waarskynlik in 'n aanhoudingskamp van Swapo in suid-Angola doodgemaak is.


Hy is Josef Hendricks, 18, visevoorsitter van die Namibia National Students' Organisation (Nanso) wat verlede jaar wye skoolboikotte gereël het.

Hendricks, wat bekend staan as Kameraad Axab, het 'n soort volksheld geword toe hy op 12 Augustus verlede jaar deur die Tussentydse Regering aangehou en weens opstokery aangekla is.

Hendricks is selfs weens sy militante houding deur sy ouers uit die huis geskop, en het toe saam met 'n paar makkers in een van die Namibiese Raad van Kerke (CCN) se "people's houses" gaan bly.

Ná vier maande van aanhouding het die CCN sy R1 000 borgtog be-

Hy het geweet ...



Swapo se sekretaris vir verdediging, Peter Mueshiange

Hy het geweet ...



Swapo-leier, Sam Nujoma

Hy het geweet ...



Swapo se sekretaris van inligting en publisiteit, Hidipo Hamutenya



Kameraad Axab, kort voor hy na Luanda gevlieg het

taal, en hy is kort daarna oor die grens om hom by Swapo in Angola aan te sluit.

Volgens studentevriende is hy byna onmiddellik deur Swapo se sekuriteitsafdeling in hegtenis geneem

en daarvan beskuldig dat hy 'n Suid-Afrikaans spioen is. Daar is genoem dat een van sy vriende se pa 'n speurder in Katutura is, sê sy vriende wat intussen na Namibia teruggekeer het, en hy is wreedaardig aangerand.

Een van die jongmense wat saam met hom in 'n ondergrondse kerker naby Lubango in Angola was, vertel dat Hendricks aan sy aanrander gesê het hy sal teruggaan huis toe en vertel wat aan hom gedoen is. Dieselfde nag is hy glo uit die gat gehaal en is hy nooit weer gesien nie.

Sy familie glo hy is dood. Die Swapo-leierskap self sê daar is geen aangehouenes meer in Angola nie.

In die Swapo-blad The Namibian Worker van Oktober verlede jaar is Hendricks as 'n held voorgestel. In 'n onderhoud met die tydskrif het hy gesê: "Ek is in 'n sel gehou tot op 26 Augustus toe ek voor die hof gebring is. Dit was Namibia Dag. Al my kamerade was daar. Toe ek hulle sien, het ek baie sterk gevoel. Ek het vir die hof gesê dat ek met die tydskrif "Combatant" (mondstuk van Plan, Swapo se militêre vleuel) saamstem.

"Kom laat ons Namibia 'n hel maak vir die koloniale regeerders.

Ek het ook vir die hof gesê dat ek nie die huidige regering erken nie.

"Ek is bereid vir elke ding. Selfs al hou hulle my in die sel, die stryd sal voortgaan."

Hy het ook vir die tydskrif twee gedigte gegee wat hy in die selle geskryf het. Die een is, ironies genoeg, getitel "The Jail Life":

*When the colonisers came...
The system of jail started
with capitalism and apartheid*

*The system of porridge and coffee
in jail, dark grey walls, heavy
bars
all these took my freedom.*

*Why must the illegal people lead
us?*

*Apartheid, colonialism and capi-
talism
all these are the enemies of the
Namibians.*

*"Law and Order" means Death
and destruction
for the Namibian people.*

*This is my advice: from Shifidi to
Luanda,*

*from Luanda to Havana,
from Havana to Moscow.*



'n Swapo-aangehoudene in Lubango wys sy letsels wat hy tydens marteling opgedoen het.

Fotos: John Liebenberg

Max du Preez

Dit is soos 'n idilliese droom wat skielik in 'n verskriklike nagmerrie ontaard het.

Baie dekades al, maar toenemend so sedert die laaste 25 jaar, het die mense van Namibia en hul baie vriende en ondersteuners oral oor die wêreld gedroom van die dag dat dié woestynland die koloniale juk van Suid-Afrika kan afgooi; die bittere bosoerlog beëindig word; en met nasiebou begin kan word.

Daardie dag het aangebreek. Maar met hom saam het hy 'n dieper bitterheid en verdeelheid gebring.

"Bevryding" is skielik nie die utopie waarna so lank uitgesien is nie. Want die "bevryder" het die bloed van sy eie beste mense aan sy hande.

Wat veronderstel was om dae van uitbundige vreugde te wees, het dae swaar van wantroue geword - en kommer oor 'n nuwe regering wat uit 'n party kom wat klaarblyklik deur kru, stamgebonde mense gelei word met min ontsag vir menseregte of die demokrasie.

'n Paar maande gelede nog het mense - Swapo-ondersteuners én ander - geglo die "spioen-drama" was 'n storm in die klein, óf die propaganda van Suid-Afrika of die DTA, óf geïsoleerde voorvalle van hardhandige optrede teenoor mense wat waarskynlik in elk geval spioene was.

Hulle is wreed ontugter. Veral suid van die Owambo-sprekende noorde is daar vandag min mense wat nie die byna identiese verhale van die honderde gemartelde aangehouenes as waar aanvaar nie.

En soos die tyd aanstap, word die aard en omvang van die wandade al duideliker.

Die vrae wat ek seker 'n honderd keer tydens my besoek aan Namibia gehoor het, was: Hoe kon dit gebeur? Wat kon in die mense gevaar het? Wie en wat sit werklik daaragter? Hoe kon dit so lank geheim gebly het?

En daarmee saam die skuldgevoel: Ons móés geweet het. Ons het gehoor daarvan, maar stilgebly. Ons loyaliteit het ons blind gemaak. Het ons maar betyds begin vrae vra en druk toepas, het die aanhoudings en moorde

Namibia-droom word 'n nagmerrie

en heksejagte nooit gebeur nie. Dit is 'n gevoel wat menige kerkleier, menseregte-aktivis, gemeenskapsleier en joernalis op die oomblik het.

Die verskonings kom amper ewe maklik. Veral: Ons wou nie die bevrydingsbeweging verswak en ondermyn nie, ons wou nie in die hande van Pretoria of die DTA speel nie.

Hierdie verslaggewer kom nie skotvry nie. Terwyl ek na die aangehouenes se gru-verhale geluister het, het my gedagte teruggedwaal na my gemoedelike gesprekke en middagetes saam met Sam Nujoma in Lusaka, na my vriendskap met verskeie van die Swapo-leiers wat nou weens medepligtigheid aangekla staan.

Ek het gehoor dat my goeie vriend Aaron Mushimba met wie ek graag in Lusaka saangekuier het, aangehou word. Ek het hom selfs gaan soek, toe sê hulle in Lusaka vir my hy is Dakar toe verplaas. Toe ek in 1987 in Dakar kom, weet hulle van hom niks. In my agterkop het ek toe moes weet daar skort iets. Maar dit was makliker en veiliger om stil te bly.

Dit krap veral aan my omdat ek nou agtergekome het dat 'n hele paar mense wat ek geken het, onder dié is wat nooit uit aanhouding teruggekome het nie: die sentrale komitee-lede Tauno Hautuikulipi en Victor Nkandi, en Willy Kush. As ek moet glo dat dié mense spioene was, dan moet ek van nou af enigiets glo.

Dit is 'n duur les: 'n Mens durf nooit 'n "saak" meer te dien as basiese menseregte en demokrasie nie. 'n Mens doen dan juis dié saak skade aan.

Die "good guys/bad guys" soort denke is bitter gevaarlik. In kort: wanneer dit kom by mense se lewens en hul vryheid, mag daar nooit enige kompromieë wees nie. En enige beleid of ideologie wat dié dinge misken, is 'n slegte beleid of ideologie.

Ná gesprekke met 'n hele klomp gewese aangehouenes en die lees van talle dokumente, staan daar vir my drie elemente van Swapo se Stalinistiese optrede die laaste paar jaar uit: 'n

oorweldigende stambewustheid deur die meerderheidstam, die Owambo; 'n paranoïese anti-intellektualisme; en 'n magsug en misbruik gebore uit 'n gebrek aan 'n demokratiese gees in die organisasie.

Swapo is nie juis bekend as 'n organisasie wat demokratiese kongresse hou nie, en die politburo en sentrale komitee is self-perpetuerend. En selfs daaroor het die vriende van Swapo in die internasionale wêreld en die media nooit te veel te sê gehad nie.

Die tragedie is dat Swapo se optrede waarskynlik meer gedoen het om die delikate stamgevoelens in die land te versteur as wat Pretoria of die Weermag oor baie jare kon doen. Die Owambo-versus-die-res-sentiment is nou sterker as wat ek dit ooit sedert elf jaar gelede ervaar het toe ek aktief oor Namibia verslag begin doen het. En dit nadat ek jare lank Swapo se kritiek op die DTA as 'n "etniese" of "stambewuste" organisasie nagepraat het. In dié verband, indien nie enige ander nie, lyk die DTA vandag soos engeltjies.

Die brutale waarheid van die drama van die laaste paar jaar is dat byna almal wat goed kon lees en skryf in Swapo die slagoffers van die "suiweringsproses" geword het, veral as hulle nie Owambo's was nie. Veral studente en gegradueerdes het deurgeloop. Dié Owambo-sprekendes wat slagoffers geword het, was meestal nie van die sterk Kwanyama-substam nie.

In Swapo-taal word die land letterlik in twee gedeeltes: dié uit die "militêre sone", en dié uit die "polisie-sone". Met ander woorde, noord van Oshivelo en suid van Oshivelo. En dié verdeling val saam met etniese verdelings en verskille in opvoedingspeile.

Die heksejag van die laaste vyf jaar het in stadions absurde vlakke bereik. Soos toe Sam Nujoma se eie vrou as verdagte aangehou is - saam met haar broer, Aaron Mushimba, 'n lid van die sentrale komitee van Swapo, en hul ander suster.

Senior lede van die sentrale komitee is selfs



Kowambo Nujoma

doodgemartel: Tauno Hautuikulipi, Victor Nkandi en James Auala, assistent van Jesus Auala.

Die skrikwekkende gevolg van die heksejag kan wees dat 'n onafhanklike Namibia se eerste regering 'n regering gaan wees wat hoofsaaklik die steun van ongeletterde kleinboere in Owambo geniet - 'n regering wat deur die land se opgeleide mense en intellektuele gewantrou word.

Namibia - en die honderdduisende mense wat oor die jare die bevrydingstryd met bloed en sweet ondersteun het - verdien beter as dit.

Van oorlogsheld tot 'spioen' in Swapo se kerkers

MY combat name, Mistake, started as a school nickname: because I was Swapo, I was seen as a rebel and troublemaker. I am 27 now, was born in Omaruru, where I went to primary school. I started high school in Khorixas in 1976, but in 1979 left Namibia for Angola after we organised the commemoration first anniversary of the Cassinga massacre. By that time I was fairly prominent among the students, and the security police were hounding me. On June 20, 1979, I crossed the Angolan border.

There I was handed over to Fapla, who took me to Ongiva, about 150 km into Angola, where I was conscripted into Plan. There was no attempt to get intelligence information - once I'd said I was a student and showed my holiday train ticket as proof, there were no further questions.

After artillery training, I was sent to the front in November 1979 as a crew commander. Because of my performance in battle against the South Africans, the command in Lubango decided I was committed, and in April I was recalled to Plan Command Headquarters. There I met combat name Pondo, the late army commander, who promoted me to secretary of the Special Task Force - what was later called Volcano, then Typhoon Unit.

In the second half of 1980, the high command decided to establish permanent bases in Namibia, and I was entrusted with the task of doing this in Kavango. We spent three months in Kavango organising the local population.

After about three months' organisation and mobilisation, we returned to Angola. I was promoted to chief of political administration of Typhoon, which made me the senior political officer. Then I was given my first mobilising mission into the Triangle of Death, the white farming area south of Ovamboland. We returned four months later, our mission complete.

Drought

After that, in 1981, I was given the task of organising the local population in Damaraland. We stayed there until March, doing organisation among local people, then returned to Angola. When I reported, I told the Military Council that there was a rainfall problem, there was a bad drought and that it was not practical to infiltrate combat units through Kaokoveld to Damaraland. The Military Council said we must just go, they said, we have known how to do this since 1966, you are just a newcomer.

Uuno Shaanika, combat name Kanana, was at that time North-western Regional Commander of Plan, which made him head of the Regional Staff. His chief of staff, Nevonga, gave false information to the military Council. Perhaps seeking promotion, Nevonga told them that we had Plan forces in Kaokoveld which did not exist.

Mines

We set out in March 1981, 35 men, all heavily loaded with weapons, ammunition and mines which were supposed to cache. I was second in command under Gers Ipinge. As chief of political administration I was responsible for political mobilisation and organisation, though as a combat commissar I had military command powers as well. In Kaokoveld we found no signs of a Plan presence, and when we asked the local population, they said Plan had last been there a year ago. So we had to rely on our own resources, and the information given by the masses.

Soon the SADF was on our track. The problem with guerrilla war is that you have to walk, and if you walk, you leave spoor. The SADF had trackers patrolling up and down the border with Angola.

We decided our group of 35 was too big, and that we must split in two. I led the one group of 17, Ipinge the

Johannes Gaomab, oorlognaam Comrade Mistake, was as die politieke hoof en adjunk-bevelvoerder van Typhoon, die People's Liberation Army of Namibia se elite-taakmag, een van Swapo se oorlogshelde. Hy is selfs deur die Oos-Duitse en Kubaanse leërs vereer. Dit alles het hom niks gehelp nie: hy is daarvan beskuldig dat hy 'n spioen is, en is na 'n lang martelende jare lank in kerkers aangehou. Hier is sy besondere verhaal in sy eie woorde, soos vertel aan SUSAN BROWN

other. I later learned that his group was all captured.

The Boers forced us westwards into the desert, so that they had only to watch the waterholes, and could set ambushes there. Every time we moved in to get water we had fierce fighting, and thirst was making my men so weak that some abandoned their weapons in these clashes. The 17 of us had three engagements with the SADF: at Okanjira, at Kamanya, and to the west of Opuo. We suffered no casualties in these fights.

I decided that since we could not get through to the settler areas, we should return to Angola. But we were now trapped in the desert, and the SADF kept us from water for a week. We had to abandon people as they collapsed. All but four of us died of thirst.

Wounds

As we four continued trying to return to Angola, we were overtaken by thirst. We found a footpath and began following it, but could not walk any more and we fell on the path and became unconscious. I had wounds inside my throat and around my mouth from thirst which bled, and I could hear sounds of water in my head.

An old man came on us as he was moving his cattle to new grazing areas. He fetched donkeys and put us on them and took us to his house. He slaughtered a cow for us, and helped us recover.

Then I decided we must return to Angola.

Because my legs and feet were swollen so that I could not walk, two soldiers carried me on a stretcher back at Northwester HQ. We four were kept isolated, and told that we must not tell what had happened to us. In the end we returned to Typhoon.

Then the SADF attacked. It was the beginning of Operation Smokeshell, D-Day June 11, 1981. The chief of staff appointed Martin Shali to be chief of operations. There was fierce fighting which involved two of our military command regions: the Northern region and the Northeastern region. Altogether about 1 000 of our men were fighting under the Operational Command during Smokeshell.

We blocked the SADF at Operational Command HQ, for about two days they couldn't break through. The Chief of Operations then said Typhoon should reconnoitre behind the South African lines and send information to HQ. I was put in command of 1st Reconnaissance Group made up of 150 men. We went behind the SADF

lines in units of 15, and stayed three weeks, radioing information to Shali.

Pondo

While Smokeshell was still in full swing, I was recalled by the army commander, Pondo himself. He told me I was being sent to a leadership course in East Germany. The same month, I went from Luanda to the Rostok Academy of Sciences, what we called party school, where they taught philosophy and political economy.

Operation Smokeshell continued for most of the second half of 1981.

I stayed in East Germany until 1982. They made me an honorary lieutenant, and gave me stars to wear on my shoulders.

I returned to Luanda in June 1982 after ten months and returned to Typhoon at Lubango.

Swapo's Organising Secretary, Anton Katamila, organised the First Scientific Seminar soon after that. He was then recognised, even by the East Bloc people, as the only strong Marxist in the Swapo leadership. He is an alcoholic now. The First Scientific Seminar was held at Cuanza-Sul in August 1982. Members of the Central Committee and Politburo, such as Ernest Tjirjange, the Secretary of Legal Affairs, and David Meroro, the National Chairman, were present. In fact the Secretary for Finance, Lucas Pohamba, was co-chairman with Katamila. The main aim was to table and rectify problems in Swapo outside Namibia. These included the inactivity of the Youth League outside the country; abuses of girls and so on by the leadership; the practice of sending illiterate people on scholarships (The Bulgarians and Hungarians had several times written 'Un-teachable' on such people's papers and sent them back); and appointing officials who could not read and write to command posts. We were sitting with such people in the Politburo, and trying to fight a strong power like South Africa.

At the seminar, people complained mainly of the leadership. Among those who were outspoken were Malaki Shivute, an Ovambo from Windhoek, and Serepi Aises. I remember she said, we have whites in our organisation. Why are they not trusted? Peter Manning in the London office was one she mentioned. Shivupa, who headed the office, tried to isolate him, told him nothing, and often just spoke in Oshivambo in front of him, so that he could not understand.

There was deep dislike and distrust of outsiders, non-Ovambos, among the

old guard and the rural peasants from northern Ovamboland. They called Nama- and Herero-speaking Namibians 'Kwangala,' which means somebody with nothing. They called Caprivians 'Mbwele,' which means people with no origin, and had other derogatory terms for other Namibian groups. Whites they called 'red thing,' or 'Ekishi,' meaning albino.

When I was doing artillery training in 1979 I could not talk about cattle and herding to some of the men because I did not have that rural background. But when those of us who were from towns talked together, the others would think we were conspiring. They were suspicious of all outsiders.

According to my analysis, those coming from communities isolated inside Namibia had little sense of the economic and other life of the rest of the nation. Their expectations came from their northern feudal society, and some thought that if you came from the south, you had no place in Swapo. Historically, the movement's origins were associated with Ovamboland, and many continued to regard Ovambos as the only people suffering, without knowing or recognising that the first Namibian revolt against colonialism early this century was fought by Namibians in the south.

The first people that I knew of to be detained were taken soon after the seminar. I heard that about 11 people had been detained by Security, among them Shivute and Aises. Shivute was in East Germany when I was there and had earlier been very active in the youth League before he crossed the Botswana border to join Swapo in exile. Aises had been in Bulgaria when I was in East Germany. The Security people were saying that Swapo had been infiltrated by minority groups.

By then I was chief of political administration of the Typhoon as well as its chief of operations, which meant I was both political commander and deputy military commander of our 600 men. I was also officially operations commander for the southern region of Namibia, which meant from Oshivelo to the Orange River, plus the Kaokoveld.

Back with the unit, it began to seem to me that from 1982, something strange was taking place. One day in late September, when listening to Radio RSA, I heard on the news that the name of Swapo's Volcano unit will be changed to Typhoon. Next day at 11 am we received a radio message from the Military Council saying that the name would be changed to Typhoon. We listened a lot to radio: the BBC, VOA, Deutsche Welle, Radio Moscow and Radio Berlin International, among others.

I was beginning to be uneasy about the General Staff. At that time the Military Council - the equivalent of the joint chiefs of staff in a conventional army - had recently had its members increased to 64. It included Swapo's President Sam Nujoma who was also Plan Commander in Chief; Maxton Joseph, Nujoma's loyal hatchet man; the Secretary of Defence, Peter

old guard and the rural peasants from northern Ovamboland. They called Nama- and Herero-speaking Namibians 'Kwangala,' which means somebody with nothing. They called Caprivians 'Mbwele,' which means people with no origin, and had other derogatory terms for other Namibian groups. Whites they called 'red thing,' or 'Ekishi,' meaning albino.

When I was doing artillery training in 1979 I could not talk about cattle and herding to some of the men because I did not have that rural background. But when those of us who were from towns talked together, the others would think we were conspiring. They were suspicious of all outsiders.

According to my analysis, those coming from communities isolated inside Namibia had little sense of the economic and other life of the rest of the nation. Their expectations came from their northern feudal society, and some thought that if you came from the south, you had no place in Swapo. Historically, the movement's origins were associated with Ovamboland, and many continued to regard Ovambos as the only people suffering, without knowing or recognising that the first Namibian revolt against colonialism early this century was fought by Namibians in the south.

The first people that I knew of to be detained were taken soon after the seminar. I heard that about 11 people had been detained by Security, among them Shivute and Aises. Shivute was in East Germany when I was there and had earlier been very active in the youth League before he crossed the Botswana border to join Swapo in exile. Aises had been in Bulgaria when I was in East Germany. The Security people were saying that Swapo had been infiltrated by minority groups.

By then I was chief of political administration of the Typhoon as well as its chief of operations, which meant I was both political commander and deputy military commander of our 600 men. I was also officially operations commander for the southern region of Namibia, which meant from Oshivelo to the Orange River, plus the Kaokoveld.

Typhoon

Back with the unit, it began to seem to me that from 1982, something strange was taking place. One day in late September, when listening to Radio RSA, I heard on the news that the name of Swapo's Volcano unit will be changed to Typhoon. Next day at 11 am we received a radio message from the Military Council saying that the name would be changed to Typhoon. We listened a lot to radio: the BBC, VOA, Deutsche Welle, Radio Moscow and Radio Berlin International, among others.

I was beginning to be uneasy about the General Staff. At that time the Military Council - the equivalent of the joint chiefs of staff in a conventional army - had recently had its members increased to 64. It included Swapo's President Sam Nujoma who was also Plan Commander in Chief; Maxton Joseph, Nujoma's loyal hatchet man; the Secretary of Defence, Peter

old guard and the rural peasants from northern Ovamboland. They called Nama- and Herero-speaking Namibians 'Kwangala,' which means somebody with nothing. They called Caprivians 'Mbwele,' which means people with no origin, and had other derogatory terms for other Namibian groups. Whites they called 'red thing,' or 'Ekishi,' meaning albino.

When I was doing artillery training in 1979 I could not talk about cattle and herding to some of the men because I did not have that rural background. But when those of us who were from towns talked together, the others would think we were conspiring. They were suspicious of all outsiders.

According to my analysis, those coming from communities isolated inside Namibia had little sense of the economic and other life of the rest of the nation. Their expectations came from their northern feudal society, and some thought that if you came from the south, you had no place in Swapo. Historically, the movement's origins were associated with Ovamboland, and many continued to regard Ovambos as the only people suffering, without knowing or recognising that the first Namibian revolt against colonialism early this century was fought by Namibians in the south.

The first people that I knew of to be detained were taken soon after the seminar. I heard that about 11 people had been detained by Security, among them Shivute and Aises. Shivute was in East Germany when I was there and had earlier been very active in the youth League before he crossed the Botswana border to join Swapo in exile. Aises had been in Bulgaria when I was in East Germany. The Security people were saying that Swapo had been infiltrated by minority groups.

By then I was chief of political administration of the Typhoon as well as its chief of operations, which meant I was both political commander and deputy military commander of our 600 men. I was also officially operations commander for the southern region of Namibia, which meant from Oshivelo to the Orange River, plus the Kaokoveld.

Nanyemba; his deputy Richard Kapelwa; the army commander Dimo Amaambo (Pondo had died mysteriously in a landmine explosion near Cuvelai); the deputy army commander, who was also chief of Security, Solomon Haula (combat name Jesus), who had no military experience; the Plan regional front commanders; its staff officers in charge of administration, medical, personnel and artillery; and two top commissars. Swapo's Secretary for administration, Moses Garoeb, though based in Luanda, would sometimes attend the Military Council meetings in Lubango.

The Military Council met only once a year, so there was a 14-member General Staff to execute its policies. Its head was Kapelwa, and most of its members were also members of the Military Council. Peter Nanyemba, Dimo, and Jesus were members; as head of security, Jesus commanded both the intelligence and counterintelligence operations. The intelligence chief under Jesus, James Auala, was on the General Staff though not the Military Council, until he was detained in 1986. The northwestern region commander, Kanana, who later became counterintelligence chief under Jesus, was there, along with the Northern region commander, Zulu, and the Northeastern region commander, Bulinganga. The Plan Commissar, combat name Kamati, was there. He was the army's top political man, sometimes called the party representative. Also the regional commissar of the North-western Front, combat name Lumumba; Plan Personnel Chief Patrick Mwinga, who landed up in prison with us; the chief of staff, Namholo; Operations Commander Martin Shali; Chief of Administration, combat name Cabral, who died after he was detained; Swapo's chief representative in Cuba, Sheehana. Other General Staff members at that time who were not also on the Military Council at that time, were Nevonga, chief of staff for the northwestern region command, and combat name Fogo (fire in Portuguese), Plan's chief of combat training.


Mission

At the beginning of 1983, Typhoon was attached to the Northwestern front forward command post, and a mission into the Kaokoveld was planned. While busy preparing for this, I heard over Radio RSA a report which said Typhoon was on the Northwestern front, giving our exact location, listing the weapons we had and outlining our command structure. I phoned Jesus, and said, the enemy knows all the details of our position and we should abort the mission. Jesus said it had been decided that they should go, and they must go. The mission entered Namibia by crossing the Kunene west of Shagongo, and were taken.

Tactics

As I said, I was getting worried about the General Staff. But I had another serious problem with the military leadership: I wanted to change our whole campaign's strategy and tactics. It was not always good that the men had to walk 300 km before they could attack. I proposed that we create a system whereby our people stayed in the country and fought there, while we supplied them. But the Military Council was dominated by the old guard, and did not accept any suggestions from below.

At this time, however, the Secre-



Johannes Gaomab

(Foto: John Liebenberg)

tary of Defence Peter Nanyemba was busy replacing members of the old guard in the military hierarchy. Nanyemba had something that was uncommon in the Swapo leadership: he could think about strategy in military terms. He was probably corrupt to some extent, since almost all that generation of leaders were, but whatever military success Swapo had is attributable to him. Nanyemba was trying to introduce new tactics and new men, committed and professional fighters. He was trying to replace illiterates with literates, the old guard with people who could think in new terms. Illiterate people can be blown about by any opinion and rumour, which are often their main sources of information, and are often not steady. If such people dominate the leadership, you can see what happens. They need to be replaced by those who can think in modern terms.

Reshuffle

Nanyemba's reshuffle offended many Kwanyamas (the largest Ovambo sub-group), since the majority of people who had been with Swapo from the early days, or who were illiterate, old or young, belonged to that group. Nanyemba himself was an Ndonga, another sub-group considered traditional rivals of the Kwanyama. But he could control Nujoma, and Jesus feared him.

So Jesus aligned himself with the

leader Toivo, who was still on Robben Island. The soldiers brought their problems to me, their questions and doubts. When I reported the complaints of the men to the high command, they just said I was instigating the combatants. When the deal went through, the men said angrily there was no point in taking South Africans prisoner, they could not be bothered.

Also in 1983, the captured South African soldier Van der Mescht was released, in a complicated deal involving the Russians and the Cubans. Our men were angry about this, since we had captured him, and they wanted him to be kept to exchange for our

leader Toivo, who was still on Robben Island. The soldiers brought their problems to me, their questions and doubts. When I reported the complaints of the men to the high command, they just said I was instigating the combatants. When the deal went through, the men said angrily there was no point in taking South Africans prisoner, they could not be bothered.

All this time, from September 1983 to March 26 1984, I was continuously engaged in operations, but what we were able to do was limited because of the effects of the enemy's Operation Askari which started in December 1983. At the end of it, the SADF was established 350 km into Angola.

By then I had been ordered to drop my plan of infiltrating our men into Namibia to base themselves for long-term activity. As deputy commander of Typhoon, I now led 600 men.

On March 26 1984 I took a Land-rover to go from the Plan HQ to Typhoon Headquarters. We were intercepted by four Swapo security men who took me straight to Kilimanjaro prison.

I went in. The driver and his three companions drew their pistols and told me to put my hands up. I drew mine, and said who told you to arrest me? They replied, the acting army commander, Jesus. I said, where is your warrant? But was only told, hand over your pistol. I did, and they took my AK-47. Then the leader said, take that dog to the cell.

Enemy

In the cell I began pondering what wrongs I might have committed in the past, trying to think what this was about. I thought, they cannot think I am an enemy agent. But there must be something, or they couldn't arrest me just like that.

Next day, they called me out, and tied my wrists and told me I must follow a footpath. I came to a place where there were about 20 men. These were my interrogators from Security.

I sat down on the ground and they told me to recount my biography. I did. Then they said, but you have forgotten something very important. What, I asked. When you were recruited by the South Africans, who recruited you, and what your mission is. I said they were crazy. They made me strip off, and when I was naked, they began to beat me.

The chief interrogators' names were combat name Foreman and Adam Nakasole, combat name Makuba. My interrogation continued on and off for about six months.

The tortures varied: early on I was slung horizontally between two branches of a tree, tied by my wrists and ankles to be beaten. The marks are there, and on my knees, since later I was also dragged behind a Land Rover for about 100 metres, but slowly enough so that men running behind could still beat me with sticks.

At one point they sat me on live embers and I was badly burned on the left buttock.

This became infested with the worms that come from those blue flies, and several times medics sliced the infested flesh off before it started up again. They never asked any questions besides those first three.

Solitary

All this time I was kept in solitary in Kilimanjaro prison between interrogations, but through the hole in the roof of the dugout I saw Bennie Petrus, the protocol commander of the Tobias Hainyeko Training Centre, who was also being interrogated.

After about six months, I had not incriminated myself, but I was sick and could not walk. The interrogators were considering whether to put me away. Foreman said, let us just knock

him off. But Makuba said, this man has made a contribution, and he has not confessed. Let him die on his own if he is going to, but let us not kill him.

So Makuba took me to the Lubango area, where I was kept alone and naked in the bush in a military tent, with a health worker who nursed me, and two soldiers to guard me.

Dungeon

I had still not incriminated myself. At Minya I found Bennie Petrus, Saul Ngapurwe, whose father was a pastor in the Kamanjab area, and Paulus Kanjimi among the about 40 people who shared our dungeon. There was also an old man of 71 years called Malakia, who had been kidnapped.

At that time Minya consisted of three dugouts, holes in the ground roofed over with tin and concealed with grass and bush. The women were kept separately. Altogether there were about 250 of us there.

In May 1985 all the people in our dugout were transferred to Etale camp near Ongulumbashe. Then on August 15 I and Bennie Petrus were transferred to Tobias Hainyeko Training Camp. There we used to 'get sticks': if a prisoner talked to another, or if one would not eat, he would 'get 50 sticks' - blows with a stick. By then Bennie Petrus had confessed, but he was still refusing to confess on video. In 1986, a prisoner escaped but was captured and forced to confess that I had incriminated him.

This started up the whole process for me again. They called me out and said, we will kill you. By then many of the prisoners had advised me to confess, saying I would not survive otherwise.

So I told them that the Boers had sent me on a reconnaissance mission, to report back after one year. I told them the Boers had trained me at Kamanjab in September 1979, when I had really left Namibia in June and was receiving artillery training at this same place, this Tobias Hainyeko Training Camp, at that time. After I had been beaten and lashed, I incriminated myself also by saying I had organised Ben Motinga's escape.

Innocent

During the interrogation I also said, what can I do, I am a Plan commander, I regard myself as innocent. With this coming after our contribution I can never again associate myself with Swapo. I said to them, I will reveal the names of the people responsible for what you are doing. I was fed up, I felt it was better if they killed me. My patience was just gone. But they only put me in prison again.

Transferred

In May 1988, we were transferred to Ethiopia prison, a structure above ground hidden by a river bank. It was a place for 'hardcore spies': among us were Ben Boois, Eric Biwa and Patrick Mwinga. James Auala, the former chief of intelligence, was there too.

Auala was no illiterate, and had been an announcer on Radio Oshivambo, but he was kept alone and apart from the rest of us. He was one of those who was alive in May when our group was separated from the others. Bennie Petrus had been beaten to death before we transferred to Ethiopia.

What happened earlier this year when we came to be released has been told before. In the end we, the first 153, were home by July 4. But not all of us who were alive and in prison in May this year are back at all. Seventy men, and I do not know about the women.

We decided we must use what media we could to get those captives who were left behind released.

Toekoms van ekonomiese krisisbestuur

TALLE ekonomiese faktore dwing die Suid-Afrikaanse regering na 'n situasie van krisisbestuur.

Internasionale druk om hervorming aan die een die kant, teenoor die remskoen-effek van 'n konserwatiewe aanslag aan die ander kant skep 'n oorlewingsklimaat vir die owerheid. Faktore soos sanksies, werkloosheid, inflasie, die herskedulering van buitelandse skuld, 'n verdere insinking in die goudprys, swakker valuta en politieke onstabielheid maak die sake-omgewing al hoe benouder en dwing 'n klimaat van krisisbestuur op die regering af, meen Nick Barnardt, die hoofekonoom van Trust Bank, in gesprek met Vrye Weekblad.

Aksies soos sanksie-omseilings en invoervervangings dra enorme kostes oor die langtermyn by met 'n gevolglike negatiewe effek op die ekonomiese infrastruktuur. Dié verarmingsproses het 'n negatiewe politieke impak, met blankes wat verder na regs polariseer en swartes na links.

Dit vermurwe die "middelgrondteorie" wat stel dat 'n gesonde ekonomie meer werksgeleenthede en welvaart vir almal sal skep, sê Barnardt.


Indien die balans nie gehandhaaf kan word nie, sal dit lei tot 'n situasie soortgelyk aan dié wat Duitsland ná die Eerste Wêreldoorlog beleef het - 'n uiters onstabiele ekonomiese opset wat uiteindelik tot die Tweede Wêreld-oorlog gelei het.

Barnardt meen ook dat Suid-Afrika die afgelope drie jaar bewys gelewer het dat die land wel die delging van buitelandse skuld kan hanteer, maar teen 'n hoë prys. Dit het gelei tot inflasiedruk en hoër werkloosheid, wat weer sosio-politieke gevolge het.

Suid-Afrika het tans 'n totale uitstaande oorsese skuld ten bedrae van R60 biljoen. Altesame R35 biljoen hiervan word tans by 340 oorsese banke herskeduleer. Tot op hede is R5,4 biljoen reeds afbetaal, en R8,1 biljoen is in langtermynlenings omskep. Suid-Afrika wil nou graag onderhandel vir die herskedulering van die uitstaande R21,6 biljoen.

Dr Chris Stals, die president van die Reserwebank, het verlede maand gesê dat Suid-Afrika eensydig in gebreke sal bly om te betaal indien 'n ooreenkoms nie bereik kan word nie. Daar is groot druk van anti-apartheidsgroepe om Suid-Afrika juis in so 'n posisie te dwing. Dit sal Suid-Afrika se kredietwaardigheid

Reële BBP-groeiakoers (jaarlikse gemiddeldes)



sleg skend indien dit wel sou gebeur.

Dit alles te midde van 'n komende resessiefase wat, tesame met die effek van sanksies en disinvestering, die werkloosheidsyfers onder swartmense so hoog as een miljoen kan opstoot in 1990, meen Barnardt. Daarby bereken hy dat die gemiddelde Suid-Afrikaner teen 1990 meer as 10 persent armer sal wees as gevolg van sanksies en disinvestering.

"Dit is 'n bese kringloop wat die argumente vir verdere sanksies sal versterk. Verder moet die owerheid se rol as inflasieskepper onder die loep geneem word, veral sover dit krediet en geldskepping aangaan. Dit bring mens tot die vraag: kan die skuld krisis hanteer word, en teen watter koste?" sê hy.

"Die geskiedenis het bewys dat die Afrikaner nog nooit van mening verander het indien hulle daartoe gedwing was nie. Neem byvoorbeeld die omslagtigheid en groot druk waaronder ekonomiese bevryding van swartmense, die afskaffing van werksafbakening en die toeweging van nuwe huiseienaarskapregte plaasgevind het."

Die vraag is natuurlik of die regering, in die lig van sy slakkepas van hervorming in die verlede, wel die nodige hervormings kan loods en deurvoer.

Sydney Mufamadi, die assistent-algemene sekretaris van Cosatu en woordvoerder van die breë demokratiese beweging, is skepties dat verandering wel teen die pas en op die skaal wat nodig is, sal plaasvind.

"Die werkers van Suid-Afrika sal die voorstelle vir onderhandeling van regeringskant in 'n ernstiger lig beskou indien dit saamval met werklike hervormings-aksies op 'n gelyke en openlike basis.

"Intussen, moet die multi-nasionale maatskappye wat uit Suid-Afrika onttrek, bewys lewer dat hulle werklik vir die werkers omgee en met die vakbonde en werkers onderhandel sodat die bates van die onttrekkende maatskappye in die hande en beheer van die werkers, wie se goedkoop arbeid hulle tot nou toe verjoy het, geplaas word," stel hy voor.

"Al teenvoeter teen sanksies is hoër produktiwiteit en die skepping van werksgeleenthede. Dit moet deel vorm van die ekonomiese bevrydingsproses, veral ten opsigte van die swartman - 'n soort herverdeling van welvaart. Slegs op dié wyse kan Suid-Afrika nog 'n paar jaar op die golf van ekonomiese en politieke hervorming ry," sê Barnardt.

"Die regering sal moet geld bestee om werk te skep. Dit gaan 'n groot uitdaging aan die nasionale bestuur stel. Veral die vakbonde sal 'n groter inset op ekonomiese vlak gegee moet word en die raamwerk van finansiële dissipline, soos voorgestel deur dr Chris Stals, sal in stand gehou moet word," sê hy.

"Dit beteken dat die Reserwebank heeltemal onafhanklik van regeringsinsette moet staan. Die regering moet dus groter onafhanklikheid aan die reserwebank toestaan."

Die ekonomiese skade wat deur sanksies op Suid-Afrika afgedwing is beloop maklik R35 biljoen aan buitelandse valuta oor die afgelope drie jaar. Dit bestaan uit 'n netto kapitale uitvloei van R23 biljoen; 'n verlies aan R10 biljoen aan inkomste; 'n direkte toeskryfbare verlies van R8 biljoen as gevolg van sanksies teen Suid-Afrikaanse uitvoere en 'n korting van R6 biljoen op rente en dividende bespaar deur die verlies aan buitelandse lenings en beleggings. Indien die berekening verder gevoer word, het dit tot 'n totale




verlies aan besteding van R90 biljoen gelei en produksie van R60 biljoen.

Barnardt sê die verarming van die blanke as gevolg van internasionale isolasie is die teelgrond vir reggesinde politiek. Hy meen dat die risiko van verdere sanksies, in die hoop om die groei van die Konserwatiewe Party te bekamp, nie sal werk nie.

Sanksies het die KP gehelp om die amptelike opposisie te word. Verdere sanksies sal die KP toelaat om sy posisie aansienlik te versterk. Daarby blyk dit dat die sikliese fases van groter werkloosheid en die verarming van die swart bevolking net tot meer geweld en politieke radikalisme sal lei.

Hy sien as die oplossing: spoedige ekonomiese groei aan die hand van spoedige politieke hervorming. Suid-Afrikaanse, Suider-Afrikaanse en Westerse leiers moet so gou as moontlik 'n nuwe bedeling ontwikkel om 'n sosio-ekonomiese steunbasis en sosio-politieke harmonie te bewerkstellig.

Goud in afwaartse siklus vasgevang



DIE duidelike tendens vir goud is afwaarts en behoort so te bly oor die korttermyn.

Die huidige opwaartse fase word slegs as tydelik beskou. Goud reageer siklies op Amerikaanse marksentimente, eerder as op fundamentele faktore, en eindig elke keer 20 tot 30 dollar laer teen die einde van elke siklus, meen plaaslike markontleders.

Dit is dan ook die sterk groei van die Amerikaanse ekonomie wat druk op die goudprys plaas. Dié verhouding is duidelik te bespeur wanneer die Dow Jones (die algemene indeks vir die Amerikaanse effektebeurs) in ag geneem word. In 1988 was dit op 'n vlak van 2 100, toe goud 'n vlak van 450 dollar bereik het, in vergelyking met 'n syfer van 2 680 teenoor 365 dollar vandag.

Die marksentiment in Amerika dryf beleggers om geld in aandele te plaas eerder as in edelmetale soos goud. Die Amerikaners het stewige beheer oor die prestasie van hulle ekonomie en die inflasiekoers.

Goudontleder David Griese van Davis Borkum Hare meen die positiewe internasionale handelsklimaat en die sterk beurstendense beïnvloed die goudprys direk.

Hy glo dat goud "sag" sal bly teenoor "harde" wisselkoerse solank as die sentrale banke hulle sterk beheer oor rentekoerse behou. Tradisionele konfliktpunte wêreldwyd toon ook geen teken van opvlamming nie wat tradisioneel sleg is vir die goudprys.

In teendeel styg die goudindeks in Suid-Afrika, maar dit is teenstrydig, aangesien dit eintlik die wisselkoers is wat daal, naamlik die rand wat verswak teenoor die dollar.

Die slotsom van die meeste markontleders is dat die goudprys teen die einde van die jaar laer sal wees as nou.

PC 2000

Vir die allerbeste rekenaarpryse in Johannesburg!

* 12 MHZ AT
R3 800,00

101 Sleutelbord
640k RAM
1,2 MEG Slapskyf
Multi 1/0 Kaart
14" Dubbelfrekwensie
MONITOR
20 MB Seagate
Hardeskyf
Intydse Horlosie
Seriepoort
Parallepoort
8 Uitbreidings

* 10 MHZ XT
R2 695,00

101 Sleutelbord
640k RAM
360k Slapskyf
12" Dubbelfrekwensie
Skerm CGA & Hercules
20 MB Seagate
Hardeskyf
1 Parallepoort
8 Uitbreiding

Epson LX 800 vir slegs R765,00

Beginnerspakket
4.7 tot MHZ XT
256k RAM
360k Slapskyf-aandrywer
84 sleutel sleutelbord
12" dubbelfrekwensie
Monitor en Hercules-cya
kaartopsie
100 Diskethouer
10 Sagte skywe
SLEGS R1 595,00

Onthou ons klop enige
ander geskrewe kwotasie!

Protea Pick n Pay Sentrum
Highstraat
Brixton
(011) 837-7938/9

Lente onder die noodtoestand

DIT is weer lente en die noodtoestand duur voort. Dit is ook die gevoel wat 'n mens kry in 'n nuwe storie van die Johannesburgse skrywer Jeanne Goosen. Aan die een kant maak die storie met sy Orwell-klank jou baie benoud, maar tog is daar êrens op 'n lessenaar 'n blom wat hoop bied. ("Die blom" verskyn in die Februarie-uitgawe van prof. Elize Botha se Tydskrif vir Letterkunde wat pas verskyn het.)

Nie dat Goosen oral in TvL so vriendelik ontvang word nie. In haar bespreking van Goosen se novelle "Louoond" verklaar TvL se resensent-in residence, Ia van Zyl: "is die

kool werklik die sous werd?"

Wat natuurlik niks is vergeleke haar oordeel oor André le Roux se kortverhaalbundel "Sleep vir jou 'n stoel nader" nie: "Dis 'medisyne' dié wat ek liefs sou wou voorsien van die etiket: Hou buite die bereik van kinders."

'n Ander ou "Sewentiger" (tydgenoot van Goosen) wat ná 'n lang winter skielik so saam met die jasmyn weer sy verskyning maak, is Wessel Pretorius. In Clinton du Plessis (van Cradock) se poësie- en prosatydskrif, Akut, is Pretorius sterk aanwesig met 'n advertensie van sy ontbande debuutroman "Storm

Sevenster", 'n resensie van Clinton du Plessis se "CV", 'n storie oor KP-boere en 'n nuwe vers of twee waarin daar dié lekker reël is: "het ek boere betrek en verse gevinger".

In die lente-uitgawe van die Kaapse digter Douglas Reid Skinner se letterkundetydskrif, Upstream, (ook vars op die rak) trek die redakteurskolom die aandag. Skinner lewer kommentaar op die vermeende skeiding wat die Victoriaval-gesprek met die ANC (en gepaardgaande verwelkoming van die nuwe beleidsdokument oor die kulturele boikot) in skrywersgeledere gebring het.

Hy pleit vir "the right of individuals to choose not to join anything...It would be ingenuous to forget that winning friends and influencing people is part and policy of power struggles, regardless of just moral cause. Culture, like an economy, is an organic and fragile thing; not to be legislated, hard to put together once it's broken," waar-sku Skinner.

En van Elisabeth Eybers uit Holland verskyn daar dié seisoen 'n nuwe digbundel; haar vyftiende. Sy noem dit "Noodluik".

KOOS PRINSLOO



Op soek na 'n bietjie liefde

DIE GROOT WIT ROOS

Deur Pieter Fourie
(HAUM-Literêr). R18,95 + AVB

PUNT IN DIE WIND

Deur Hennie Aucamp
(HAUM-Literêr). R16,95 + AVB

Deur Johan Bruwer

AS jy na 'n bietjie liefde op soek is, moet jy liewers nie staatmaak op Hennie Aucamp en Pieter Fourie se jongste toneelstukke nie. Hulle sal jou koud laat. Fourie se "Die groot wit roos" en Aucamp se "Punt in die wind" praat albei óór die liefde, die een met teatrale gebare en die ander met serebrale spitsvondighede - maar albei sonder 'n sweem van deernis.

"Die groot wit roos" is so laf soos sy naam - 'n melodramatiese mengsel van soetsappigheid, sado-masochisme en seksuele repressie. Dit voel omtrent soos 'n Mills and Boon-romanse geskryf deur De Sade, met illustrasies deur Tretchikoff.

Die karakters en gegewens is te kru oordrewe om te oortuig, te verspot om selfs makaber te wees. 'n Geamputeerde, middeljarige manlik-chauvinistiese perdeteler sit egoïsties in 'n rolstoel en toekyk hoe 'n reeks skelm en skynbaar traumatiese knippies uit sy seksuele verlede in 'n rolprent nageboots word deur sy seun, 'n akteur wat bang is hy's 'n moffie omdat hy impotent is by vroue. Die seun blameer sy pa vir sy impotensie en wil die chauvinistiese vark in die rolprent "ontmasker". (Hy weet nog net nie sy ma, 'n non, is 'n nimfomaan wat haarself met 'n geselriem kasty omdat die breker sy seun verwek het deur haar soos 'n hoer te behandel nie.)

Die pa word so onthuts deur die herinneringe aan sy seksuele eskapades (hy raak onder meer versot op 'n ballerina se voet), dat hy skielik selfmoord wil pleeg, maar hy skiet per ongeluk die ambisieuse regisseur van die prent, die enigste vrou wat uiteindelik sin en vorm aan sy bronstige, maar fragmentariese sekslewe kan gee.

Die probleem is dat 'n mens geen begrip of simpatie vir die breker Louis kry nie. Waarom wil hy homself skielik skiet? Kom hy agter sy sekslewe is sinloos? Vir die leser het dit ewe min sin. Die seksuele insidente flits teatraal verby sonder om werklik 'n storie te vertel, sonder om te wys watter invloed dié ervarings op Louis het.

Die seksuele fragmente - die breker wat 'n reeks maagde ontmaagd omdat hy deur 'n ouer vrou ontmaagd is, én omdat hy altyd eerste wil wees - sê wel iets oor vervreemding. Maar die stuk het 'n verwronge siening van vervreemding: dit word as iets romanties uitgebeeld. Om te sê dat die liefde mooi en kosbaar is omdat dit onbereikbaar is, is 'n konsep wat net in die valse bewussyn van die manlike burgery kan ontstaan as verskoning vir die liefdelose benadering van vroue as verbruikersware.

Meer verfynd, veelvlakkig en gevat, maar uiteindelik net so corny, is Aucamp se "Punt in die wind". Dis 'n intellektuele komedie vol "in jokes" oor die Westerse kultuur en subkulture. Aucamp gebruik twee stelle minnaars wat "gemoderniseerde" fragmente van Euripedes se "Orestes" opvoer om onder meer die spanning van 'n driehoekverhouding en die verval

van die Westerse kultuur te belig.

Waar Fourie die onsinnigheid wys van 'n chauvinis wat vervreemding as 'n geslagsprikkel beskou, wys Aucamp die hulpeloosheid van minnaars wat die liefde as 'n uitdrukking van die Westerse kultuur beskou - en mekaar nie meer werklik kan liefhê nie omdat die Westerse "beskawing" in duie gestort het.

Die prul-dramaturg Jack en sy sielsgenoot Shirley beskou die liefde as 'n kulturele opvoedingstaak: albei "bemin" hul ongekunstelde minnaars deur hulle te inisieer in die burgerlike konsep van "kultuur" - met plate van Tsjajkofski, afbeeldings van Van Gogh, operamusiek en dies meer.

Jack besef dat die verval Westerse kultuur 'n swak verwysingsveld is vir die liefde. Hy gaan soek by die ou Grieke iets diepers om vir sy minnaars(s) te sê deur Euripedes se "Orestes" oor te skryf, maar bereik net 'n kitsch parodie van die klassieke. In die moderne verbruikerskultuur, sê Aucamp skynbaar, is ware hartstog nie meer moontlik nie, want dit het alle menslike waardes tot 'n klug vervlak - Helena van



Hennie Aucamp



Pieter Fourie

Troje het Miss Piggy geword, styl heers sonder inhoud.

Die stuk interesseer net serebraal. 'n Mens kan nie emosioneel betrokke raak nie, omdat dit 'n onmoontlike "suspension of disbelief" sou verg. Aucamp beeld die verbrokkeling van die Westerse kultuur naamlik uit deur 'n eklektiese vermenging van style - realisme, absurde teater, komedie en klug - wat konstante emosionele meelewing verhinder.

"Punt in die wind" laat 'n mens uiteindelik koud omdat dit begaan is oor die lotgevalle van 'n ideologiese konstruksie, "die Westerse kul-

tuur", eerder as oor werklike mense. Om te suggereer dat die liefde net in die konteks van die Westerse beskawing sin kan hê, is verspot, indien nie burgerlik elitisties en reaksionêr nie. Kulture kom en gaan, maar nie die mense vermoë om lief te hê nie, anders was daar lankal nie meer mense nie. 'n Mens hoef jou nie esteties te sit en verknies oor die vergange glorie van die Westerse kultuur nie. Jy kan by daardie deur uitloop en mense gaan liefhê bloot omdat hulle mense is, en boonop altyd mense sal bly.

Aucamp raak verskeie newetemas aan - die gesagshierargie tussen "hoof" en "onderdaan" in burgerlike seksuele verhoudinge, die aard van die teater, en so meer.

Alles is in fyn webbe van die woord verweef. Die webbe roer en ritsel sierlik. Maar geen web vang jou vas nie. Of laat iets uitspring wat jou skielik byt nie.

Johan Bruwer is hoofsubredakteur by die tydskrif De Kat.

Vreemdelinge in mekaar se arms

THE TRANSPORTED

A South African Odyssey
Foto's deur David Goldblatt
Teks deur Brenda Goldblatt en Phillip van Niekerk
Aperture Books. Prys nie vermeld.

Deur Hans Pienaar

WIT Suid-Afrikaners was nog altyd verbeeldingryke mense, in so 'n mate dat hulle nog nooit die werklikheid in die pad van daardie verbeelding laat staan het nie.

In die negentiende eeu het hulle geglo swartmense is die kinders van Gam - die feit dat hulle "kaffers" genoem is, van die Arabiese woord "kafir", was die bewys wat die Boere se geleerde dominees aangevoer het. Toe die Gamskinders nie so fluks wou werk soos hulle mos nie, is hulle in 'n stelselmatige veldtog onderwerp, hoofsaaklik met dieselfde "scorched earth"-beleid wat die Boere later in die Tweede Vryheidsoorlog so aan eie bas sou voel.

Toe Verwoerd sewe dekades later Groot Apartheid begin toepas in gefragmenteerde tuislande, is 'n stuk of 3 miljoen mense eenvoudig verskuif om werklikheid by verbeelding te laat pas.

Nou met Groot Apartheid aan skerwe, laat die tegnokrat hulle weer eens nie van stryk bring nie. Deur maatreëls soos die Wet op Onwettige Plakkery word die jongste verdeel-en-heers-strategie koel en kalm toegepas - die skepping van 'n pseudo-middelklas met permanente huisvesting teenoor 'n honger, mismoedige plakkersgepeupel wat 'n permanente swerwersbestaan voer.

Die tuislande, wat almal verwag het "uitgefaseer" sou word toe selfs die Nasionale Party die geklikheid daarvan insien, speel in hierdie strategie 'n belangriker rol as ooit te vore. Met beloftes van genoeg grond en dinge soos redelik goeie skole, is hulle die trekpleisters wat die plakkers van die stede af moet wegtrek.

En waar hierdie tuislande honderde kilometers weg van werk in die stede is, was dit weer eens geen probleem vir ons verbeeldingryke beplanners nie. As die volk nie fietsse het nie, gee hulle busse.

Een van die resultate is die pendelaars van Kwandebele, wat elke oggend van halfdrie af opstaan om werk toe te reis, en dan eers ná tien weer tuiskom. Die busdiens wat hulle gebruik, kry 'n subsidie hiervoor wat per capita hoër is as die gemiddelde inkomste van die "burgers" van Kwandebele.

David Goldblatt se foto's is waarskynlik die beste manier om die verskriklikheid hiervan tuis te bring. Gewapen met 'n kamera, spesiale polisie-aflouerfilm en 'n gordel waarmee hy sy hand aan sy voet laat span het vir stabiliteit, het hy so 'n busrit meegemaak.

Ons sien die moeë passasiers in die donker by 'n bushalte staan, die gedweëheid waarmee hulle die bus bestyg, die man wat 'n papiersak met kleren aan 'n vensterknop hang sodat hy sy kop daarteen kan rus, die kakebene wat lyk of hulle wil breek van al die gaap, die doek wat die passasiers oor hul gesigte gooi om die rye busse agter hulle se ligte weg te keer, die mense wat eers die gangetjie volstaan, dan sit, dan oormekaar lê, vreemdelinge in mekaar se arms.

Goldblatt het hierdie foto's reeds in 1983 geneem, en enkeles in verskillende uitstallings en boeke gebruik. Die wêreldbekende fotograaf het egter eers weer behoorlik na die negatiewe gekyk toe die inwoners in Kwandebele in 1986 op groot skaal teen hul regering in opstand kom. Toe hy ontdek dat die pendelary nog steeds voortgaan te midde van die ergste onrus tydens die Tweede Noodtoestand, het hy besluit om die foto's in boekvorm uit te gee.

Brenda Goldblatt het met 'n paar pendelaars gepraat, en ook 'n paar van die slagoffers van die Imbokodo's, die Kwandebele-regering se stormtroep wat saam met die SAP (met die Weermag ook soms byderhand) 'n skrikbewind in die tuisland gevoer het.

Haar onderhoude is 'n deeglike seleksie,

wat min of meer al die aspekte van dié komplekse en geïsoleerde stuk geskiedenis aanraak.

Phillip van Niekerk se essay is eweneens 'n deeglike stuk werk, wat vertel van die totale vernietiging van die Ndebele-koninkryk in 1884, die ampse slawe-arbeid wat die Ndebeles daarna op die oorwinnaars se plase moes verrig, en die ontstaan van Kwandebele amper 'n eeu later.

Hy gee ook 'n deeglike oorsig van die verwikkelinge in Kwandebele self, waarmee min fout te vind is.

As 'n klein puntjie van kritiek: Van Niekerk lê myns insiens te veel klem op die Verwoerdiaanse ideaal as oorsprong vir Kwandebele. Feit is dat die tradisievolle Ndebeles die enigste swart groep was wat self gevra het vir selfregerende status - en toe ook die enigste "tuisland" was wat sy deure doelbewus vir alle groepe oopgegooi het.

Die ontstaan van die Imbokodo-vigilantes was eintlik 'n aberrasie, en nie soos in ander tuislande die logiese ideologiese uitvloeisel van apartheid nie - aanvanklik het die SAP 'n hele klomp van hulle in die tronk gestop. Dinge het eers verander met die noodtoestand, en die skrikbewind wat die SAP met hul "kitskonstabels" onder 'n nuwe polisiehoof begin voer het.

Van Niekerk se klem op die ideologiese laat hom die huidige vrede onderskat, en ook die rol wat een of twee administrateurs in die SA-regering gespeel het om die krisis op te los.

'n Mens kan net hoop dat die "common sense" wat kop uit gesteeke het, sal groei en sal lei tot die totale afskaffing van die tuislandstelsel.

Hopelik sal amptenare genoeg van 'n gewete ontwikkel om ag te slaan op 'n boek soos Goldblatt s'n.

Hans Pienaar is 'n vryskutjoernalis en die samesteller van "Die Trojaanse perd".

Boesak: gereformeerd en bevry

Elsabé Wessels

DIE 21-jarige Allan Boesak is in 1968 in die Sendingkerk gevestigd. Agt jaar later op 'n plastiektafel in die studentekafeteria van die Universiteit van Wes-Kaapland het hy sy eerste "politieke" toespraak gemaak. Dit was ná ses jaar se teologiese studies in Nederland en 'n paar weke na die uitbreek van die Sowetopstande.

In dié agt jaar het die jong Boesak as 'n predikant in die "bruin dogterkerk" die ware stand van apartheid in die wit Moederkerk en die geknegtheid van die "dogterkerke" aan die lyf gevoel. In Nederland, waar hy 'n doktorsgraad in die teologie ontvang het, het hy finaal die bevrydende gereformeerde kerktradisie ontdek.

Die gereformeerde wat hy in Kampen en Amsterdam ontdek het, was wêreldverwyder van die koloniale kerktradisies wat aan die teologiese skool van die NG Sendingkerk aan hom gedoseer is, en wat "net 'n dominee" van hom wou maak.

"Dit is juis die gereformeerde tradisie wat my nie toelaat om nêr 'n dominee te wees nie. Dit spreek uit die geskiedenis van gereformeerde teologie wêreldwyd. Mense soos Calvyn het politieke riglyne neergelê. Abraham Cuyper, ook 'n gereformeerde dominee, het 'n politieke party gestig en eerste minister geword. Hul optrede was duidelik in ooreenstemming met die verantwoordelikheid van die gereformeerde Christen vir die skepping van 'n wêreld waarin iets van die geregtigheid van God gesien moet word," sê hy.

NG Kerk

Die gevolge wat dié vertolking vir die kerk binne die Suid-Afrikaanse konteks, maak dat Boesak en leiersfigure binne die NG Kerk skerp met mekaar verskil.

Van sy "wit broers" sê Boesak dat hulle die gereformeerde tradisie met opset verdraai. "Veertig, vyftig jaar gelede het dié Suid-Afrikaners 'n ander taal gepraat. Die helfte van die predikante was sosialiste. Toe was die Afrikaner op sy eerlikste. Maar sedert die Afrikaner politieke mag gekry het, het hy een van die oneerlikste mense ter wêreld geword."

Ook buite die wit kerk word hy skerp gekritiseer vir sy "dubbelerol". Kabinetsministers het al minder vleiende uitlatings oor sy rol as "opstoker" gemaak.

Die feit is: Allan Boesak is omstrede - hetsy op die preekstoel of die politieke podium. Sy trefkrag lê in die gebruik van die woord, en sy woorde het die gewoonte om sy toehoorders aan te vuur of te ontstig.

Jare reeds begroet aktiviste sy teenwoordigheid landwyd met vurige dreunsang: "Boe-sak, Boe-sak, Boe-sak ..."

Noem sy naam in die wit politiek en die wit kerke, en die bloeddrukke skiet die bloute in. Volgens hulle dwing hy politiek op die kerk af.

Lewe

"Dis my lewe," sê Boesak oor sy rol as predikant.

"My politiek is gewortel in my geloof. As ek nie die geloof gehad het nie, was ek heel waarskynlik ook te bang om teen ongeregtigheid op te staan."

Hy glo die kerk en politiek is onskeibaar - van kleins af. Hy het in 'n diep gelowige huis en aan die verkeerde kant van apartheid grootgeword. "Ek het nooit die kerk of geloof bevraagteken nie. Want my ma se invloed het sterk gegeld. My ma het instinktief geweet dat God 'n God van geregtigheid is en dat Hy die God van die weduwees, die wese



en die onderdruktes is. Sy was 'n weduwee en ons was wese. Sy het geweet God sal reg doen."

Gemeet aan sy hoë profiel, tuis en internasionaal, het Boesak as Moderator van die NG Sendingkerk, as president van die Wêreldbond van Gereformeerde Kerke, en beskermheer van die United Democratic Front die tagtigerjare sy dekade gemaak. Agt ere-doktorsgrade en ewe veel toekennings is 'n aanduiding van die buitelandse erkenning wat hy geniet.

Maar oor die politiek gaan Boesak nie stilbly nie. "Ons leiers word in die gevangenis en buite die landsgrense gehou. Intussen moet mense hier 'n bepaalde verantwoordelikheid aanvaar, en dit doen ek," sê hy. Met die stigting van die UDF in 1983 is hy as een van veertien beskermhere aangewys.

Aantygings

Oor aantygings dat hy sonder 'n politieke mandaat optree, skud hy net sy kop. "Die mense het my hier in 'n posisie geplaas wat ek nie gesoek het nie. Toe ek in 1976 teruggekem het, het ek nie naastenby geweet dat dinge so sal verloop nie."

Al wat hy in Suid-Afrika wou kom doen, was om met jongmense te werk. Hy was dus bly oor sy aanstelling as studenteleraar. Maar van die oomblik wat hy op daai tafeltjie in die kafeteria teen die ongeregtigheid van die Suid-Afrikaanse politiek uitgevaar het, was hy politiek meegesleur. "Dit was asof my lewensloop eenvoudig uit een rivier in 'n ander, veel breër en sterker stroom geplaas is. Ek kon dit nie meer keer nie," sê hy.

Ingeklm

Sou hy dit wou keer?

In 1978 het hy die Boesak-faktor vir die eerste keer op 'n sinode van die Sendingkerk laat geld. Hy sal nie dié sinode ooit vergeet nie. Hy het ingeklm en gepraat teen die geknegtheid van die kerk.

Hulle was 'n klein groepie wat aan die fundamente van die kerk begin torring het. Drie sinodes later geniet die klein groepie die meerderheid van die kerkklimate se steun.

'n Mens kan die 1986-sinode as 'n persoonlike oorwinning vir Boesak en 'n keerpunt in die kerk se geskiedenis beskryf. Die aanvaarding van

die Belydenis van Belhar - waarin apartheid onteenseglik as 'n dwaalleer en sonde verklaar is en waarin dit teologies bevestig word dat God Hom op 'n besondere wyse aan die kant van die onderdrukte skaar - het 'n verdere wig tussen moeder- en dogterkerk gedryf.

Sinodes

"Dit is ongelooflik wat oor net drie sinodes gebeur het," vertel hy opgewonde. "Jy sal dit net verstaan as jy die Sendingkerk voor die tyd geken het. Met 'n wesenlike ongereformeerde piëtistiese teologie het die kerk net mooi niks met die Suid-Afrikaanse situasie te make gehad nie."

"Kyk na ons Sionsgesangeboek. Nege uit die tien gesange jaag jou met 'n vaart hemel toe. 'n Mens moet net vasskop en sê ek weier om nou al hemel toe te gaan, Here. Is daar nie iets wat ek hier kan doen nie," sê Boesak met tipiese skerp humor.

Hy het onlangs 'n nuwe sangbundel saamgestel, want daar is maar min Sionsgesange wat by 'n preek oor geregtigheid pas. "n Erediens is 'n geheel. Die preek moet gedra word deur dit wat jy sing en bid."

Sing

Oor die feit dat die Sendingkerk nie dieselfde gesangeboek as die wit kerk het nie, skerts hy: "Dit was maar net nog 'n vorm van apartheid in die kerk. Ons kon mos nou nie gaan staan en sing wat witmense sing nie."

Nie dat die wit kerk se psalm en gesangeboek vir hom die antwoord is nie. "Die woorde is mooi, maar die wysies weerspieël 'n swaarmoedigheid en 'n soort van trapsuutjiesdiens wat nie by die lewensblyheid van my mense pas nie. Maar wit mense se swaarmoedigheid spruit natuurlik uit die politiek wat hulle bedryf."

"Dis soos daardie swart toga wat lyk of jy gedurig in rou gedompel is en jou verbied om te lag. Waar is die handklap en die dans voor die aangesig van die Here waarvan die Bybel praat?"

Liturgie

Daar is 'n tasbare vriendelikheid in sy Bellville-gemeente. Hulle groot mekaar met die hand en sing met

oorgawe uit die nuwe boek. Boesak en sy mede-leraars het ook 'n nuwe deelnemende liturgie in hul erediens ingevoer.

"Ek haat kerkdienste wat presies 'n uur duur. In ons gemeente kan nagmaal deesdae twee uur lank aanhou. Daar is eers gesteun en gekreun, maar nou kla niemand meer nie."

As hy dan so 'n onverdraagsaamheid met die gewoontes van die kerk het, waarom het hy al die jare in die kerk gebly?

"Toe ek wou weg, het Beyers Naudé my van die besluit laat afsien. Hy het toe vir my gesê dat dié kerk bevry moet word. Mense soos jy wat sien wat hier moet gebeur, het 'n verantwoordelikheid om in die kerk te bly. Dis jôu mense, jôu kerk - hiér moet jy werk," het Naudé aan hom gesê.

Diskriminasie

En dis wat hy gedoen het. Vir Boesak en mede-stryders teen apartheid in die NG Kerk-familie is die beplande eenwording van die Sendingkerk en die NG Kerk in Afrika die hoogtepunt van 'n stryd om die kerk van diskriminasie te bevry. Elke dag beweeg hulle 'n stap nader aan die stigting van 'n verenigde gereformeerde kerk.

Sou sy rol in die kerk dān vervul

wees?

"Een ding waarvoor ek baie bly is, is dat al verdwyn ek môre van die toneel af, sal dié goed nie in die modder vasval nie. Daar is 'n hele nuwe generasie met 'n nuwe teologiese basis en visie. Hulle sal die ding dra."

Luther

Boesak beywer hom vir 'n ware nie-gewelddadige versetbeweging. "Nie net in die algemeen gewelddoos soos die UDF nie, maar met spesifieke veldtogte in die Ghandi- en Martin Luther King-tradisie.

"Gewelddose weerstand is nie bloot 'n strategie nie, dis 'n oortuiging. Ek het nog altyd geglo dat die Suid-Afrikaanse regering baie gelukkig sou wees as ons hulle met gewere in die strate sou probeer aanvat, want dít is die een ding wat hulle kan doen.

"Die stryd moet so gevoer word dat dit duidelik is wie die morele reg aan hulle kant het. Maar dit bewys jy nie net deur dit te sê nie, maar ook deur jou optrede."

Weens sy vaste geloof in 'n nierassige Suid-Afrika beskou hy homself as 'n verenigende faktor in die stryd.

Oor sy rol as politieke leier in die toekoms is hy minder seker. "Op die oomblik beskou ek my politieke mag as tydelik. Dis nie my besitting nie. Ek koester dit ter wille van ander.



UNIVERSITEIT VAN KAAPSTAD

Afrikaanse Hulpprogram:

Deeltydse Dosent

Aansoekers word ingewag van persone wat gekwalifiseerd en ervare is in die aanbied van ondersteuningsklasse in Afrikaans op eerstejaarsvlak. Van die posbekleër sal verwag word om 5 les-ure per week waar te neem in noue samewerking met ander dosente van die Afrikaans I-kursus en om die nodige nasienwerk te doen, asook om kursusontwikkeling te onderneem. 'n Aanvanklike aanstelling vir een jaar word beoog.

Diensaanvaarding: Januarie 1990.

Salaris: Aanvanklik R1000 per maand.

Aansoekers moet 'n curriculum vitae en die name en adresse van drie referente uiterlik op 18 Oktober 1989 voorlê aan die Departementshoof, Departement Afrikaans en Nederlands, Universiteit van Kaapstad, Rondebosch 7700, van wie verdere inligting bekom kan word.

Aansoekers word oorweeg ongeag die geslag, ras of geloof van die aansoeker.

C68523/961R

DIE oorvloed van inligting oor bewaring en die "groen boodskap" vanuit die Weste en Europa is verstommend. 'n Mens raak terselfdertyd ook agterdochtig wanneer jy tussen pragboeke, met pragfoto's oor die "onvervangbare erfenis" van Afrika, baie min te vinde kry oor ons eie "inheemse" natuurbewaringspogings.

Voordat almal op my rug spring - ek is bewus van Eugene Marais en Jan Smuts se bydraes; ek weet van Skead se Historical Mammal Incidence in the Cape Province en die magdom wetenskaplike tesisse wat op rakke en in kelders van universiteite en museums deur mot en roes verniel word.

Ons praat hier oor die "ander" natuurbevaarders. Die beperkte inligting oor dié vroeë ekoloë is merendeels te vinde in die geskryfte van argeoloë en ander navorsers op die periferie van "natuurbewaring". (Terloops, 'n pragtige voorbeeld van 'n holistiese wêreld word in die boek van Lewis-Williams en Dowson, Images of Power - Understanding Bushmen Rock Art,

Natuurbewaring is nie 'n intellektuele uitvoerprodukt nie

not asked how we manage to conserve our game?"

Die antwoord op die vraag kan gevind word in die uitsprake van hoofman Victor Suping, ook van Botswana.

Suping wys op die feit dat die Botswana, veral in die verlede, van die vrug van die veld moes oorleef; en dat dié werklikheid die basis van 'n tradisionele harmonie met die natuur gevorm het. Die instandhouding van hulpbronne het 'n komplekse en gesofistikeerde bewarings-etiek tot gevolg gehad.**

Die idee was gevestig in taboes, totemdiere, wette en gebruike van die onderskeie stamvolke. Tydens die "bogwera" (inisiësië-skool) is heelwat aandag geskenk aan die "bewaring van die natuur", as 'n beduidende faktor in gemeenskap-oorewing. Klem is ook geplaas op die identifikasie en gebruike van plante en diere. Die mense van elke gemeenskap was dus opgevoed in die noodsaaklikheid van natuurbewaring in hul gebiede. (Vergelyk dit met die moeite waarmee huidige wette en ordonansies tans in Gaborone geraadpleeg word.)

Alle besluitneming ten opsigte van die natuur was in die hande van die stamhoof. Tradisionele geneeskundiges het ook die goedkeuring van die Kgosi benodig, voordat hulle enige versameling uit die natuur kon doen. Die doodmaak van ekologies-belangrike diere, soos aasvoëls, renostervoëltjies, bosluivooëls, sekretarisvoëls, luislange en likkewane was net in uitsonderlike gevalle toegestaan, en dan slegs vir medisinale doeleindes.

Na kolonialisering is verskeie van hierdie "toordokters" (op sigself 'n neerhalende begrip) in hegtenis geneem as gevolg van die besit van reste van sogenaamde "kroonwild"! Spesies wat in groot getalle in 'n gebied voorgekom het, was nietemin ook beskerm en tot die voordeel van die hele gemeenskap gebruik.

'n Voorbeeld hiervan was die letsholo, 'n tradisionele jag deur 'n "regiment" van mans,

goedkeur en bygewoon deur die stamhoof.

Sulke jagekspedisies het hoogstens drie keer per jaar voorgekom.

Die doodmaak van paddas, swaeltjies of duisendpote was taboe vir alle Batswanas. Dié diere is as die reënkinders van god beskou, en die doellose doodmaak daarvan het op 'n voorspel tot droogte gedui. 'n Gemaalde duisendpoot was as 'n uitstekende middel teen ooginfeksies beskou, maar die poeier kon slegs van duisendpote wat 'n natuurlike dood gesterf het, verkry word.

'n Ander taboe was gerig teen die eet van eiers (van wilde of mak voëls) deur kinders. Dit sou glo "go tswa dbokwana mo maleng" veroorsaak, of "wurms in die maag". Voëlneste in die veld én tuis, was dus teen avontuurlustige kinders beskerm. Klink dit na die "vlooië in die maag"-storie?

Diere-totems beteken vir 'n Motswana 'n komplekse geheel van morele en juridiese regte, maar ook verantwoordelikhede. Die eenheid van die stamvolk is hieraan verbind. As gevolg van die noue verbintenis tussen die Batswana en die natuur, het elke groepering 'n spesiale dier as 'n simbool van eenheid gekies. Vandag word die taboe op die doodmaak van die gekose dier steeds gevolg.

Kgosi Victor Suping stel dit derhalwe duidelik dat die idee van bewaring van natuurlike hulpbronne nie as 'n intellektuele uitvoerprodukt van die Weste beskou kan word nie.

Wilddiefstal het in Botswana (en die res Afrika) ernstiger afmetings begin aanneem met die vervanging van tradisionele gebruike met koloniale wette en idees. Kolonialiste het versuim om die gevestigde bewarings-etiek in ag te neem en bewaringswette het gevolglik nooit die ondersteuning van die plaaslike stamvolke geniet nie.

Suping gee (met voorbehoud) erkenning aan pogings om die probleem reg te stel. In Botswana (en ook in ander gebiede in Afrika)

wentel die pogings om materiële hulpmiddels aan die plaaslike bevolking te verskaf.

Dié rasionaal, volgens Suping, is tweeledig van aard: eerstens is daar die erkenning dat die plaaslike bevolking deur gesentraliseerde wetgewing van hul tradisionele regte ontnem, en sodoende verarm is; en tweedens, dat hulle nie oor die vermoëns beskik om die estetiese waarde van die natuurlewe te waardeer nie. Gevolglik sal hul goedgesindheid en ondersteuning deur tasbare voordele soos vleis, dekgras, vuurmaakhout, en geld van toerisme uit nasionale parke, gewaarborg word.

Suping sê dié oplossing is neerhalend en naïef. Hy wys op die uiteindelijke mislukking van 'n beleid - gesien die groeiende landelike bevolking in Afrika en die (natuurlik-) beperkte opbrengs van hulpbronne - wat uitsluitlik op "materiële voordeel" berus.


Hy beroep hom op die herontdekking van die tradisionele waardes in die ekologiese etiek van die mense van Afrika, wat geskiedkundig die eweknie, en in sommige gevalle meer gevorderd, as dié van Westerse kulture was. Hy bepleit nie 'n blote terugkeer na tradisie nie, maar 'n gesonde vermenging met moderne (Westerse) wetenskaplike gegewe en metode:

"The end result will be a pragmatic and synergistic blend of traditional and western ethics and an optimistic future for wildlife conservation in Africa."

* Kgosi Seepapitso IV, The Traditional View, Proceedings of a workshop organised by The Kalahari Conservation Society & the Botswana Department of Wildlife & National Parks, 1988.

** Kgosi Victor S Suping & Roger Collinson, The Wildlife Conservation Traditions of the Batswana; by 'n Endangered Wildlife Trust-konferensie - "National Parks and Neighbours"; 1988.

Tienie du Plessis is 'n grafiese kunstenaar en mededirekteur van Taurus-uitgewers.



geskilder.)

Nou en dan loop 'n mens die ware Jakob raak:

Kgosi (hoofman) Seepapitso IV, van Bangwaketse (in die suidelike distrik van Botswana), het tydens 'n seminar* oor die standhoudende gebruik van natuurlike hulpbronne (1988), die volgende onthutsende stelling kwytgeraak: "At independence game control came under central government; local control was lost and so was the game. Nowadays we are often told in a rush by 'experts', mainly foreigners, that game should be conserved. The overseas experts have no game in their countries - why are we

Ons leef in 'n kultuur van sensuur

ONLANGS het 'n paar suidelike skrywers, na 'n vergadering om die Victoria Falls-beraad te bespreek, verklaar sensuur is nie meer die probleem vir skrywers nie.

Met die sentiment agter die stelling stem ek heelhartig saam - dat skrywers, en ook nie-skrywers, nie meer besig is met blote opstandigheid teen regerings nie, maar met die opbou van 'n nuwe samelewing.

Maar sensuur is nog steeds die probleem - 'n mens behoort eintlik te sê dit het nou al so groot soos die samelewing self geword.

Dink 'n bietjie hoeveel mense is betrokke by die een of ander vorm van sensuur.

Vat nou maar die konvensionele sensuurapparaat, Kobus van Rooyen s'n. Daar is klaar 'n handvol sensors op die Appèlraad oor Publikasies.

Daar is daar die publikasiekomitees, waarvan daar 'n hele paar bestaan, elk met 'n stuk of tien, twintig lede. Daar is soveel sensors dat die Broederbond sy "vriende" elke twee jaar in landswyse omsendbriewe moet aanmoedig om tog maar aan te meld vir sensuurdiers.

Dan is daar nog die advieskomitees, waarvan ek die samestelling nou weer vergeet het. Maar ook hulle lewer nog 'n hele paar handevol by.

Dan volg die SAUK, wat bekend is vir die baie werksgeleentede wat hy skep.

Het u al ooit gewonder hoeveel mense is betrokke by die sensuur van plate in hul honderde, soos Theunis Engelbrecht so goed in Kalender onthul het?

Hoeveel van hulle is nodig om al die "Oh God's" in rolprente raak te sien en dié vreeslike vloekwoorde te verander in mimiek? Hoeveel van hulle is nodig om al die TV-programme en voorstelle deur te gaan vir iets ongewens?

So gaan ons voort na die rolprentewese. Ingevolge die nuwe subsidiestelsel mag prente wat afgekeur word deur die ware sensors, dis nou Kobus van Rooyen-hulle, nie subsidies kry nie.

Dis 'n slim een daardie, want dit verander elke voornemende regisseur, geldskietter, produksieleier, kameraman, akteur in 'n sensor, nie waar nie?

Wie op die stel gaan aandrang op doeltreffende seks of sê nou maar 'n

Hans Pienaar

stukkie realistiese polisiegedeelte wanneer soveel miljoene op die spel is? Ons trek nou al hier by die duisend. Of twee, drieduisend - wie sal ooit weet.

So kom ons by die koerante uit. Dieselfde soort ding geld hier. Onthou u toe die media-noodregulasies die eerste keer ingestel is? Al die dispute oor wat die terme nou eintlik beteken, terme soos ondermynend, afbrekend, ens ens?

Weer was die amptenare so slim soos die houtjie van die galg. Ons weet nie, het hulle gesê: gaan vra julle prokureurs. Ingevolge ons regsopset mag prokureurs net geld maak, geregtigheid is nie hul-taak nie, dis die regter s'n.

Die gevolg is 'n ingeboude versigtigheid. Om geld te verloor is taboe, en as daar regtig die gevaar is dat 'n koerant 'n oplaag sal verloor, sal prokureurs altyd moet wys op moontlike oortredings - en so verskonings verskaf vir sensuur.

Deesdae raadpleeg koerante nie eens meer hul prokureurs nie, hulle besluit sommer self.

Natuurlik is dit om hulle geld te

bespaar, maar feit is dat dit elke joernalis in 'n besluitnemingssposisie in die rol van sensor plaas.

Bogenoemde geld ook net Engelse koerante. By Afrikaanse koerante begin die self-sensuur sommer op verslaggewersvlak: bittermin Afri-



Hans Pienaar

kanse joernaliste sal die moeite doen om op eie inisiatief 'n stuk "onrus" te rapporteer, al gebeur dit ook voor hul oë.

Dan is daar nog die twintig stuks onderwysdepartemente, elkeen met sy eie paneel wat voorgeskrewe boeke sif.

En die uitgewers, wat manuskripte

aan die hand van departementele riglyne "keur", speel ook saam sensor.

So kan 'n mens aangaan.

Maar verreweg die grootste groep sensors in die land is die polisie. Enige polisieaanwysing mag enige boek of publikasie van jou afvat, mits sekere vaag omskrewe omstandighede geld, waarvoor hy of sy meederes in die mag in elk geval alleen besluitreg het.

Dis nou ingevolge die noodregulasies.

Dit maak sowat 30 000 sensors, of hoeveel polisieaanwysing daar ook al is. Voeg al die kitskonstabels by (wie gaan sy mond oopmaak as iemand met 'n geweer in sy voordeur staan?).

Ek werk maar rof met die syfers, omdat dit nie saak maak nie. Ons is in elk geval almal in sensors verander. Ons leef in 'n kultuur van sensuur.

Hans Pienaar is 'n vryskut-joernalis en samessteller van Die Trojaanse Perd, 'n Taurus-publikasie waarop die polisie beslag gelê het

Almal wil 'n vinger in die kunspaai hê

KULTUUR in ons land word 'n grap. Nie noodwendig weens die gehalte van die kunstenaars of hulle werk nie (want ons het al bewys ons beskik oor die beste ter wêreld), maar eerder weens die druk van beide links en regs om die kunste ("kultuur") te beheer. En dít deur Suid-Afrikaners wat nie eens regstreeks by die kunste betrokke is nie.

Die onkundige, self-belangrike geskarnel na mag en die gepaardgaande gemors wat daaruit spruit, lewer 'n snaakse spulletjie op.

Beide die regering en die progressiewe groepe het ontdek dat "kultuur" (algemeen aanvaar as die kunste en sport), 'n gedugte propaganda-wapen is. Albei wil deur middel van sekere kodes en simbole dié wapen tot eie voordeel inspan.

Dit maak nie saak hoe mens daarna kyk nie, beheer is sensuur. En soos

intelligensie beledig word.

Het die destydse Inligtingsburo byvoorbeeld werklik gedink selfs die domste jafel uit die Noordelike distrikte kan nie deur 'n simpel poging soos die "Towards a Brighter Future"-liedjie sien nie? Of wie het werklik geval vir die naïewe, kwasi-revolutionêre gespoeg en geproes van die hartbloeiende protesteater-gier?

Die meeste burgers (veral dié wat onder Christelike Hoër Onderwys deurgeloopt het) is bewus dat die burokratiese wurggreep van die staat op die kunste beveg moet word. Dat daar geen plek vir dié idiotiese en visie in 'n groeiende kultuur is nie.

Vir dié vreesbevange burokrate kan ons 'n finale woord oor sensuur gee: NIEMAND is nog OOIIT werklik GEDWING om 'n kaartjie te koop om 'n "gewaagde" (politie van pornografies) vertoning by te woon nie. En as jy nie jou volk vertrou of soos verantwoordelike, volwasse burgers die keuse gun nie, sal hulle nooit verantwoordelik of volwasse word nie.

Buitendien, as mense op 'n sekere wyse "gestimuleer" wil word, sal niks hulle daarvan weerhou nie. Al moet hulle oorsee vlieg - soos baie van die bogenoemde burokrate...

Maar kan hierdie versmorende houding deur 'n ewe eng ideologie in die praktyk beveg word? Wat van die "beperkings" aan die ander kant

van die spektrum?

Sedert die "selektiewe boikot" die nuwe "buzz"-woord in progressiewe kultuurkringe geword het, word die verwarring oor wat kosjer is of nie al hoe erger. Die paranoia, burokrasie en self-belangrikheid vier op dieselfde manier hoogty. Almal wil 'n vinger in die paai hê.

Honderde klein organisatietjies laat hulle stemme hoor. Maar almal werk natuurlik en praat namens die "groter orde" wat tot dusver redelik onsigbaar is (veral in die buiteland).

Fawo (Film and Allied Workers Association) het onlangs daartoe bygedra dat rolprente soos The Stick en Quest for Love van die Londense filmfees-program afgehaal is.

Die Transvaal se Interim Cultural Desk (BDB) dreig elke jaar om die Grahamstadse kunstefeese te boikot. Een van die redes wat vir dié soort

kleinlike druk aangevoer word, is dat "ons nie in die saak geken is nie".

Maar toe Vrye Weekblad se redakteur, Max du Preez, tydens die Grahamstadse Fees-sage in sy hoofartikel vra wie dié mense nou eintlik is en wat hulle magte behels, was heelwat "progressiewes" hewig ontsteld.

Ons wil weet wie julle is ou maat(s). En wie julle die reg gun om oordele oor die kunste uit te spreek en besluite namens die volk te neem. Wat doen julle om die kunstenaars werklik te help - pensioenskemas, mediese fondse...? Mag iemand wat nie ure lank kan sit en knetter oor Marx en Engels se geskrifte nie met julle kom praat? Waar IS julle!?

Te midde van die nuwe gier om "kultuurorganisasies" te stig, het die WCCC (Western Cape Cultural Congress) verlede jaar met dié volgende konstitusionele uitlating

voëndag gekom: "We are a non-Sexist organization based in favour of women." Oor sulke snert kan daar nog gegiggel word.

Maar as die gekarring oor kulturele-geurillas (eerder as "werkers") te erg word en jong kamerade opstaan en stellings maak soos: "Even in a post-revolutionary South Africa we will see to it that only post-revolutionary material is staged," moet 'n mens begin worry.

Nee wat! Beveg Bles Bridges ten alle koste. Maar wat kultuur betref, moet die gemeenskaplike stryd eers- tens teen sensuur wees - op alle vlakke. In 'n demokrasie mag elke kleinlike, arrogante neo-Nazi en ongemaklik entoesiastiese revolutionêre kwaaijong sy sê sê (solank hy net nie te aggressief word nie - dan word hy gemoer).

En die publiek sal self 'n oordeel vel. Dit is miskien idealisties, maar dit behoort die basiese oogmerk te bly.

Deur fasciste van die verhoog af te hou, word ons hier by VGVBNOFV - Verskuilde Gooiers Van Bierbottels Na Fasciste Op die Verhoog - van ons basiese demokratiese regte ontnem.

Vrye Weekblad se kunsredakteur, CHRIS DU PLESSIS, verlaat ons aan die einde van dié maand om by City Late-Tydskrif te gaan werk

Buitendien, as mense op 'n sekere wyse gestimuleer wil word, sal niks hulle daarvan weerhou nie.

altdy is die kunstenaars in die middel van die belaglike spektakel vasgekeer. As hulle hul eerlike menings oor ons land lug, word hulle vervolgt. As hulle, volgens die progressiewe bewegings, dit nie goed genoeg as vrome "kulturele-guerillas" doen nie, word hulle vooruitgang as kunstenaars gestuit.

Voorheen was dit meer eenvoudig. Die "wapens" was deursigtig, maklik definieerbaar. En die publiek het maar magteloos sit en kyk hoe hulle



Chris du Plessis

Gee ons geregsdieners, nie wolwe nie

"GENERALLY speaking, the division between the SAP detectives and the Riot Squads are the differences between local policing and the para-military wing of a State task force. In a sense, the policing apparatus is divided against itself. But this is no consolation for those who oppose it, because in the last analysis it is cemented together by the ideology of Total Onslaught," skryf Don Pinnock in 'n studie oor bendes. (D Pinnock, The Brotherhoods, David Phillip. Kaapstad: 1982)

Die gebeure rondom luit Gregory Rockman en sy ondersteunende bevelvoerder kol John Manuel, dui daarop dat bogenoemde verdeling dalk nou op die spits gedryf mag word.

Die redes vir veral Rockman se geloofwaardigheid, selfs heldeverering in Mitchell's Plain, moet nie net in sy charisma, moed of welsprekendheid gesoek word nie.

Rockman se kritiek op die onluspolisie verkry juis so 'n sonderlinge krag omdat hy die prioriteite van die "gewone" polisiepersoon voorop stel: misdaadvoorkoming en -bestryding.

Hy besef kennelik dat arbitrasie en onderhandeling deel is van 'n ware geregsdienaar se amp. Daarom is hy een van 'n skaars soort.

Daarenteen deel hy in die frustrasies en gevare waaraan die gewone polisiemans veral in die townships blootgestel is.

Die skep van 'n taakmag vir politieke beheer (die onluspolisie) was ten koste van die ge-

wone polisie, wat sedert die sewentigerjare al minder bekragtig geraak het om misdaad te bekamp.

Oorbelaeding van individue weens personeeltekort was maar een faset hiervan.

Intussen het 'n gedyende onluspolisie baie daartoe bygedra om die lewens van die gewone polisie in die townships in gevaar te stel.

Die onluspolisie het in die naam van die SAP met kenmerkende Totale Oorgawe opgetree. Ek sou graag wou weet hoeveel van die polisie-personeel wat die laaste vyf jaar in politieke onrus dood is, onluspolisie was. Ek raai dis 'n minderheid.

Sedert die vorige dekade al is die Onluspolisie die Mag se bedorwe, voorgetrekte kind wat die res van die familie se posisie kompromitteer. Dikwels tot die dood toe.

As mense in Mitchell's Plain op Rockman se versoek vreedzaam uiteengaan ná 'n protes, wys dit dat daardie gemeenskap nie anargisties, wetteloos wil wees nie. Dat hulle kan identifiseer met 'n staatsampenaar wat hulle regte

en lewens wil beskerm. En met 'n politieke bestel wat so 'n persoon kan bekragtig om dit te doen.

Die onluspolisie is juis die faktor wat die huidige staat uiters verdag maak as dit by laasgenoemde kom.

Dis tog sekerlik vir swart en bruin gemeenskappe duidelik dat die staat meer belangstel in die onderdrukking van protes met die onluspolisie, as in misdaad-



Dirk Winterbach

bekamping en beveiliging.

Min wit Suid-Afrikaners weet regtig aan hoeveel geweld die townshipbewoner blootgestel is. Die behoefte aan veilige gemeenskappe is waarskynlik 'n onderskatte komponent in politieke versetaksies wat dan met selfs feller geweld deur die onluspolisie begroet word.

Soek mens 'n sinoniem of presedent vir die onluspolisie, kan jy gaan kyk na sogenaamde "crack units" wêreldwyd, in Suider-Afrika na die Selous Scouts in Rhodesië; die valskermataljon; die Recces; Koevoet en ander taakmagte met spesiale opdragte en tegnieke waarvan ons weet (of nie weet nie).

Uniek van die onluspolisie is die mate waartoe hul opdrag op openbare massaprotes gerig is.

Wat hulle gevaarlik maak, is die konsepsie van protes waarmee hulle in die veld gestoot word. Dis een wat verset, as sodanig, as wetteloos, chaoties, aangespoor deur belhamels en agitators definieer.

Presedente vir die rol wat Manuel en Rockman op hulle geneem het, is die UDF se

"marshalls" wat protesaksies orden en koördineer, die Britse Bobby, ten beste 'n ware geregsdienaar. (In teenstelling met die berugte Britse "Special Patrol" - bulterriërs met pette op). Untag wat met swierige skete en al 'n vredesmag is.

Besonders in dié geval, is dat Rockman en Manuel merkwaardige resultate bereik in 'n opset waar die staat se gebrek aan legitemiteit saamgevat word in die persoon van die polisiebeampte.

Manuel en Rockman gaan nog baie frustrasies beleef. Dalk nog meer as die onkreukbare Serpico.

Daar gaan kritiek wees van regs én van links. Laasgenoemde gaan seerder maak, want dit gaan uit die gemeenskap kom - daar sal gesê word dié twee offisiere bevrage teken slegs die onluspolisie se wanpraktyk, en nog nie die stelsel wat dié geweld in swang wil hou nie.

Tog spreek hulle optrede van 'n vasbeslotenheid op die Kaapse Vlakte dat sosiale beheer, misdaadbekamping, -voorkoming en beveiliging teruggegee moet word aan die gemeenskap.

Deur hul sê dié streek NEE vir kragdadige politieke beheer deur elite-eenhede wat nog meervrees en woede wil innoker.

Dis stelling een van die kragtigste, mees effektiewe versetstellings wat vandag deur beskikbare kanale gemaak kan word.

Dirk Winterbach is 'n lektor in Sosiologie aan die Universiteit van Wes-Kaapland

Vrye Weekblad

Heksejag

Die aanhouding en marteling van honderde van hulle lede deur Swapo as sogenaamde "spioene" - en die dood en verdwyning van dosyn van hulle - gee 'n mens koue rillings.

Watter tragiese pad om te loop vir 'n eens trotse organisasie wat sedert 1959 veg vir vryheid en onafhanklikheid van Afrika se laaste kolonie.

Die houding van verskeie van dié gewese aangehoudepes word deeglik in dié uitgawe van Vrye Weekblad geïllustreer: ons het nie "gedraai" nie; ons glo nog in waarin ons altyd geglo het. Maar iets moet aan die leierskap gedoen word.

Geen beskaafde mens - selfs dié wat oor die jare Swapo sterk gesteun het - kan help om bekommerd te wees oor die toekoms van Namibia onder 'n Swapo-regering as daar na hul onlangse rekord van demokrasie en menseregte gekyk word nie.

Die leierskap onder Sam Nujoma is besig om die probleem te vererger deur die optrede te verdedig of te ignoreer. Daar is geen sigbare teken dat hulle bekommerd is oor die effek wat 'n vervreemding van intellektuele en die verslegting van gevoelens tussen stamme op die toekoms van die land kan hê nie - of 'n gebrek aan internasionale vertroue op die toekomstige ekonomie nie.

Daar is net een stap wat die Swapo-leierskap nou kan neem: 'n volledige, onpartydige ondersoek met volle getuienis deur die slagoffers oor wat met hulle gebeur het en wie daarvoor verantwoordelik is.

Eerste in die beskuldigdebank moet staan die Slagter van Lubanga: Solomon Auala, hoof van Swapo se sekuriteit wat in byna elke verslag genoem word.

Maar die betrokkenheid van die Swapo-leier, Sam Nujoma, en senior leiers soos Hidipo Hamutenya moet ook ondersoek word.

En dan moet Swapo daadwerklik optree teen die skuldiges, en by die slagoffers apologie aanteken en om werklike versoening vra.

Eers dan kan Namibia met sy kop omhoog sy plek in die gemeenskap van nasies inneem.

Nog polisie-hardhandigheid

Gee FW 'n kans. Hoeveel keer het ons dit nie die laaste paar maande gehoor nie?

FW het nou 'n kans. Wat maak hy sover daarmee? Nadat hy verskeie voorbeelde gesien het van hoe vreedsaam protesmarsse kan verloop, verbied sy regering die vrouemars in Pretoria. En pleks van rustig verloop soos die optogte in Kaapstad en Johannesburg, vloei die bloed.

FW het die voordeel van luit Gregory Rockman se getuienis oor hoe die polisie optree as hulle nie fyn dopgehou word nie. Wat het die De Klerk-regering daaraan gedoen? 'n Interne ondersoek gelas wat nou joernaliste dagvaar wat oor Rockman geskryf het.

En toe gebeur dit alles weer laas Saterdag: polisiemans wat hulself te buite gaan en oormatige geweld gebruik. Kom daar nou 'n interne ondersoek daarna ook?

Die polisie se vriendelike houding teenoor die verregeskollees op Kerkplein wat met hul walglike rassisme en selfs geweldpleging teenoor swart omstanders verhouding in Pretoria 'n paar jaar teruggesit het, vertel 'n onstellende verhaal van wie en wat ons polisiemag geword het.

Hou op praat van versoening en vrede en demokrasie, mnr die president, en gaan 'n slag oor tot aksie.

Jou mooi woorde begin alteveel soos 'n vioolspeler klink terwyl die land brand.

So sê hulle

"Terwyl ons nog besig was om weg te stap, het polisiemans met knuppels ons bestorm en begin om van die vroue in vangwaens te laai." - 'n Deelnemer aan Vroue teen Verdrukking se protesoptog na die uniegeboue.

"Die Polisie sal nooit gewelddadige optrede goedpraat nie." - Brig Leon Mellet, perssekretaris van die minister van Wet en Orde.

"As daar moeilikheid is, moet die vrouens en kinders na Oom Paul se standbeeld gaan en die mans sal 'n kring in die vorm van 'n wawiel om hulle vorm." - 'n AWB-leier by die betoging op Kerkplein.

"Apartheid is in die laaste vyf jaar van sy tragiese en perverse bestaan." - Jan Steyn, voorsitter van die Stedelike Stigting.



HJ Schutte van Stellenbosch skryf:

As minister Adriaan Vlok met sy swart hoed op die televisie verskyn, kry ek altyd die indruk van 'n goeie ou boerseun wat dit tog so goed bedoel en sy bes probeer.

Maar gedurende die afgelope verkiesing het die kraalmis tussen sy tone regtig gewys. Onthou u hoe hy Tiaan van der Merwe op televisie gevra het: "Is jy dan bang vir hulle?" Bedoelende die breë demokratiese beweging.

Die stoere ou boerseun was van plan om ons kiesers te wys hoe 'n plaasklong 'n stewige vuishou kan plant! Kragdadig sien! Toe word daar by die Strand en Bloubergstrand, volgens die goeie ou boere-tradisie, 'n stewige vertoning met die sambokke gelewer.

Gelukkig het daar 'n bommetjie êrens op Bloubergstrand ontplof, sonder om skade aan te rig, wat as ekskuus kon dien. (U sal onthou dat Van der Merwe aan die boerseun gesê het dat hy graag sou wou weet wie nou eintlik die bom daar geplaas het. Terloops, toe die polisie die film Cry Freedom gekonfiskeer het, was die rede wat genoem was ook so 'n onskadelike bommetjie wat by 'n bioskoop ontplof het. Gerugte is dat die film nie juis 'n vleiende beeld van ons geregsdienars gee nie.)

Hoe dit ookal sy, die kragdadige vertoning het eintlik nêrens byval gevind nie. Selfs lede van die polisiemag het begin persverklarings uitreik, en wat eintlik vir home consumption bedoel was, het in die buiteland opslae gemaak.

Maar hoe moes 'n boerklong dit nou geweet het daar waar hy agter die ou kraalmuur staan en die vlaktes bespied? Die buiteland? Waar is dit en wat kan hulle doen wat ons nie met kragdadigheid kan regstel nie? Is ons dan bang vir hulle?

Maar die baas van die plaas moes waarskynlik 'n paar woorde gepraat het, want ek hoor toe nou die aand op televisie dat hy ons flink riot squad op die Skiereiland vertel 'n glimlag is partykeer beter as 'n knuppel en dat daar 'n akademie gestig gaan word waar hulle die glimlag kan oefen.

Ja, ek onthou toe hoe Louis le Grange op 'n keer op die kassie verskyn het en sê "hy het net kom kyk wat die manne op Uitenhage doen". Toe wonder ek of daar tog nie miskien êrens ook 'n voorsitterstoel oop is vir die boerklong nie.

Gróót vuur

JJ Uys van Pietermaritzburg skryf: Na aanleiding van Die week in die nuus (Vrye Weekblad, 1 September) net die volgende: As Seven Oaks naby Harrismith is, dan is Pofadder naby Hongkong.

'n Vuur wat só ver kan voortwoed, moet in die Guinness Book of Records opgeteken word!
Daz Vedanya!

BRIEWE

Vrye Weekblad plaas alle briewe wat nie die wet oortree of lasterlik is nie, mits die korrespondent se naam en volledige adres bygevoeg word as 'n skuilnaam gebruik word. Die redakteur behou die reg voor om briewe te verkort. Skryf aan: Die Redakteur, Vrye Weekblad, Posbus 42637, Fordsburg 2033.

Kraalmis tussen boerseun se tone wys

Lae profiel asseblief

Amy Thornton, die voorsitter van die Kaapse Demokrate, skryf:

The past few weeks have seen a variety of anti-apartheid protest actions throughout the country. With hindsight, these episodes can be seen as falling into two distinct categories: those characterised by conflict and injury and those which were peaceful and orderly throughout.

Without exception the former category all involved vigorous police intervention. We refer here to the Strand/Bloubergstrand beach protests, the Cape Town Women's march, the march to Parliament and activities in the townships.

At the latter type, seen in the Saldanha Bay and Durban beach protests, and the Cape Town, Johannesburg and Pretoria marches, the police kept their distance or were invisible.

The conclusion to be drawn is obvious: people plus police equals violence; people minus police equals peace.

The Mass Democratic Movement has displayed the most rigorous discipline whenever the police have kept a low profile. The use of excessive force on the part of the police in the communities has even been testified to by a serving officer, Lt Gregory Rockman and 40 of his colleagues.

We trust that messrs de Klerk and Vlok will continue the policy of maintaining a low profile at protests of a peaceful nature. We have already experienced a taste of what the consequences will be if they do not.

Vars koerant

Melanie Verwoerd van Oxford, Brittanje skryf:

My man sê ek sal net so oneerlik as 'n Nasionalis wees as ek nie skryf nie. Nou skryf ek maar dadelik.

Sien, ek het so rukkies gelede vir 6 maande op Vrye Weekblad ingeteken. Ek weet nie presies meer hoeveel ek betaal het nie, maar so ver ek weet nie genoeg vir lugpos nie. (Ons ontvang die koerant per lugpos.)

As dit julle gawe mense se bydrae tot die opvoeding van ons arme studente is, vergeet dadelik dat julle iets van my gehoor het en aanvaar ons opregte dank.

Ons is net bietjie bekommerd - veral na julle so baie vir die liksens moes betaal. Verder weet mens nooit wanneer Stoffel en kie hulle vir julle wip nie en dan kry ons dalk 'n rekening. (Wat ons nie kan betaal nie.)

Nodeloos om te sê is dit heerlik om Vrye Weekblad so vars te kry en ons geniet dit werklik! Dis omtrent ons enigste nuusmiddel van die huis af - uitgesonder die "Burper" wat maande laat in die biblioteek verskyn en in elk geval niks nuus bevat nie.

Veral Brolloks is my "hero". So: as julle spaarvarkie dit kan bekostig. Doen gerus so voort. (dan wen ek ook sommer die argument met my man.) Indien nie, stuur maar bootpos (Sug!)

Nogmaals baie dankie vir die lekker leesstof! (en groetnis van al die boere(?) in Engeland.)

'n Nuwe naam vir FW het ek nie, maar ek dink dié liedjie pas by PW:

Eensame krokodil.
"Ek is 'n eensame krokodil - mense kyk vir my en grill. Ek soek maters hoog en laag, maar almal sê ek vreet te graag!"

Vervolg op bladsy 22



Koeksuster-politiek, twee bediendes en 'n wasmasjien wat net met wit hande werk

EERS was daar ons mevrou president madame De Klerk se lelike blaspie oor bruinmense wat maar eintlik uitkot is wat haar nou al vir ses jaar jaag.

Mens sou dink ons nuwe minister van Gesondheid sou iets daar kon leer. Maar moenie glo nie, dit lyk vir Brolloks minister Rina kompeteer nou met mevrou president madame Marike de Klerk om die prys te geps vir voet-in-die-mond-politiek.

Verlede Vrydag op Vrouerubriek het ons nuwe minister so 'n paar van haar geheimpies verklap: nee, minister Rina maak nie kos nie, want sy het "twee bediendes" en hulle kan albei kook. "n Mens leer hulle mos so na jou hand," verduidelik sy ewe vriendelik.

Maar moenie vir 'n oomblik dink daar is 'n lui haar op ons minister Rina se kop nie. Want een ding waarby sy staan, is om elke oggend haar eie wasgoed te was. "Ek laat hulle nie toe om aan my masjien te raak nie," bieg sy sommer openlik op die lug.

Maar minsiter Rina het darem ook bekomernisse buite haar huis. Die bevolkingsaanwas is te groot, meen sy.

* Brolloks wonder nou net wat Rina beoog om te doen. Dit smaak Brolloks mos of die vrouefederasie nie net vergeet om mense etiket te leer nie, maar ook basiese lesse in ras-severhoudinge.

Twee hogeres en die ANC...

Brolloks wil nou ook nie te vermakerig klink oor hoëlui uit die Kaapse Afrikaanse establishment wat môre die ANC in Londen ontmoet nie.

Brolloks weet wie hulle is, maar daar word gevrees dat publisiteit dié twee Broeders op die vlug sal laat slaan.

Die een is juis nogal bekend vir sy uitgesproke teenstand teen sulke

ontmoetings, terwyl die ander al 'n slag of wat 'n stokkie voor andere se ontmoetings gesteeke het.

Brolloks wonder of veral die een se paspoort nie ingetrek gaan word nie.

* Brolloks wil net weer sê: broers, wel gedaan. Welkom in die era van glasnost en geniet die gasvryheid en goeie geselskap van julle landgenote.

Vermaas en Dawie en Sam

Die naam Albert Vermaas is natuurlik nie vreemd nie. Ook nie sy verbintenisse in die Kabinet met Magnus, Pik en Barend nie.

Maar nou kan Brolloks twee nuwe name in dié souspot gooi.

Raai raai wie word vandeeweek saam met hom gesien in die New-Victoria-restaurant in Pretoria?

Niemand anders nie as Dawie de Villiers en Sam de Beer.

* O ja, Vermaas het die rekening betaal. Die wyntjies het glo gevloei en die glasies het geklink.

Die prys van 'n troika

Hardnekkige gerugte doen steeds die rondte dat 'n kontantbonus die Demokratiese Party sal toekom indien een leier op die party se konferensie aanstaande week aangewys word.

En dit is gewis nie Denis en Wynand wat die sugar daddy het nie.

* Te oordeel aan die lobbying onder

die oud-Progge, moet die prys op Zach de Beer se kop hoog wees.

Onheilige drie-eenheid

So gepraat van lobbying. Die groot vraag bly steeds of die moderator van die NG Kerk, prof Johan Heyns, sy dienste vir die regering aangebied het om met kerkleiers te onderhandel oor die Kaapse opmars.

Wat Brolloks met gesag verneem het, is dat die moderator 'n uitnodiging van die aartsbiskop en dr Allan Boesak om by hulle in te haak en apartheid op sy neus te slaan, van die hand gewys het. So 'n besluit wou hy nie maak "voordat hy met die regering gekonsulteer het nie."

* Nee wat, professor Heyns, is dit nie tyd dat die NG Kerk die regering se hand los nie? Dit lyk steeds na 'n onheilige drie-eenheid, dié aanhoudende konsultering tussen kerk, party en regering.

Rozanne Wie?

Rozanne wie? Ja-nee, dis hoe dit gaan vandag. Een dag die prinses van Westbrooke en die volgende dag? In die wildernis. Nadat die Groot Krokodil uit die gety poel verdryf is, het dit maar stil rondom die boerroyalty geword.

Maar soos 'n tipiese chip off the old block het Rozanne, voordat die volk heeltemal van die Bothas vergeet het, 'n langspeler gesny. Dis nou voordat almal vergeet van die "lekker partytjies" wat hulle op die landgoed

gehou het.

* Miskien sal die Botha-spruite leer dat die werklikheid in Suid-Afrika lank nie meer 'n partytjie is.

Marsjeer en kry 'n vriend

Waar gaan sy nou "interessante mense" ontmoet? Brolloks wil aan die hand doen dat Rozanne aan 'n vreedsame straatoptog deelneem.

Daar sal sy sommer baie interessante mense ontmoet - sommer baie gewone Suid-Afrikaners wat ook graag 'n stukkie grond, 'n melkkoei, 'n groentetuin, 'n worshondjie en 'n wit haas wil hê. Dit is nou as hulle eers die juk van tweedeklas-burgerskap afgeskud het.

* Miskien moet Rozanne sommer vir pappie ook saamneem om te gaan marsjeer. Hy't dalk ook 'n vriend nodig.

'n Vredesmars om middernag

Dis nou so gewild om vreedsaam te protesteer dat groepies nou sommer teen middernag die pad vat. Een nag laasweek sit Vrye Weekblad se redaksie niksvermoedend en swoeg aan die week se geestesprodukt, toe daar skielik 'n magtige dreuning van die straat se kant af opklink.

Eers dog ons dis die Wit Wolwe wat nou hul manne opgekommandeer het, so met volmaan en al, maar toe hoor 'n mens: dié vryheidsliedere is nie van die generaal De Wet-soort

nie.

Die volgende oomblik kom 'n twintig stuks jeugdige ewe vrolik om die draai getoyi-toyi, op in die straat, en verdwyn in die rigting van Weststraat se taxi-staanplekke.

* Brolloks wou eers vir Vlok bel en hoor of die lotjie darem verlof gevra het, maar John Vorster-plein is net om die draai, en ons wil graag hier rapporteer (noodregulasies en al) dat die optog vreedsaam geskied het en dat daar geen polisie-inmenging was nie.

'n Blinkop-wet van Transvaal

Laasweek het Brolloks al begin wonder of FW dalk wel 'n paar veranderinge aangebring het. Dit wil nou al meer so lyk.

Brolloks verneem op goeie gesag dat die banket vir die inhuldiging van die nuwe staatspresident een met 'n verskil was. So 'n banket kos sowat R60 vir elkeen van die hooggeplaastes wat uitgenooi word - 'n bedrag wat in die verlede altyd maar uit die belastingbetaler se sak gekom het.

Maar hierdie jaar, hoor Brolloks, het die nuwe Baas gesê die mense wat kom eet, moet maar self betaal! (Die Wet van Transvaal wat nou geld, met dié wat die hele seremonie Noorde toe verskuif het?)

* Brolloks verloor natuurlik nie uit die oog dat die geldjies wat die ministers en ander staatsamptenare moes uithaal, in elk geval maar van die vriendelike belastingbetaler se kant af kom nie.

Oswald - wit, oorlams en met lang vingers - skryf aan die Groot Grondboon

WIE sou kon droom dat Egbertus soveel nuuskierige vrinde had! Die katel van Klaagvoort kreun onder die kollektiewe kontinentale boude wat tydens besoekure daarop neersy. Egbertus is voos van voorbidding. Deurdrenk deur dankbaarheid. Sela.

Moeder is buite haarself van argwaan. "Egbertus is siek," skryf die redakteur. Eerder siek en sat, seg Moeder. "Egbertus is erg ongesteld," skryf buurman Brolloks. Brolloks, skuim Moeder, eerder ontsteld as ongesteld. Tipiese halwe waarhede van die alternatiewe pers. Siek en sat, vrinde, onsteld, geliefdes, van die oordosis integriteit en engelagtige toekomstblikke wat soos 'n golf Illovo syrup vanuit die presidensie oor ons spoel. Pure sandsuiker. Die nuwe era is vol belofte vir 'n siedende politieke sweepland.

Intussen verdwyn Klaagvoort se kortsoonvoorraad teen 'n ontstellende pas. Dit kan alleenlik Oswald wees, die tekens is daar. Die vingers is skielik langer as dié van 'n amptenaar in die DET-ministerie, en groener as die nuwe adjunk van Justisie, nóg 'n dinamiese regsgeleerde wat hom katswink sal skrik vir die sis van 'n gans en nou met 'n reyse sug praktyk kan sluit en 'n ja my baas verag van appèlregters en die Rule of Law.

Die kortisoon maak Oswald boonop wit en oorlams soos sy korrespondensie met die Groot Grondboon vir ons toon. Dis gewis dié astrartheid wat verantwoordelik is vir Madam de Klerk se permanente bewoë uitdrukking. Ons hoogste Weeping Willow verag tog im-

mers dat die oorskiet van die bevolking hul plek moet ken?

Hier's 'n proeseltjie van Oswald se onlangse pennevlug.

Ope brief aan die Groot Grondboon

Your Implausible Highness Groete en groente uit die land van Os, maar noem my sommer Oswald die tuinier for short. Ek is een van die rainbow people. My kompleksie is sesde geslag sub-sahara, my hart is wit, en my vingers groen.

Deur 'n accident of birth kan jy maar sê, was ek op die verkeerde tyd op die verkeerde plek, en is ek nou boonop vir die afsienbare toekoms tydelik geheel pers. 'n Nagmerrie, sal jy toegee, selfs vir die hoofklerk van jou Christelike rasseklassifikasieraad, of noem jy dit groepsraad, wat my by een van jou vrywillige groepe moet inboender.

By watter groep stel jy voor behoort ek?

Toe ek 'n kind was, het ek koeie gemonitor (lees: Oswald die beeswagter). Daar was Druiwesot, Tiet, Bontrok, hierdie drie, en die grootste hiervan was Bontrok! Die grootste probleem ook. Ek het 'n spesmas dat Bontrok se menslike eweknieë jou onderspit gaan wees.

Maar met bietjie Natspeak maak julle seker maklik wetgewing wat "groep" definieer as een persoon wat vrywilliglik met homself assosieer.

Toe ek vanoggend die plantbolle uit die koerantomhulsels haal, sien ek julle het weer verkiesing gehou.

Dis darem jollie, verkiesings is deesdae meer volop as sporttoere. Dit hou seker dié Volk uit die kwaad.

Ek sien ook die roerendste prentjie van jou met jou nonsensical smile en Madam met haar misterious geween, dis te fraai. My beker loop oor. Dit sê seker iets dat die grootste fuss wat van jou inwyding gemaak is, gaan oor jou kaalkop (hoedloos, bedoel ek, in teenstelling met die grondboonaspek.)

Dié stilistiese coup oorskadu blykbaar die niksseggende mooppraatjies van jou toesprake waarvan die hoogste punt jou bedankings vir die vlot reëlins was. U Hoogheid, jou sentimente is prysenswaardig, maar as jy net effens vaer raak, loop jy gevaar om in 'n wolk endoplasma te verdwyn.

Nietemin, uit respek vir die nuwe hoedloosheid maak jou ontombare



Egbertus Klaagvoort

Oswald nou kaalkop tuin. Dis hel. Vind jy nie ook die voëls 'n irritasie nie?

Gelukwensings is seker in orde. Eerstens, die verbeeldingryke kuns-kabinet. As 'n masjien vir hervorming grens die ding aan 'n flight of fancy. Bid jou aan, twee Ingelse én 'n vrou! Die land sal voorwaar nie weer terugkyk nie.

Kon jy nie eers 'n token black opspeer vir die image nie?

Nou's daar 'n ding wat hierdie wese erg knel: Madam se onthulling dat sy as parlements-vrou self, ek bedoel self, die wasgoed bedags moes ophang. Dis darem onhoudbaar. Het dinge darem verbeter met die nuwe joppie? (Bediendes pers deesdae sulke astrante lone uit 'n miesies uit, dalk moet jy ekstra AVB inruim vir 'n washulpie.)

Nou hoor ek boonop die wind waai die wasgoed knaend in Madam se gesig wanneer sy dit ophang en toe sê jy, vindingryk, sy moet aan die ander kant van die draad staan. Meesterlik. Op die oog af plausibele. Maar toe draai die wind, nè.

Laat dit 'n lessie wees. Met die oog op vrome kitsoplossings in die beoogde nuwe Grondboonwetlike bedeling. Die wind draai.

Majesteit, rainbowman moet groot. Kommandowurms met amperse swastikas is vreedsaam aan die opmars na 'n standbeeld van Oom Paul wat ek uit 'n kopkool gekerf het. Ek moet hoedloos (en moedloos) die saluut ontvang.

Hou die blink kant bo, behalwe wanneer jy en Madam joga doen.

Noodgedwonge dienswillig, Gardener Oswald.

Skaam julle

Daar het julle dit, vrinde, 'n perspektief uit die ander wêreld, die twilging zone. Lyk my perspektiewe raak heel interessanter deesdae.

Soos Staatmaker Vlok wie se eg Afrikaanse instink hom beweeg om die boodskapper wat die onwelkome nuus bring, te onthoof.

En dan sê hy nog prontuit dat Luit Gregory Rockman liewer deel van 'n cover-up moes gewees het - die wit publiek moenie van polisiebrutaliteit bewus gemaak word nie. Dis glo te onfamiliaal.

Minister, as jy nie daarvoor ongemaaklik voel dat sterwende mense wat geen internasionaal erkende misdad geleeg het, aan hospitaalbeddens vasgeketting word nie, moet jy seker van afgryslike dinge in jou departement weet dat jy dit so dringend onder die mat wil inwee.

Skaam julle mense julle nie? Wat in hierdie land in die naam van Christelikheid en geregtigheid geleeg word, skry ten hemele.

Cram jy, Broeder?

En nou daardie steunpilaar van die owerheid: Broeder Heyns. Sy bemiddelings om 'n protesmars van stapel gestuur te kry het Miesies Klaagvoort nog meer geskok as toe sy na die versamelde werke van Rozanne Botha agterstevoer op die draaitafel geluister het.

Watter lig het jy nou gesien, Broeder?

Of cram jy vir jou finals?

Waar is Malindi?

JM Sprague van Hemel
Hempstead, Herts, Engeland skryf
aan Adriaan Vlok:

Dear Sir
On 22nd August I wrote to major-general TR Mulaudzi, Commissioner of Police, Sibasa, Venda, asking about a number of church workers and others, including MP Mphanphuli, the Rev Edward Malindi and Tshifhiwa Maumela, who were reported to have been arrested in late July or early August.

I have so far received no reply from Mulaudzi, but I understand that they are

still in custody, Mphanphuli at Vhulorwa police station and Maumela in the Donald Fraser Hospital.

I shall be glad if you are able to tell me where Malindi is at present being held, and what are the charges against the three men.

I am very concerned about the health of Maumela, who was apparently not been allowed to see any relatives.

I should also be grateful for your assurance that none of those arrested have been

subjected to any kind of ill treatment while in custody, and that they will speedily be granted access to both relatives and legal advisers.

I urge you to use your powers to ensure that they are either brought promptly and fairly to trial on recognisable criminal charges, or else immediately and unconditionally released.

May I add that this request is not in any way politically partisan. I am concerned

for justice, for human rights and for the humane treatment of all prisoners, whatever their political views.

I am sending copies of this letter to Major-General Mulaudzi, to three South African newspapers, to the General Secretary of the Evangelical Lutheran Church, to the All Africa Conference of Churches and to the Embassy of South Africa in London.

Vrye Weekblad ontvang daaglikse tien-talle soortgebyke briewe van buitelanders wat besorg is oor aangehoudenes in Venda.

KLEINADVERTENSIES

Om 'n advertensie in hierdie kolom te plaas, bel vir Gwynne of Karlen (011) 836-2151, fax (011) 838-5901, of skryf aan Posbus 42637, Fordsburg 2033. Die spertyd vir kleinadvertensies is 5 nm op die Dinsdag voor publikasie.

PERSOONLIK

N - Jailbirds of a feather vlok together - B

You were sweeter than all the wine, FLUPPIE

Die Kommissie van Ondersoek is heeltemal uit die veld geslaan. Afrikaanse musiek is eerlik. Dit handel nie oor seks, dwelmmiddels en politiek nie!!!

Die Takhare vir Vrede sê mans sonder hang-ups slaan nie aan vroue nie

Die Bleskoppe teen Apartheid sê die weerkaatsing op die Groot Bleskop se bleskop het baie mense verblind

Die susters in verdrukking is verheug. Uiteindelik gebeur dinge hier op ons plaas ook! Niks meer deep, deep onder cover nie!

Andries- hoop jy't lekker verjaar, ou maat - die Jo'burgers

WERK

Uitvoerende Persoonlike Assistent
Die Konsultatiewe Sakebeweging in Johannesburg is op soek na 'n Uitvoerende P/A wat insiatief het, op hoogte is met sosio-politiek en -ekono-

miese sake en met nie-rassige demokratiese beginsels identifiseer. Die pos behels sekretariële, administratiewe en organisatoriese verantwoordelikhede: Tweetaligheid is 'n vereiste. 15 Werkdae verlof pj. Kantingerie. Salaris onderhandelbaar rondom R40 000 per jaar afhangende van ondervinding. Skakel met Theuns Eloff tel (011) 618-1640

WOONPLEK

Benodig: Goedkoop vakansieverblyf in of naby Kaapstad gedurende Kersvakansie (een week tot tien dae). Bel Gwynne (011) 836-2151

Benodig: Huis te huur in die omgewing van RAU vanaf Januarie 1990. Verkieslik drie tot vier slaapkamers. Bel Desmond by 782-6001

Nie-seksistiese, nie-rassistiese man gesoek om 'n huis te deel met twee vroue op 'n 60-akker klein-hoewe naby Rivonia. Huur R135 per maand. Beskikbaar vanaf 1 November. Skakel 803-3977 of Michelle by 726-6317 x 233 (w)

DIENSTE

Diensplig Adviesdiens. Vir gratis en onafhanklike advies op enige navrae

oirdiensplig. Skakel Durban (031) 301 5663 Richard (w), Pietermaritzburg (0331) 944079 Mark (h), Kaapstad (021) 689 1194 (5.30 nm tot 7.30 nm), Grahamstad (0461) 26067 Rudi (h), Oos-Londen (0431) 27713, Port Elizabeth (041) 56 1483, Pretoria (012) 320 2230 Alice (w), Johannesburg (011) 614 8106 Neil (h) of gaan na die Methodiste Kerk, Pritchardstraat 79 op Dinsdae van 4.30 nm tot 7.00 nm

Kersfeeskantoorpartytjie met 'n verskil

Ons sal alles reël - busvervoer na 'n lieflike landelike kroeg met fantastiese kos, drank, musiek en pryse. Bel Markham (011) 794-1792

Spesiale Aanbod:

Stoomskoonmaak van Tapyte en Stoffeersels. Laat jou drie slaapkamers, sitkamer, eetkamer en gang of ses stuk sitkamerstel professioneel diep stoomskoongemaak word vir net R55. Plus gratis vlekverwyderaar en reukverwyerder. Skakel: (011) 724 0784

POWA (People Opposing Women Abuse) is 'n ondersteuning- en inligtingsdiens vir mishandelde en verkrachte vroue. Ons bied ook werkswinkels en opleidingsprogramme aan oor geweld teen vroue. Ons begin met

'n opleidingskursus vir nuwe lede vanaf 20 September 1989. Ons benodig veral vroue wat Afrikaans en/of enige ander Afrika-taal kan praat. Bel POWA voor 11 September vir verdere inligting (011) 642 4345

GEBEURE

As gevolg van 'n gebrek aan belangstelling vergader die NP van Wyk Louw-vereniging nie dié week nie

Die 15A klub hou 'n Party in die Mexikaanse genot-grot. Wees daar!

Woensdag 4 Oktober. U word uitgenooi om u wegneemete om 1 nm na die USIS-Ouditorium, 3e vloer African Life-gebou, Commissionerstraat 111, Jhb te bring vir 'n reeks middaguurvideo's oor Amerikaanse Letterkunde. Die eerste video handel oor Katherine Anne Porter

Step Teen: Systematic Training of Effective Parenting of TEENS sal vanaf 2 Oktober tot 27 November aangebied word. Die kursus sal weekliks aangebied word en 9 weke duur, op Maandae van 9 vm tot 11.30 vm. Skakel Cheryl Lyons of Joan Rubinstein (011) 648-1120

COSAW bied 'n kinder-program aan by die Can Themba Instituut vir

Letterkunde tussen 9.30 en 12.00 vm op 30 September. Kinders tussen 3 en 11 jaar is welkom en toegang is gratis. Die adres is 4e Vloer, Twiga-sentrum, Sentraalstraat 68, Fordsburg. Tel 833-2530/1

Stel u belang in die werk van Nadine Gordimer, Mzwakhe, Don Mattera of Koos Prinsloo? Kom dan na Cosaw se debat Saterdag 30 September van 2 - 5 nm by die Can Themba-biblioteek, 4e Vloer Twiga-sentrum, Sentraalstraat 68, Fordsburg. Tel 833-2530

Kuns, die kind en die gestremde
Max Klager, professor van Kuns-onderwys van Heidelberg, Duitsland is 'n bekende kenner op die gebied van kinder-kuns en die kuns van liggaamlike geestelik gestremdes. Hy gaan een openbare lesing oor dié onderwerp aanbied. Dit word aangebied deur die Centre of Continuing Education van Wits. Vir verdere inligting skakel 716-5509/5510

Saterdag, 30 September hou die kunstenaars-gemeenskap van Clarens hul jaarlikse uitstalling. Martin Wessels, K Barnes, Wouda Rozensweig en Theresa Naudé stal uit. Die aand speel André Letoit en die Cherry Faced Lurchers by die Maluti Lodge. Navrae: Clarens 661

MARK

Kashgar

Handgeweefde dhurries (gestrepte katoensakke) en silwer juweliersware van Nepal, Indië en Thailand te koop. Winkel 68, The Firs, Rosebank. Tel: (011) 880 3566

Gesoek: VW Fleetline kombi. Skakel Herman 663-2212 of los boodskap

Tarief: R10 vir 25 woorde of 'n gedeelte daarvan

Assistent-advertensiebestuurder

Stel jy in die koerantwese belang?

Kom werk vir Vrye Weekblad

Vereistes:

- Rybewys
- Woordverwerking-, rekenaar- en basiese tikvaardighede
- basiese boekhou

Skakel Gwynne Bramley Wray (011) 836-2151

Voltydse pos

Salaris onderhandelbaar



HELP OM VERLORE ENERGIE TERUG TE PLAAS DEUR DIE VOEDINGS-VITAMINES WAT VIR NORMALE LIGGAAMLIKE FUNKSIES VEREIS WORD, TE VERVANG

Stuur R20 (AVB ingesluit) vir 30 kapsules, saam met die koepun hieronder, aan: EMCOR, Posbus 582, Milnerton 7435. Tel (021) 551-4360

Naam:
Adres:
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
.....
Telefoon:

OOK VERKRYGBAAR BY JOU NAASTE APTEEK

Moenie jou gewilde strokieskarakters misloop nie!



Vir R60 (AVB ingesluit) m kry jy Vrye Weekblad 12 maande lank, en vir R30 (AVB ingesluit) 6 maande lank. Stuur aan Posbus 42637 Fordsburg 2033.

Naam:

Adres:

Tjek/poswissel ingesluit vir R60/30



Vrye Weekblad

Kinders blom in 'n wêreld van liefde

KALKUTTA - Ongeveer drie jaar gelede het klein Sumati en haar jonger broertjie Tyagaraj ondervoed en bang aan die deur van Moeder Teresa se "kindertehuis" geklop.

Nou is hulle op die punt om per vliegtuig na Rome te vertrek waar hulle 'n nuwe lewe saam met hulle pleegouers gaan begin, terwyl Moe-

Anil Penna

sentrum vir behoeftige kinders wat in 1952 deur Moeder Teresa gestig is, 'n nuwe tuiste gevind het.

Shishu Bhavan is 'n onbeduidende tweeverdiepinggebou, naby aan die hospitaal waar Moeder Teresa haar eerste behoeftige kind met dié woorde

bymekaargemaak," sê suster Alex, 'n senior non. "Nou word hulle na ons toe gestuur."

Die meeste kinders kom van hospitale af waar Moeder Teresa 'n versoek gelaat het dat alle verwerpe kinders na haar toe gestuur moet word. Sommige babas het aborsies oorleef en is vroeg gebore. Van dié kinders sterf en



Moeder Teresa by 'n kerk in Khayelitsha tydens haar besoek aan Suid-Afrika in November verlede jaar (Foto: Rashid Lombard)

der Theresa, die 79-jarige Rooms-Katolieke non, in die intensiewe eenheid van die Kalkutta-hospitaal om haar lewe veg.

Sesjarige Sumati en Tyagaraj, 4, is in die sorg van Moeder Teresa se sendelinge gelaat toe hulle vader na 'n lang siekbed gesterf het. Hulle ma was ook siek en kon nie langer vir hulle sorg nie.

Sumati en Tyagaraj was te klein om te verstaan wat gebeur toe hulle die treinreis van 1 700 km onderneem het en by Shishu Bhavan, 'n

in ontvangs geneem het: "Ek wil aborsie met aanneming beveg."

Dit is die tuiste van 180 kinders waarvan die meeste weeskinders is. Sommige is nog klein babatjies wat binne-aars gevoed moet word.

Moeder Teresa se siekte het nie die werksaamhede by die kindertehuis beïnvloed nie. By die tehuis is daar ook 'n voedingsentrum vir honger mense, 'n apteek vir siekes en 'n saal vir ondervoede kinders.

"Aanvanklik het ons agtergelate kinders op ashope en in die strate

ander is geestelik verstoort.

"Ons probeer om vir hulle 'n huis te skep. Ons reël dit nie soos 'n kindertehuis nie," sê suster Alex.

Dit stem ooreen met die slagspreuke wat by die ingang van Shishu Bhavan opgeplak is: "Net in 'n wêreld van liefde kan ons oopmaak en blom," en "Gee tot dit seermaak."

Moeder Teresa, wat sedert 5 September in die hospitaal is, het die Nobelprys vir vrede in 1979 vir haar werk onder Kalkutta se armes ontvang. -AFP

GENÈVE - Een biljoen mense, of 'n vyfde van die wêreld se bevolking, is siek of ly aan ondervoeding, volgens die amptelike jaarverslag van die Wêreld Gesondheidsorganisasie (WGO).

Dié toedrag van sake is egter nie onafwendbaar nie, sê die hoof van WGO, dr Hiroshi Nakajima. Meeste van die slagoffers van ondervoeding woon in onderontwikkelde lande, terwyl die ontwikkelde lande oor die hulpmiddels en tegnologie beskik om wêreldwyd 'n einde aan dié soort siektes te maak.

Die ergste gesondheidsprobleme kom in lande suid van die Sahara-woestyn voor, waar 160 miljoen mense aan siektes of ondervoeding ly.

In Asië - veral in Indië, Bangladesh, Burma, Indonesië, Nepal en Sri Lanka - is daar 500 miljoen mense wat honger ly of siek is.

In Sentraal- en Suid-Amerika, Noord-Afrika en in die Midde-Ooste is 'n kwart van die mense siek, veral met diarree, griep, tuberkulose of malaria.

Hoewel WGO al heelwat sukses behaal het om sekere siektes soos polio te bekamp, moet die pogings nie laat vaar word nie, het Nakajima gewaarsku. Ryk lande beskik oor die enigste oplossing aangesien onderontwikkelde lande nie die geld of die tegnologie het nie.

"Al wat nou benodig word, is die

'n Vyfde van die wêreld is siek en honger

wil om die ontwikkelende lande te help," sê Nakajima. "Die ryk lande moet bloot bereid wees om tegnologie, mediese werkers en geld te gee, want die arm lande kan hulself nie help nie."

Onderontwikkelde lande kan net bekostig om R12 per jaar per persoon aan mediese hulp te bestee. Daarteenoor bestee lande soos Amerika, Kanada, Japan en Wes-Europese lande gemiddeld R1 000 per jaar per persoon.

Met net 'n bykomende R5 per persoon per jaar kan die arm lande ontslae wees van polio, longontsteking, diarree, tuberkulose, malaria en wurms. Volgens WGO ly 750 miljoen van die wêreld se kinders aan diarree en vier miljoen kinders onder die ouderdom van vyf

jaar sterf jaarliks weens dié siekte.

Die afgelope tien jaar, as gevolg van 'n yslike inentingsprojek wat 46 miljoen kinders per jaar bereik, het die ses groot kindersiektes - polio, klem-in-die-kaak, masels, witseerkeel, pampoen-tjies en tuberkulose - begin afneem.

"Maar vir minder as drie biljoen rand, die koste van 20 moderne vevliegtuie, kan die wêreld dié siektes beheer," sê Nakajima.

Die verslag sê ook die gemiddelde lewensverwachting in die wêreld het van 41 na 59,7 jaar oor die afgelope 40 jaar toegeneem. In China en Oos-Asië het die gemiddelde lewensverwachting van 42,7 na 69,9 jaar toegeneem, in Afrika van 38 na 51,9 jaar en in Sentraal-Amerika van 51,2 na 66 jaar. -AFP

Dié week in die nuus

Suid-Afrika

Die Johannesburgse Stadsraad stel openbare geriewe in die stad oop vir mense van alle rasse.

Die stadsraad van Benoni stel hul biblioteek oop vir alle rasse.

Die stadsraad van Delmas weier dat die feessaal buite die dorp vir 'n Indiër-troue gebruik mag word.

Die Universiteit van die Oranje-Vrystaat besluit in beginsel om sy koshuise vir studente van alle rasse oop te stel.

Chemiese afvalstowwe van die Sappi-papiermeule by Ngodwana besoedel die Elandsrivier in die Oos-Transvaal. Tonne vis vrek.

Jay Naidoo, hoofsekretaris van Cosatu, wen 'n hofaansoek teen die minister van Wet en Orde dat dokumente wat op 31 Augustus uit sy huis en Cosatu se kantore verwyder is, teruggegee moet word. Die polisie wat op die dokumente beslag gelê het, het nie oor 'n geldige lasbrief beskik nie. Net ná die hofbevel konfiskeer die polisie opnuut die dokumente, dié keer gewapen met 'n nuwe lasbrief wat deur 'n landdros uitgereik is.

Zola Budd se pa, Frank, word vermoor op sy plaas, Koppiesrus, in die Vrystaat. Sy testament bepaal dat Zola en haar ma, Tossie, nie die begrafnis moet bywoon nie.

Barend Strydom, die "Wit Wolf" wat agt swartmense doodgeskiet het, raak in die dodesel verloop aan Karin Rautenbach, 21.

Willie Hofmeyr en Trevor Manuel, twee Kaapse UDF-aktiviste wat lank op hongerstaking was, word uit aanhouding vrygelaat.

Sowat 40 000 mense neem deel aan 'n vreedsame optog "vir vrede, vryheid en regverdigheid" in Oos-Londen.

Die Food and Allied Workers Union (Fawu), 'n Cosatu-affiliaat, behaal 'n oorwinning in die Appèlhof in Bloemfontein toe die hof bepaal dat die Suid-Afrikaanse Brouerye nie sy werkers kan dwing om oortyd te werk nie.

Cosatu kondig aan dat duisende werkers dwarsoor die land op 14 Oktober protesoptogte teen die Wysigingswet op Arbeidsverhoudinge sal lei.

Twee onluspolisiemanne sal binnekort op aaklagte van aanranding vervolgt word na aanleiding van luit Gregory Rockman se onthullings oor polisie-brutaliteit, sê die Prokureur-Generaal van Kaapland, adv Niel Rossouw.

Brig Hertzog Lerm, voormalige kommissaris van polisie in Kwa-Ndebele, het aan kitskonstabels gesê hulle sal met medaljes beloon en nie vervolgt word nie as hulle klipgooiende "comrades" skiet, getuig kol Stefanus van Loggerenberg, sekretaris van die KwaNdebele-veiligheidsraad, in die Parsons-kommissie van ondersoek na die 1986-onluste en wanbestuur in die gebied.

Die landswye verbruikersboikot wat deur Cosatu, Nactu en ander vakbondbewegings uitgeroep is, gaan sy tweede week binne. Slynbaar is blank-beheerde winkels in die Oos-Kaap die swaarste getref, terwyl winkels in ander sentra net 'n geringe effek gerapporteer het.

Jan van Eck, DP-LP vir Claremont, sê jong Suid-Afrikaanse mans moet die keuse hê om in die SAW te veg of alternatiewe diens te doen, net soos die huidige regering se ondersteuners in die Tweede Wêreldoorlog 'n reg gehad om te weier om teen Nazi-Duitsland te veg.

Helen Suzman, oud-LV vir Houghton, ontvang die toekennings van "Honorary Commander of the Order of the British Empire" - die vroulike ekwivalent van 'n ridderskap - van koningin Elizabeth II vir haar stryd vir 'n regverdige samelewing.

Wêreld

Duisende Oos-Duitsers neem deel aan 'n protesoptog in Leipzig. Hulle eis dringende hervorming en die wettiging van 'n politieke drukgroep bekend as Neue Forum.

Jonas Savimbi, leier van Unita, lê vyf voorwaardes vir vredesonderhandelinge met die MPLA-regering voor by 'n spesiale Unita-kongres in Jamba.

Dr Joao Soares, die Portugese president se seun, en vier ander mense word beseer toe hul ligte vliegtuig in Angola neerstort kort nadat dit van Jamba af opgestyg het, waar hulle die Unita-kongres bygewoon het. Soares word met 'n vliegtuig na Pretoria vervoer vir mediese behandeling.

Pres Joaquim Chissano van Mosambiek doen 'n beroep op die Portugese regering om die MNR se kantore in Lissabon te sluit.

MNR-terroriste vermoor 13 mense in Chonguene, in die Gazastreek van Mosambiek.

Henning Voscherau, kanselier van die Wes-Duitse staat Hamburg, belowe ná 'n besoek aan Zimbabwe dat hy Wes-Duitse investering in Zimbabwe sal aanmoedig.

Slovenia, 'n republiek van die federale Joego-Slaafse staat, besluit om af te stig van die land. Die federale parlementêre komitee vergader in Belgrado om die krisis te bespreek.

Paul Bakoyannis, skoonseun van die Griekse konserwatieweparty se leier, word in Athene doodgeskiet.

Die Sowjet-Unie vra vir die algehele afskaffing van Sowjet- en Amerikaanse chemiese wapens. Die VSA het 'n afskaling van 80 persent voorgestel.

Pous Johannes Paulus doen 'n beroep op Moslems om Libanon te red.

Nog twee blanke Suid-Afrikaners word in hegtenis geneem in verband met die handgranaat-aanval op 'n Untag-basis op Outjo op 10 Augustus. Vroeër is twee blanke Suid-Afrikaners en 'n Duitser in hegtenis geneem.

Ondersteuners van Swapo en die DTA raak handgemeen in 'n optog deur Katatura, net buite Windhoek.

Die VSA staan die visum-aansoek van 'n PLO-afvaardiging toe om die VV se 44e algemene vergadering in New York by te woon.

Pres Mikhail Gorbatsjof kondig aan dat hy Japan in 1991 sal besoek. Hy sal die eerste Kremlin-leier wees wat 'n amptelike besoek aan Tokio bring.

SPORT

Geldspoke, twis en rugstekery in rugby se Eeufeesjaar

DIE 1989-rugbyseisoen, Suid-Afrika se nasionale sport se eeufeesjaar, sal ongelukkig onthou word as waarskynlik die stormagtigste jaar in ons rugby-geskiedenis.

Die hoogtepunte, soos die Springbokke wat na drie jaar in die isolasie-woestyn weer toetsrugby gespeel het, die Curriebeker-eindstryd volgende Saterdag en ander word totaal verdwerg deur die laagtepunte.

Dit was juis die besoek van die Internasionale toerspan wat Suid-Afrika se plek in wêreldrugby op die spits gedryf het. Soos ons hier voorspel het, het van die wêreld se voorste rugbylande lekker kom eeufees hou, maar terug by die huis rug op Suid-Afrika gedraai.

Die Skotte het uit die staanspoor besluit om nie hul spelers te stuur nie. Ierland en Wallis het na die toer besluit om hul bande te verbreek en die Engelse wil nou 'n ondersoek hê oor hul spelers wat die amateurkode verbreek het omdat hul glo betaal is om hier te kom speel.

Oor wat Suid-Afrika in die toekoms te doen staan, dreig daar nou 'n breekspul in die SA Rugbyraad. Manne soos Dr Louis Luyt van Transvaal is nou sterker voorstanders van die ou-ou plan dat die ses toetsunies wegbreek van die rugbyraad en 'n eie beroepsdiggaam stig.

Die grootbaas, dr Danie Craven, besef dat as daar geen hoop meer op toetse vir die Springbokke is nie, daar geen ander uitweg sal wees nie. Intendeel, dié stap sal waarskynlik nie meer vir lank gekeer kan word nie.

Maar Dok wil amateur bly en die vriendskappe in die Internasionale Raad wat oor is, behou. Hy glo dat die oorblywende bonde by die SA

Rugbyraad kan bly, voortgaan met die Springbok-embleem, die Curriebeker en hopenlik amptelike toetse.

Daarom sê hy as 'n bond 'n oorsese toetspan met geld koop en hierheen bring, sal die Suid-Afrikaanse span wat teen hulle speel, nie toegelaat word om in die Springboktrui te speel nie.

Watter kleure en embleem ookal, Luyt het verlede naweek gesê hy kan 'n land (vermoedelik Australië) se hele toetspan met geld hierheen bring. Dit het die bom laat bars. Sê 'n stap sal nie net die SA Rugbyraad skeur nie, maar ook wêreldrugby.

Selfs in die geleedere van die ses toetsunies, Noord-Transvaal, Westelike Provinsie, Vrystaat, Transvaal, Natal en die Oostelike Provinsie is daar skerp meningsverskil oor wat Suid-Afrikaanse rugby nou te doen staan.

Onder die spelers wen die idee van nie-amptelike toetse en rugby vir geld natuurlik veld. By ander weeg die magiese ideaal om 'n Springboktrui oor die kop te trek steeds die sterkste.

Ook op die plaaslike front was daar in die eeufeesjaar genoeg onverklikkethe. Maar kom ons bekijk eerder eers die pluspunte.

As WP môre in die halfeindstryd by Wes-Transvaal verby kom, behoort dit volgende Saterdag 'n goeie eindstryd tussen hom en Noord-Transvaal te wees. Hulle is huidiglik die twee beste spanne in Suid-Afrika.

Noord-Transvaal het die seisoen onoorwonne in die Curriebeker-reeks gebly. Die WP het so hier en daar

gestotter en hy sal môre weet dat hy in 'n halfeindstryd was, want Wes-Transvaal het die B-afdeling oordonder.

In Noord-Transvaal is daar kommer dat dié span te vroeg sy piek in speelpeil bereik het en in sy laaste paar wedstryde ietwat afgeplat het. Maar 'n eindstryd is anders as 'n gewone Curriebeker-wedstryd. Dit haal daardie ietsie ekstra uit die spelers en die voorbereiding is ook meer

puik afgesluit met twee groot oorwinnings - weliswaar teen die agterosse: Noord-Vrystaat en die OP - nadat hy begin bou het aan 'n nuwe, jong span. Selfs Springbokke soos Wahl Bartmann is uitgegooi.

Suidwes-Afrika het na 'n sukkelende begin teen die einde veras deur Transvaal en die Vrystaat te klop. Dié span het karakter en veggees getoon deur nadat sy beste spelers beseer is, sy beste rugby te speel.

Sy toekoms is egter in die weegskaal want daar is twyfel of Suidwes in die Curriebeker sal bly nadat Namibia onafhanklik geword het.

Noord-Vrystaat ry wipplank tussen die A- en B-afdeling. Hoe gewillig hy ookal is, in die A-afdeling sukkel hy.


Die OP het sy swakste seisoen in baie jare beleef. Hy het net vier uit agtien wedstryde dié seisoen gewen, elf uit die veertien Curriebeker-wedstryde verloor, 'n massiewe 476 punte afgestaan en self net 211 behaal.

My keuse vir Rugbyspeler van die Jaar is ongetwyfeld die Springbokheerlagter Johan Heunis, wat vanjaar strate beter was as enige ander agterspeler. Dis jammer Naas Botha se besering het van hom 'n passasier in die laaste toets gemaak. Hy is egter duidelik aan die einde van 'n glorie-ryke loopbaan.

Oor die OP se toekoms en die formaat van die Curriebeker-reeks is daar opnuut 'n herrie los. Dis elke jaar se ding dat daar so 'n verskriklike baklei oor die Curriebeker-stelsel kom.

Daar behoort nie 'n twis te wees nie. Die OP en Wes-Transvaal moet in twee wedstryde tuis en weg uitspeel en die een met die beste punte-gemiddelde speel volgende jaar in die

Rugby se Eeufeesjaar is in sy stuiptrekkings. Na volgende week se Curriebeker-eindstryd sal leunstoel-kritici een van die besigste en moeilikste jare in ons rugbygeskiedenis analiseer. Die jaar 1989 kan die waterskeiding in rugby wees met al hoe meer gerugte van geldrugby net om die draai. CHARLES OCHSE kyk terug op die Eeufeesjaar.



Dr Danie Craven

Wes-Transvaal dat die OP as toetsunie verskans word nie. Volgens sy voorsitter, prof Johan Claassen, is die Weste een van die grootste uitvoerders van spelers. Elke jaar begin hulle van vooraf om hul eie talent te ontwikkel en span te bou nadat soveel spelers groot bonde toe verkas het.

Wat se aansporing is daar vir Wes-Transvaal se spelers as hulle moet weet dit help niks om die B-Afdeling te oordonder nie, want hulle kan nie in die A-Afdeling kom nie?

Ek het pas teruggekeer van Port Elizabeth. In eie geleedere in die OP is daar groot spanning en tweedrag oor die uitspeelwedstryde en die OP se patetiese vertoning vanjaar.

Daar is bittere onenigheid tussen klubs. Tussen topklubs is daar geweier om wedstrydverpligtinge na te kom. Die verwyte word heen en weer geslinger. Die skuld word gepak op van die betuur, die keurders, die afrigter tot die spelers. Dis ongelukkig hoe die hare daar waai.

Terwyl Vermaak telegramme aan die SA Rugbyraad stuur, sê die afrigter, Allan Zondagh, hy en sy spelers wil soos manne die uitspeelwedstryde speel. Hulle gaan voort met oefening om hulle daarvoor voor te berei.

Maar Zondagh kry meeste van die blaam. Die vorige OP-afrigter, Stan Terblanche, sê hy verskil van Zondagh se afrigtingsmetodes want dit is nie goed genoeg vir die strawwe mededinging in die A-Afdeling nie.


Stan blameer egter die bestuur en sê dit is nie Zondagh wat homself aangestel het nie. Die bestuur moes geweet het dit werk nie om 'n vreemde-ling van buite te bring wat nie die OP se rugbypolitiek ken nie. Dis destyds bewys met die aanstelling van Ian Kirkpatrick.

Hysê as die bestuur dan so gaande was oor Zondagh se bevoegdhe moes hulle hom eers 'n jaar of wat die O.20's laat afrig het sodat hy geleidelik in die ding kon kom.

Selfs die koerante raak bitsig teen die OP en skryf hoofberigte en inleidingsartikels oor die twis.

Die Herald sê niemand wil die OP in die B-Afdeling sien nie, maar hulle verskil van Koos Vermaak. "In belang van billikheid en sportmanskap" moet die uitspeelwedstryde gespeel word.

Hulle sê 'n span moet beoordeel word op sy vertonings op die veld en nie op die weelde van sy stadion, die grootte van sy bankbalans of sy historiese agtergrond nie.



Johan Heunis

intensief.

Die Vrystaat het homself die seisoen skitterend reggeruk. Hy moes na regte in die B-afdeling gewees het want hy het verlede seisoen sy promosie-relegasie-wedstryde oor twee bene teen Noord-Vrystaat verloor.

Hy is deur die SA Rugbyraad in



Naas Botha

die A-afdeling behou hoofsaaklik omdat Bloemfontein 'n toetsentrum is. En daar eindig Vrystaat vanjaar derde op die punteleer. Met een oorwinning meer en net een meer nederlaag vir die WP en die twee sou moes uitspeel om 'n plek in die halfeindstryd.

Transvaal en Natal het gemengde welslae behaal. Vir Natal is daar baie hoop met sy bloedjong en blitsige agterlyn. Transvaal het die seisoen

A-Afdeling en die verloorer in die B-Afdeling. Sô eenvoudig is dit, maar ongelukkig nie vir almal nie.

Prof Koos Vermaak, voorsitter van die OP, sê 'n volle kworum van die SA Rugbyraad se uitvoerende bestuur het 'n besluit geneem dat toetsunies nie in promosie-relegasie wedstryde betrokke sal wees nie. "Telefoongesprekke en teleksboodskappe is nie 'n grondwetlike metode om besluite ongeldig te

verklaar of te verander nie." Hy sê die OP sal speel, mits 'n volle kworum sô besluit.

Wat hier gebeur het is dat die sekretariaat van die Rugbyraad, skynbaar met die wete van Craven, aangekondig het dat die uitspeelwedstryde op 7 en 14 Oktober plaas-

vind. Daarmee is Vermaak nie ge-dien nie.

Hy kan baie redes noem. Vrystaat het sy uitspeelstryd verloor, maar is in die A-Afdeling behou. Destyds is Natal ook met 'n besluit van die Raad na die A-Afdeling teruggebring. Suidwes is dalk uit. Maar die belangrikste is waarskynlik dat OP in die A-Afdeling moet wees, sou die ses toetsunies besluit om af te stig.

Inmiddels is dit nie billik teenoor

Suider-Afrika sluk swaar aan mbaqanga

Maar Namibiane - en die res van die wêreld - kom nader

Terwyl township-musiek (mbaqanga) al hoe gewilder in die buiteland word, sluk Suid-Afrikers nog maar swaar daaraan. CHRIS DU PLESSIS was onlangs in Namibia om te kyk of ses jaar se "veelrassige interaksie" en "nuwe hoop" met die komende verkiesing 'n verskil aan musikale en sosiale vermengings maak

DIT help nie om in Windhoek (die dorp) rond te hang nie. Daar is maar min in die vorm van vermaaklikheid. (Die voor-verkiesing-spanning en paranoïa van die ou orde van "Suid-westers" word tans in die dorp se vele manskroef of private wonings verdrink.)

As mens se vrees vir verveeldheid oorneem, is die beste raad om maar die pad na Katatura te vat.

Want dis weer die townships wat enigsins vermaak van meriete bied. En soos dit hier in ons landjie ook die geval is, word hierdie vermaak deur die meeste dorpepinge geïgnoreer. Die townships is mos neste van onheil. Drank, messe, verkragting... sulke dinge.

Namibia het darem 'n ses jaar of wat se "veelrassige interaksie" agter die blad. En die klubs in Katatura spog reeds met 'n paar gereelde wit besoekers (hoewel meestal nog net uit die leftie-geleedere).

Behalwe die shebeens, wat immers - hier óf daar - gemiddich is, is daar drie township-tavernas in Windhoek se "buitestede". Twee van hulle, waarvan een die berugte Namibian Nights, is maar afgewaterde namaaksels van enige groot

blinkerige disko op die Kaapse Vlakte. Met Windhoek Lager die hoof-verskil.

Maar by Midnight Express (ook bekend as Club Thriller) voel dit weer soos enige vrolike Saterdagavond in Soweto. Hier word die ware gevoel van hoop vir die toekoms in 'n bonsende verheerliking van samesyn gevier. Klein groepies voer gesamentlike danspassies uit, klap hande of sing die "nice" dele van die deuntjies saam...

Maar waar die Namibiane ons voor is met "kulturele interaksie" is hulle nog steeds afhanklik van ons musiek. Snitte van Brenda se jongste Too Late For Mama, Chicco, Zizi Congo (Ibanoyi) en ander disko-mbaqanga-sterre tot ouerige Savuka word gehoor.

Pantsulas

Semi-revolusionêre reggae steek ook weer kop uit en almal hou hande vas en bulder saam... selfs 'n paar jong Pantsulas se vlieënde tekkies kan tussen die ander voete gesien word...

Dit is moeilik om nie sentimenteel óf selfs jaloers te raak nie. Presies dieselfde toneel, met dieselfde musiek, speel hom daagliks in Suid-Afrika af - net hier is daar nie vaagste teken dat dit deur die "minderheidsbevolking" geniet word nie.

Terwyl Johnny Clegg met 'n balaclava in Parys moet rondsluip om nie deur histeriese aanhangers verskeur te word nie, luister ons nog na Michael Jackson, The The (miskien REM, Stones, Talking Heads), of Cora Marie/Bles.

Clegg en Savuka het met Third World Child en Shadow Man al

twee dubbel-goud oftewel platinum plate verwerf in Frankryk (goud is 150 000 verkope daar, en nie 25 000 soos hier nie), twee goue plate in België, een goud en een platinum in Switserland, twee goue plate in Spanje, twee platinum in Nieu-Seeland en is besig om die VSA deur Kanada, waar hulle reeds 'n goue plaat het, binne te dring.

'n Optrede van die wêreld se rykste vermaaklikheidsster (Michael Jackson), se optrede is al in Frankryk gekanseleer omdat Savuka dieselfde aand in die omtrek gespeel het.

Verlede jaar het die mbube-groep, Ladysmith Black Mambazo, Suid-Afrika se eerste Grammy-toekenning uit die VSA huis toe gebring.


Selvs tradisionele Zoeloe-straatghitaar-musiek het al in Europa posgevat. Mahlathini en sy Mahotella Queens se gewildheid lok vol huise oral in Europa. En Kwela, die sterwende musiekformaat uit die vyftigerjare, word eiehandig deur Mango Groove aan die lewe gehou. Hulle langspeler word volgende week in Europa vrygestel.

Sipho "Hotstix" Mabuse teken 'n kontrak met Virgin Londen, die laaste ons eie nouveau reggae-ster, Lucky Dube, verkoop soos soetkoek in Jamaika!...en so aan en so aan.

Hier by ons is wit ore nog nie eers gespits vir ons eie musiek nie. Laat staan nog saam dans op ons eie ritmes.

Die hele wêreld sal al lirie wees oor mbaqanga, kwela, marabi, mbube/isichathamiya, zomqashiyu en dans op die pantsula-jive, die phata phata, die monkey-jive, shikisha of die bump voor ons burgers iets agterkom.

Dit is genoeg om mens Namibia toe te dryf...



Winona Ryder as Myrna Lewis en Dennis Quaid as Jerry Lee in "Great Balls of Fire."

Jerry volg in sy moordenaar-oupa se voetspore

CHRIS DU PLESSIS

"GREAT Balls of Fire" dui nie net op die rock 'n roll-persoon Jerry Lee Lewis se onbeheersde libido nie. Dit is die titel van 'n lied oor sy onbeheersde libido; asook dié van 'n flik wat binnekort open, waarin Dennis Quaid die rol van Lewis vertolk.

Great Balls of Fire is gegrond op 'n boek wat geskryf is deur sy derde vrou en kleinniggie, Myra Gale Lewis, in die flik vertolk deur Winona Ryder. "The Killer" het met haar getrou toe sy maar dertien jaar oud was en sy loopbaan is daardeur aan 't skerwe gelaat nadat die Britte tydens sy eerste buitelandse toer daarvan te hore gekom het.

Die volledige titel van die boek waarop die prent gegrond is, is Great Ball of Fire - The True Story of Jerry Lee Lewis. Niks kan verder van die waarheid wees nie. Want ou Jerry se vrou tjie en die rolprent-makers het verkies om die kere se lewe verskriklik te romantiseer. Die prent stel Lewis voor as 'n wilde, arrogante, dog redelik moraalvaste knaap wat saam met sy jong vrou tjie teen die vooroordele van 'n permissiewe gemeenskap baklei vir die reg om mekaar lief te hê.

In die regte lewe het Lewis 'n lang polisie rekord gehad. Hy was 'n uitgesproke rassis met sterk sadistiese neigings wat sy vrou (hy het vyf keer getrou) erg fisies mishandel het. Hy is nie verniet The Killer genoem nie. Sy vierde vrou (hulle is getroud toe sy 17 was en hy al in sy vyftigs), is onder 'n wolk van agterdog oorlede en allerhande gerugte dat hy 'n ander vergiftig het, het vir 'n ruk hoogty gevier. Die hele affêre is toegesmeer met behulp van die "redneck" Sherriff van die suidelike distrik waar Jerry die plaaslike held was.

Vandag nog is die sekelvormige wondmerk van sy skouer tot bekken 'n bewys dat sy ingewande van te veel pille en drank oopgebars het.

In een stadium tydens hulle verhouding (wat as redelik idillies op tye en baie ondersteunend in die prent voorgestel word) het Myra hom opgebel en gesê sy hou 'n revolwer teen haar kop. "Hou die telefoon nader," het Jerry geantwoord, "sodat ek kan hoor hoe dit afgaan."

In een nader-aan-die-waarheid-toneel - maar wat spesiaal weer vir Suid-Afrikaanse gehore uitgesny is - neem hy vir Myra so kwalik dat sy seks geniet (al sy ander maagd-vroue het nie so lekker rondgekrul nie), dat hy haar 'n goeie loesing gee.

Die medeskrywer van die boek, Murray Silver, het Lewis se familie tot nege geslagte terug opgedelf. Sy voorvaders het destyds van Wallis na Amerika verhuis nadat hulle die eienaar van die plaas waarop hulle woonagtig was vermoor het. Lewis se oupa, Lee Lewis (wie se naam Jerry het), het mense vir sport vermoor. Die gereg kon hom ook nie raak nie. Hy was 'n baie invloedryke man, 'n dokter en grondeienaar, in Louisiana. Hy het ook met sy dertienjarige niggie getrou. Lee Lewis is dood voor Jerry se geboorte, maar sy kleinseun het in 'n Darwinagtige nagmerrie sy genetiese tradisie voortgesit.

Maar dit beteken nie mens moet nie die flik gaan sien nie. Dit gaan tog oor die musiek. En Jerry Lee was een van die beste rockers wat daar nog ooit was (en sal wees). En Dennis Quaid is in elk geval mooier om na te kyk.

Die regte Jerry Lewis

Sing en dans by die Summit-Klub

DIE Summit-Klub in Hillbrow (h/v Pretorius- en Claimstraat) gaan hierdie naweek weer gons.

Die Kaapse klopse-jazzgroep The Genuines, Pongolo (Gito Baloi van Tananas se marambenta-groep - dit is Mosambiek se mbaqanga), Peto (minus klawerbordspeler en stigterslid Alan Cameron), die fenominale veteraan van die tradisionele Zoeloe-straatviool, Noise Khanyile, en sy vroue-dansgroep, Namagugu Akwazulu en School of Love, tree almal vanaand en môreand daar op.

Buiten die musiek bied die



Gaynor Young


Swerve Foundation die Equinox-extravaganza - 'n opvoering vir "streetwise" skemerkinders deur dansers Jeanette Ginslov en Lucky Diale en die akteur Charles Comyn. Soli Philander sal as seremoniemeester optree.

Daar sal ook 'n modeskou deur Models International aangebied word.

Die verrigtinge begin stiptelik om 8nm vir 8.30 en behoort 'n goeie plaasvervanger te wees vir die SAUK se Netwerk.

Toegang: R8.00.

Baie dankie en baie welkom.



Noise Khanyile

Eendag, lank lank gelede...

Die Intimate Theatre in Rissikstraat, Braamfontein dis weer 'n lekker fees van kinderteaater op vir die skoolvakansie. "Once Upon a Time" is gegrond op die verhale van Hans Christian Anderson en word deur Jonathan Pienaar, Mark Richardson, Phillip Sechele en Gaynor Young opgevoer. Jill Girard is verantwoordelik vir die konsep en die regie. Dit het reeds gisteraand geopen. Die akteurs vertolk elk verskillende rolle en daar is baie geleentheid vir die gehoor om deel te neem. "Once Upon a Time" vertel die verhale van Thumbelina, The Princess and the Pea, The Snow Queen en The Tinder Box en is propvol towerspel, fantasie, storms, hekse, geselsende diere en sulke dinge. Bespreek by Computicket of skakel (011) 403-1563 of 884-1827.

Sam Shepard vêr wes met Far North - 2

Ska se herlewing - 2

Johann Du Plessis se weerwraak-kuns - 3

Gustav Geldenhuys laat die buile Uil - 5



Play it (eerder) again Sam



Jessica Lange

word daardeur 'n kinomatografie byna-perfekte blik op die "folk back home" sonder enige regte emosionele woema. En die aaklige gevoel dat "niks gebeur nie" bly van begin tot einde knaag.

Play it again Sam.

FAR NORTH
Met Jessica Lange, Charles Durning, Tess Harper 'n Sam Shepard-moewie

CHRIS DU PLESSIS
DIT lyk of ou Sam Shepard maar eerder weer sy oë teater se kant toe moet slaan. Want sy naam, mooi gesig en sy lewenslange obsessie met pa, perde en die vrou, red gehore nie van verveeldheid met sy nuutste poging tot diepsinnigheid nie.

Moontlik kan juis die feit dat dit sy rolprentregie-debuut is as verskoning gebruik word, maar 'n mens begin nietemin sommer gou in "Far North" aan die gaap raak.

Sam se wederhelf in die regte lewe, Jessica Lange, vertolk die rol van Kate, 'n vrou wat terugkeer na haar geboortegrond in die "North Country". Ná 'n suksesvolle aanpassing by die lewe in die stad is dit nie die maklikste ding om weer met die emosionele herinneringe wat deur die familie en die omgewing gewek word, aan te pas nie. Shepard het die storie geskryf

tydens drie weke in die hospitaal nadat hy tydens 'n polo-wedstryd beseer is.

Die fliëk begin baie dramaties met 'n perd aan 'n perdekar wat besig is om met Kate se pa (Charles Durning) op 'n eensame plaaspad op hol te gaan. Die daaropvolgende ongeluk sit hom vir 'n lang ruk in die hospitaal.

'n Groot deel van die kyktyd word afgestaan aan die uitbeelding van Kate se pogings om deur haar familie, en veral haar pa, erken te word. Kate is net so hardkoppig soos haar pa. Hy wil hê sy moet die perd vir hom doodskiet. En hierdie stryd tussen pa en dogter, en die innerlike konflik wat die versoek of eerder uitdaging meebring, word 'n sentrale tema in die "verhaal".

'n Redelike sarsie pseudo-soetsappige Amerikaanse "slice of life" word opgedis met die pa en Kate se alkoholiese oom wat uit die hospitaal ontsnap en al sry-stry die nag in die bosse rondwaal. Dit sorg goed genoeg vir die onuitsluitbare deernis en humor noodsaaklik vir elke Amerikaanse produksie met "meriete".

Die res van die fliëk word deur Die Vrou oorheers: Kate se plaassterk suster (Tess Harper) en haar wulpse dogter wat paradoksaal ten alle koste na die groot stad wil vlug (hulle wil ook almal die wilde perd van Kate se doodskoeël beskerm). Kate se semi-seniele moeder wat in buie van melankoliese geheueverlies verval en die eeu-oue ouma wat die spul opsom tydens haar verjaardagparty as sy vra: "Where are all the men?".

In Shepard se poging om die vader/kind-konflik ('n herhaalde tema van baie van sy werk - sy oorlede pa was net by een van sy teaterstukke, en toe ook dronk genoeg om van die gehoor af luidkeels "deel te neem" aan die vertoning) van seun 'n dogter oor te skuif, is egte emosie agterweë gelaat.

Dit is amper asof hy eenmaal net te macho is om die vrou uit die vrou se oogpunt werklik te verstaan, hoe erg dit ook al mag klink. "Far North"

Paryse verdriet in Durban

DIE vreugde en verdriet van Parys se bohème in die vorige eeu is weer te sien in die Playhouse in Durban wanneer Naruk-Opera Puccini se "La Bohème" opvoer.

"La Bohème", Puccini se vierde en mees geliefde opera, is in 1986 met die inwyding van die Playhouse die eerste keer daar opgevoer. Regisseur James Conrad, dirigent David Tidboald en ontwerper Ed Haynes snoer weer kragte saam.

Die Amerikaanse tenor Riccardo Calleo, voorheen by die Playhouse te sien in "Faust", vertolk Rodolfo, 'n rol wat hy al baie in Amerika gesing het.

Die Italiaanse sopraan Cristina Rubin maak haar Suid-Afrikaanse debuut in dié produksie as Mimi. Sy het aan die La Scala-Operaskool studeer en die gesogte Giuseppe Verdi-Wedstryd in 1985 gewen.

Juan Burgers, Naruk-Opera se koorleier, sing die rol van Benoit. "La Bohème" word 1,3,5,7 en 10 Oktober opgevoer. Die openingsuitvoering Sondag word regstreeks oor Radio South Africa uitgesaai.



Bob Marley

Ska, Scandal (9) en More Intensified! Original Ska 1963-67 (8) - Verskeie Kunstenaars

Van alle oorsese musiekvorms is ska, volgens my beskeie voete, dié soort wat hulle die meeste laat jeuk.

Ska kom oorspronklik van Jamaika af en het ontstaan uit 'n musiekvorm genaamd mento en is die voorganger van rock steady en reggae.

Mento was Jamaika se oorheersende dansmusiek vanaf die negentiende eeu tot in die vyftigerjare. In sy vroeë vorm was dit 'n swaar polka met 'n swaar stadige basklank wat verkry is deur die hol stam van 'n trompetboom te blaas. Later is 'n marimbula - 'n groot weergawe van die Afrikaanse handklavier - vir dié doel gebruik. Toe mento stad toe is, het moderne westerse instrumente dié rolle begin speel.

Na die Tweede Wêreldoorlog het ska verval in toeriste-hotelmusiek, maar in die later-vyftigs - toe die eerste opnames in Jamaika gemaak is - het die belangstelling daarin opnuut vlamgevat. Mento het meer soos calypso geword met pittige en gewaagde lirieke.

Die vierkantige 4/4 ritme van mento het goed saam met die standaard "twelve bar" blues reekse gegaan, maar ander ritmes is in mento en die daaropvolgende Jamaikaanse musieksoorte beklemtoon. In plaas daarvan om hard op die eerste en derde ritmes soos in rock 'n roll te konsentreer, het die Jamaikane op die tweede en vierde ritme klem gelê.

Hulle het toe, vanaf die vroeë sestigerjare, blaasinstrumente, ritme-kitare en soms tromme, bo-op die off-beats gespeel, en dit só meer dominant gemaak. Dié nuwe, sneltrein, stofopskop-musiek het bekend geword vir die klank van die getemperde ritme-kitaar op die off-beats: ska.

Het jy al dié plaat? Nie?! Ska-nde!

Ska-musiek het sy eie dans ontwikkel, ook bekend as ska. Dit was 'n rukkerige kraanvoël-dans waar die bolyf vooroor en agtertoe buig, die knieë buig en roer, en die hande waai en die arms heen en weer geswaai word. Showboating was die stadige weergawe daarvan, waar die dansers teen mekaar geroei het in erotiese aanrakings.

Ska was Jamaika se eerste onafhanklike nasionale musiek. In 1961-62 was ska die in-musiek onder die Jamaikaanse gemeenskap in Engeland. Hulle het daarmee geïdentifiseer nadat hulle land onafhanklikheid van Britse kolonialisme verkry het. 'n Jong witman genaamd Chris Blackwell van welaf Brits/Joodse afkoms, maar wat in Jamaika grootgeword het, het Island Records in 1962 in Engeland gestig en plate begin maak vanaf die meesterskopië wat in Jamaika gemaak is. Island het gou bekendheid verwerf omdat hulle al Jamaika se warmste treffers in Engeland vrygestel het.

Van die liedjies op Ska Scandal is, word in die rolprent Scandal gebruik. Scandal gaan oor - soos dit op die plaatomslag pittig beskryf word - Christine Keeler se "avonture in die politiek". Meeste van die snitte is oorspronklik in Jamaika tussen 1960 en 1962 opgeneem.

Die hoogtepunt op die plaat is Bob Marley se heel eerste opname oit. Judge Not kan gebruik word deur 'n mediese student wat sy of haar proefskrif doen oor iets soos "Maak dagga jou stem grof?", en hiër is die positiewe bewys. Marley klink

soos die sewentienjarige wat hy toe was: 'n Fyn, dog prominente stemmetjie.

Op Mr Kruschew pleit Skitter dathy tog nie die Bom gooi nie, want "you'll kill each and everyone". Sosiale protes was toe al 'n integrale deel van ska.



Charles Leonard

Ander groot geeste op dié plaat is Desmond Dekker, Jimmy Cliff, Roland Alphonso, Don Drummond en Laurel Aitken.

More Intensified Ska is die tweede in 'n reeks oor dié wondermusiek. Dit dek 'n langer tydperk en 'n mens kan duidelik die ontwikkeling hoor ná rock steady en reggae. Hoewel ska wonderlik vir dans is, was dié loslyf-maniese musieksoort te vinig vir die Jamaikane met hul opregte gevoelens oor sosiale protes en godsdiens. Van die later snitte op More Intensified Ska is reeds stadiger as die gemiddelde snit op Ska Scandal.

Tog is al die snitte op dié twee plate genot vir die kop en die lyf. Dié genoeglike musiek vul jou en gee beter oefening as baie dinge waaraan ek vinnig kan dink, "if you know what I mean, nudge nudge, wink wink!"

'n Vriendelike waarskuwing oor beide plate: Die meeste van die snitte is heropgeneem van plate af omdat die oorspronklike meesterbande nie meer beskikbaar is nie. Daarom klink die gehalte op sommige van die snitte 'n bietjie "mature".

Vergeet van al die non-stop party-drek wat platerakke ver/bevuil. Koop dié; naas mbaqanga is dit loshand en losbeen die beste dansmusiek op vinyl.

Sarah Jane Morris - Sarah Jane Morris (6)

Ek glo nogal daaraan dat mense soos hul honde lyk. Adriaan Vlok lyk byvoorbeeld soos 'n polisiehond. Ek glo verder dat dieselfde gesê kan word van hul voorkoms en stemme. Louis Satchmo Armstrong se stem

kon byvoorbeeld nie uit 'n Michael Jackson-kierelyfie kom nie.

Me Morris foeter my teorie egter heeltemal op. Sy lyk na iets wat die voorblad van Huisgenoot of Sunday Times sal haal met 'n opskrif "Prins Whatever se jongste nooi!", en "Koningin Elizabeth frons oor wilde Engelse roos".

Sarah Jane Morris lyk na die tipiese aantreklike Britse vrou: Aarbeirooi hare, ligte sproete en fyn gesig. Tog is daar 'n effense wildheid in haar voorkoms - die soort wat die koningin op haar vet, niksvermoedende korgi's sal laat skel. Uit haar mond kom 'n hoofletter-STEM. Diep, ryk en lekker.

Dié plaat - haar debuut - maak 'n mens ongeduldig. Snitte soos Me And Mrs Jones, Sunny, The Rains Will Fall Again (uitstekend!) en Alone Again Naturally laat jou besef waartoe sy instaat is. Dit is jazzy, stylvol en propvol emosie.

Haar verstommende stem kom dan ook tot sy volle reg.

Maar dan is daar die ander snitte: Hulle is swak gekies en ingestel op 'n "quick buck". Sy klink na aangeemaakte Annie Lennox met poeier Laura Brannigan. Nie juis die soort drankie wat my mond laat water nie.

Dit is waarom 'n mens ongeduldig word vir die tweede langspeler. Hopelik sal dit 'n plaat vol gehalte-snitte wees - snitte soos die eersgenoemdes. Hulle het my so opgewonde gemaak soos laas met Carmel se debuut.

Dit is nou net duimvashoud dat dié wonderlike sanger ons nie gaan teleurstel met haar volgende langspeler nie.

Plate word op 'n skaal van 0 tot 10 beoordeel

787-7987/4

ONDER Vry en Sat : Delia Layton

So: Pierre van Staden

Di: Colin Shamley

Wo: Ian McCormick

Don: Annie

BISTRO, KROEG EN BILJARTKAMER
Crossroads-sentrum, Hendrik Verwoerd-rylaan, Randburg
787-7987/4

Jameson's
USA COMMISSIONER ST. JIM

Vry, Sat, Son
Dins, Wo, Don

Noise Khanyile

Tel: 836-6002/838-1769

Du Plessis neem wraak op die 'wetenskap'

JOHANN DU PLESSIS se huidige lewenstaak is om wraak te neem. Wraak op die wurggreep wat die meganiese eeu op die beeldende kunste uitoefen. Dié weerwraak op die wetenskaps-revolusie kan Dinsdag 3 Oktober by die Nathalie Knight-Galery (Hyde Park Corner) gesien word wanneer 'n uitstalling van sy werk daar open. Die uitgangspunt is dat "ons kulturele en estetiese ondervinding lank nie meer per-

soonlik is nie..." Die individu se beeld van die realiteit word geselekteer, gefilter en verander om in te pas by dit wat deur die media voorgeskryf word. So het ons ervaring van kuns ook sy oorspronklikheid verloor. Ons ervaar dit deur filters. Filters van die fotografe, redakteurs en regisseurs of vervaardigers van die massamedia. Die grootte, tekstuur en konteks van die oorspronklike word ver-

ander en die kunstenaar verloor beheer oor die finale produk.

Johann se werk word in drie "fases" aangebied: sy oorspronklike produk, City Lab se transparante en afgedrukte daarvan en Johann se verwerking van die City Lab-produkte. Op dié manier gee hy homself weer die beheer oor die eindproduk. Siedaar! Kits-weerwraak op die massamedia.

Vir diegene wat nie verwickeld wil raak in die ietwat komplekse dinamiek van Johann se persoonlike vendetta teen die moderne "prossessering" van kuns nie, sal in elk geval genot kan put uit die uitstalling.

Sy kombinasie van verskillende geskiedkundige kunstradisië (van romantiek tot art-nouveau), veroorsaak 'n unieke tydloosheid en deur middel van sy eiesoortige tegniek en gebruik van verskeie media, word sy werk amper 'n parodie van kuns in die geheel.

Met die tweede blik maak die skynbare onverwante objekte wat saamgeboender word sin, veroorsaak spanning en dra helder, onpretensieuse boodskappe aan die kyker oor. Dit spreek op baie vlakke en is tegelykertyd intellektueel, geestelik, intuïtief, simbolies, misterieus, emosioneel...iets vir almal basies.



Johann du Plessis aanskou een van sy eie skilderye wat hy in weerwraak teen tegnologie "vervaardig" het.

Township Boy gaan weer Europa toe



John Ledwaba



Christo Leach

CHRISTO LEACH en John Ledwaba van die Mamu Players se teaterstuk met musiek, "Township Boy", vertrek volgende week weer na Europa vir 'n toer. Dit is die groep se derde Europese toer die afgelope jaar. Met die laaste toer het hulle Berlyn en Brittanje besoek waar hulle by internasionale teaterfeeste in Glasgow, Birmingham en Brighton opgetree het. Oral is die opvoering hoog aangeprys en in Glasgow het dit die Newspaper Award vir beste internasionale produksie ontvang.

Die musiek wat deur Ledwaba geskryf is, is in Londen heropgeneem deur Kaz Records en sal binnekort internasionaal uitgereik word.

Met die komende toer sal die groep Holland, België, Duitsland, Oostenryk en Switserland besoek en die Amerikaners stel ook nou blykbaar belang.

Intussen het Ledwaba reeds begin werk aan 'n nuwe produksie, "Street Sisters", wat ook musiek bevat en wat handel oor die lewe van prostitute in Hillbrow.

Geen vis veilig met Kline in die omtrek

THE JANUARY MAN

Met Kevin Kline, Mary Elizabeth Mastrantonio, Rod Steiger
Regie deur Pat O'Connor

ANDREA VINASSA

JOHN PATRICK SHANLEY, die dramaturg en draaiboekskrywer, is so romanties soos net 'n New Yorkse Ier kan wees. En so bittersoet en so skreeusnaaks. Hy is die skrywer van die toneelstuk "Danny and the Deep Blue Sea", en die draaiboek vir "Moonstruck".

Hy is, saam met nog 'n Ier, Pat O'Connor, verantwoordelik vir een van die beste komedies van die jaar. 'n Mens kan sien Shanley is tuis in New York, en hy verlustig hom veral in die agterstrate waar die wrakhout en uitskot van die lewe weerloos op die sypaadjies beland.

Sy deernis met die armsalige Amerikaners is duidelik, maar vir die "cop"-genre het hy minder gevoel: "The January Man" is 'n heerlike opstuur van die stapelvoedsel van die Amerikaanse rolprentbedryf.

Die openingstoneel het 'n tenk vol goudvissies in en waar daar goudvissies is moet Kevin Kline ook wees. Dié van julle wat nog die hoop koester dat Kline gaan bekeer en weer 'n ernstige akteur word, sal teleurgestel wees. Vandat hy deurmekaar geraak het met die Monty Python-klop wil hy skynbaar net grapjasse speel.

Kline speel 'n geniale polisieman wat as gevolg van korrupsie 'n paar jaar gevore na die brandweerdepartement oorgeplaas is en homself as brandweerman geniet. Na 'n paar grusame moorde op jong vroue word Kline ingeroep om die raaisel op te los.

Kline se metodes is onortodoks en Shanley se plot is nie vir 'n minuut geloofwaardig nie, maar dit is die karakter se geraamtes in die kas - sy verhouding met sy broer se vrou en sy verhouding met die burgemeester se dogter - en sy vreemdsoortige vriende wat die prent voortdryf.

Shanley se geloof in die verlossende krag van die liefde is die enigste aspek van die prent waarop 'n mens ernstig kan ag slaan.

CHRIS DU PLESSIS

THE
PURPLE
GSHALL
GOVERN

NAARTJIE



OLIGARCHY

Naartjie T-hemde deur kunstenaars

Stuur tjek of posorder vir R24 aan:

Bruce Gordon mnf, cc, Ou Castle-brouery,
Beachweg 6A, Woodstock, Kaapstad, 7925

VUL NAAM EN ADRES ASB DUIDELIK IN:

NAAM _____

ADRES _____

KODE _____

TELEFOON _____

SLEGS R24!

Oor kookboeke 2

DIE bietjie wat ek van Noorweegse kōs gesien het, het my nie beïndruk nie. Dan moet ek onmiddellik byvoeg dat die Noorweegse kōs wat ek geëet het, die maaksel van twee huisvrouens was. Noorweë is waarskynlik die duurste land in Europa, en ek het net nie die geld gehad om in hul restaurante te eet nie.

Die walglikste gereg wat ek daar geëet het, was visfrikadelle wat uit 'n blik kom, en so rubberagtig is 'n mens sal waarskynlik 'n potjie tennis daarmee kan speel. Oor die frikadelle het die huisvrou 'n lang wit smaaklose sous gegooi, en dan eet die Noorweërs lekker.

In die rolprent Babette's Feast kry mens ook die indruk dat sekere Noorweegse geregte vir die verbruik van viervoetige diere met gesplete hoewe bedoel is. Babette het die groot bedrag dobbelgeld wat sy gewen het gebruik om 'n wonderlike Franse ete vir haar werkgewers in Noorweë te berei.

Die aartappels in Noorweë kom pikswart, hard en onsmaklik uit die grond. Dis waarskynlik die enigste aartappels wat in dié land met sy ongenadige klimaat groei.

Smorbod, die Noorweegse eweknie van Sweedse smorgasbord, het ek baie eetbaar gevind. Dis 'n verskeidenheid van vleis, kaas, haring, vleissmere ens. wat op brood geëet word. Dit is lekker kossies.

En dan het my vriend Helga - in Noorweë is dit 'n man se naam - op 'n dag met omtrent 'n halwe streep-sak "shrimps" - dwerggarnale? - by die huis aangekom. Ons het seker twee en 'n halfuur lank gesit en dwerggarnale afdoop, en dit saam met mayonnaise geëet. Heerlik.


Mag my Noorweegse vriende Helga en Jörn gesênd wees. Hulle het iemand wat ek goed ken sonder visum in 'n 30-ton Scania-trok deur 'n klomp grensposte Noorweë binnegesmokkel toe hy die Franse in Parys nie meer kon vat nie. (Hulle het hom ook terug Holland toe gesmokkel.)

Uit Noorweë het 'n tannie vroeg in die eeu Suid-Afrika toe gekom om ons hier te kom leer vis gaarmaak. Uit die kookboekie wat sy geskryf het, is dit duidelik dat sy ook goed onderleg in die Franse kookkuns was.

Haar naam is Aagot Strömsöe. Baie min Suid-Afrikers wat in kos belangstel het waarskynlik al van haar gehoor. Hopelik is haar boekie, Aagot Strömsöe's Fish Book, nog beskikbaar. Die uitgawe wat ek het is in 1982 deur Howard Timmins uitgegee, maar bestaan die uitgawery nog?

My respek vir The Fisherman's Wharf in Houtbaai, een van die min

En waar is Aagot Strömsöe?



plekke in die Kaap waar mens vars vis kan koop, het gestyg toe ek die boekie langs die kontantregister sien lê het. Ek hoop baie mense het dit gekoop, want dit is sonder twyfel ons beste boek oor vis.

Tannie Aagot het haar boekie meer as 50 jaar gelede geskryf nadat sy 'n visrubriek in die Argus behartig het.

Daar is bitter min biografiese besonderhede oor haar in die boekie. "Sy is aan die weskus van Noorweë gebore en het daar grootgeword, midde-in die groot Noorweegse visbedryf, waar elke huisvrou haar eie heerlike haringresepte het.

"'n Leeftyd van ondervinding, tesame met entoesiasme, het haar 'n unieke vaardigheid vir die gaarmaak van vis gegee," skryf ene prof Guido M Dreosti in die voorwoord.

Hy noem haar ook Mrs Strömsöe - sy was dus getroud - en verder niks meer nie.

Tannie Strömsöe was nie riek nie: dit is duidelik uit haar boekie. Haar

resepte is dikwels net vir twee mense, en sy gee baie aandag aan goedkoop visgeregte soos visfrikadelle en goedkoop vissoop.

Sy het 'n hele string resepte vir goedkoop vis soos stokvis en sardyne (ek is nie 'n sardyn-liefhebber nie, daardie effe bitter van die sardyn staan my nie aan nie.)

Haar resepte is baie smaakvol en oor die algemeen baie eenvoudig. Vir 'n huisvrou wat vandag 'n gesin moet grootmaak met 'n beperkte begroting, is hierdie boekie ideaal: dit sal haar leer om met goedkoop vis ver te kom sonder om haar gesin te verveel.

Maar mense wat in hogere visgeregte belangstel, kan baie by tannie Aagot leer. Sy het 'n goeie klompie kreef-, karp- en forelresepte (selfs een vir forel in portwynjellie) ens. waarmee die koskenner hom kan besig hou.

Tannie Aagot het toe al die geheim verstaan dat vis baie vars moet wees. 'n Vars doodgewone vis is baie beter as 'n verlepte hogere vis.

Só skryf sy oor vis: "When buy-

ing fresh fish see that the eyes are clear, gills red and scales shiny. Fish which looks shrivelled and is soft to the touch is not fresh. An exception is stockfish, which is not a firm-fleshed fish either in a fresh or frozen condition."

Leer tog maar hierdie lesse, en moenie vis koop wat nie vars is nie. Ek kyk dikwels na vis in ons supermarkte en gril. Mens kan sommer op 'n afstand sien die vis lê al dae of weke daar.

Dit lyk nie of die gemiddelde supermark die vaagste benul het van vars vis nie. En tog koop die mense dit en eet dit. Miskien moet ek 'n paar supermarkte besoek en hulle vis beskryf. Negatiewe publisiteit kan dalk iets uitrig. (Is Vrye Weekblad se sirkulasie al 50 000?)

As jy glad nie vars vis kan kry nie, koop dan eerder bevrore vis as ou vis. Ek persoonlik hou nie van bevrore vis nie - baie van die smaak gaan in die vriesproses verlore - maar dit word bevries kort nadat dit gevang is en is baie beter as ou vis.

En as jy vismark toe gaan, hou maar jou oë oop. By die Durbanse vismark, waar ek 'n paar keer vis gekoop het, het ek net een stalletjie vertrou.

'n Vriend het my vertel dat baie van die stalletjies skaapbloed oor ou vis gooi om die indruk te wek dat dit vars is. En waaragtig, die bloed wat oor sommige van die vis gelê het, is nie visbloed nie. Daar is baie "shysters" in die visbedryf, en wees maar bedag op hulle.

Om na tannie Aagot terug te kom, sy sit die verskillende maniere om vis gaar te maak eenvoudig uiteen, en vertel jou hoe om vars vis lig te sout en te rook.

Sy vertel jou om vissop van viskoppe te maak en visafreksels te kook. Sy beskryf die vissoorte wat kommersieel beskikbaar is, en is nederig genoeg om mense by wie sy goeie resepte gekry het, die eer daarvoor te gee.

Sy vertel jou hoe om piekelvis te maak, en ook visaspiek en salmousse.

Natuurlik het sy ook 'n klompie haringresepte want sy kom van Noorweë af. So kan ek aangaan, maar wat ek wil sê is: Koop die boekie. Dit het goeie resepte wat by ons plaaslike vis aangepas is. Ek hoop dis nog beskikbaar.

En na soveel positiewe dinge wat

ETE EN DRINKE



ek oor een boekie gesê het, moet ek darem iets negatiefs oor 'n klompie boeke sê.

En hierdie klompie boeke is die reeks Huisgenoot se Wenresepte. Ek het voorheen 'n uiters negatiewe resensie geskryf oor 'n boek wenresepte wat vir die mikrogolf aangepas is.

Annette Human, wat volgens ek hoor afgetree het met die geld wat sy uit die reeks gemaak het, het eienaardig te werk gegaan. Sy het die volk gevra om resepte vir haar te stuur, en dit dan in haar toetskombuis getoets.

As dit engsins eetbaar was - selfs beesvleis in koffie en gouestroop gaargemaak is eetbaar vir haar - het sy dit gepubliseer, en uiteindelik in boeke saamgevat.

Die laagste gemene deler het dus haar kookboeke vir haar geskryf. (Ek sien nie neer op my volk nie, maar my volk is nie 'n volk van goeie kokke nie.)

Een blik van hierdie boontjies, een blik van daardie boontjies, en een blik van 'n ander soort boontjies. Meng hulle saam, maak een of ander slaaisousie en daar het jy 'n heerlike slaai. Dit is wat ek gemors noem.

Huisgenoot se Wenresepte het hoegenaamd niks gedoen om ons koskookgewoontes te verbeter nie. Dit het net 'n groot klomp slegte gewoontes verder versprei.

Mense, bly weg, en gooi weg. As dit ons koskultuur is, het ons reeds kulturele selfmoord gepleeg.

KOOS COETZEE

Die gefrustreerde vark

EENDAG nie lank gelede nie, was daar 'n vark wat naby 'n woud in Frankryk gewoon het. En hierdie vark het baie gedroom oor truffels - 'n knol wat onder die grond aan die wortels van eikebome groei en 'n lekkerny van die Franse kookkuns is.

Die vark was 'n truffeljagter, en het elke truffelseisoen aan 'n leiband saam met sy baas in die woud gaan truffels soek.

Die vark kon 'n truffel op 30 meter ruik. En dan het die vark seksueel baie opgewonde geraak. Sy hare het gerys, en hy het na die plek gehardloop waar die truffel is en begin grawe.

Die hemel het vir hom geopen, maar o wee, elke keer het sy baas hom met 'n stok met 'n spyker daaraan geslaan sodat hy die truffel moet uitspoeg.

Maar een uit elke tien truffels wat die vark uitgehaal het, kon hy eet. Dit was die hoogste seksuele ervaring wat 'n vark kon hê.

Die vark se lewe was baie frustrerend: net een uit elke tien truffels kan jy eet. Maar die vark het elke keer hard gewerk om by die tiende truffel uit te kom.

Eëndag sê die boer vir sy seun: Nou kan ons hierdie vark slag, en ons hoef gelukkig nie truffels by te gooi wanneer ons hom gaarmaak nie. Dit was die einde van die gefrustreerde vark.

Ns. Wetenskaplikes het bevind dat truffels varke seksueel stimuleer. In Italië word truffels met honde gesoek. Word mense en honde ook seksueel gestimuleer deur truffels? Mens kan nie kos en seks skei nie.

KC


Waarom die slym??

'N VRIEND vra my waarom mens nie die slym van die forel moet afwas nie wanneer jy Blouforel gaarmaak, waarom ek onlangs geskryf het. Is die slym dan lekker, vra hy. Dit is dooenoudig omdat die slym chemies met die asyn in die court-bouillon reageer om dit die pragtige blou kleur te gee. Laat ons tog maar nie alte grillig wees nie.

KC

GASTEHUIS

Stellenbosch



'n Huislike en gasvrye atmosfeer
Tradisionele disse
Billike tariewe
Bed en ontbyt vanaf R50 per persoon

Dorpstraat 110
Stellenbosch
(02231) 3555

Onthou...

Koala Blu Restaurant

bedien besonderse kos uit Suidoos-Asië

Bel vir Eric om uit te vind van die wonderlike jazz
Sondagaande:
482-2477/8



JANET TELIAN
JACQUI CRAIG

By die Mark-teater
Breëstraat, Newtown
Tel: 838-6960

TROPPE wilde wolfhonde het die strate oorgeneem (hulle het ná 'n bomontploffing uit 'n polisievoertuig ontsnap), 'n jong gestremde seun kry aaklige visies terwyl hy TV kyk (wie kry nie?), die huis is omring met sekuriteitsapparaat - en daar's 'n klomp paranoïese en eienaardige mense wat in en uit die plek beweeg.

Tot dusver lyk Schalk Schoombie se Suid-Afrika van die toekoms glad nie soos FW s'n nie.

Sy toneelstuk "Huis vol uile" het hierdie week in die Arena van die Nico Malan-Teater in Kaapstad begin. Schoombie het die drama omtrent vyf jaar gelede geskryf en het dit destyds vyf jaar in die toekoms laat afspeel.

Sekuriteitsapparaatjies het ons nou maar, waansinnige moeders is volop, troppe wilde wolfhonde is nog nie op straat nie - hulle word nog blykbaar in Pretoria geteel. In elk geval, hierdie Kruik-produksie speel hom af vyf of vyftig jaar in die toekoms in.

"Gister se toekoms" is die diepsinnige titel wat akteur Neels Coetzee (hy speel 'n soort van down and out-engel wat sy vel kleur en ander dinge kan verander) onlangs voorgestel het.

Gewoonlik sien ons Kruik se

Gustav Geldenhuys is een van die "bright young things" van die Suid-Afrikaanse teater. Hy was verlede jaar te sien in "Piekniek by Dinga" en is op die oomblik in die Kaap op die planke in Schalk Schoombie se "Huis vol uile". MARION TOM het met hom gaan gesels.

Gustav Geldenhuys in 'n kakiebroek, kakiehemp en vellies in een of ander klug. Hy't mos so 'n mooi gesig dat almal altyd dink hy kan 'n goeie boerseun speel.

'n Goeie boerseun is hy nou nie in hierdie Apocalypse-any-day-now scenario nie. In "Huis vol uile" is hy 'n skurkagtige joernalis wat kokaïne snuif tussen shoots (hy maak movies).

"Ek dink nie die stuk is noodwendig net oor Suid-Afrika of oor ons spesifieke politieke situasie nie.

"Sulke dinge gebeur orals in die wêreld. Mense wat met vreeslike geweld moet lewe, mense wat paranoid raak oor al die dinge wat aan-

Dié boerseun verlang na 'n berg in Japan



Gustav Geldenhuys...het nie 'n ding oor Afrikaans of "alternatief" wees nie.

gaan. Ons bevind ons nie juis in so 'n unieke situasie nie - kyk na Suid-Amerika en die Midde-Ooste. Ons dink ons is spesiaal."

Geldenhuys wou eers 'n joernalis word. Dit was een van sy drome terwyl hy kaalvoet in die heuwels in die Transkei baljaar het. Hy is een van agt kinders en het 'n deel

van sy lewe in sinkhuise saam met sy ouers gewoon (sy pa was 'n dokter by 'n NG sendingkerk).

Gustav het nie hierdie groot DING oor Afrikaans of "alternatief" wees nie.

"Toe ek klein was daar in Isilemela het baie van ons bure kom tee drink. Dit was nie vir my ongevoel om die vrouens met hul varkvet besmeerde lywe, hulle oranje komberse en met babas aan die tepel in die voorhuis vas te loop nie.

"My ouers was baie getrou in wat hulle geglo het en ek het maar net so groot geword.

"So ek het nie juis hierdie groot lus om te bewys dat ek anders is of iets spesiaal nie.

"Toe ons Piekniek by Dingaan gedoen het, alhoewel ek dit baie geniet het, het ek gevoel wat almal probeer sê, is nogal naïef."

Gustav het per ongeluk in die teater beland toe hy nie vinnig genoeg kon besluit watter kursus hy wou volg toe hy op Stellenbosch gaan studeer het nie.

"Toe ek weer kyk, sit ek in die dramaklas met 'n leotard aan. Op daardie tydstip het ek nog nooit 'n voet in die teater gesit nie.

"Ek het gedink akteurs is mense wat in Amerika werk. Maar ek het altyd my verbeelding gebruik en soms Rooms-Katolieke priesters gespeel, wat my ma nogal verbaas het."

Hoewel Gustav nie juis veel geleenthede gehad het by Kruik om sy talente uit te stal nie, het hy al in 'n paar goeie rolle beland - die beste volgens hom in Heiner Müller se "Anatomie Titus".

"Ek het ook nie hierdie groot dinge oor Akteur wees nie. Ek vat maar elke dag soos hy kom. Toekomsplanne het ek nie.

"Ek sou graag op 'n berg in Japan wil woon saam met een of ander wyse ou meester wat my al die geheime van die lewe kan vertel.

"Dit sou ook lekker wees om op 'n filmstel te werk - jy weet - toebroodjies bedien en op 'n fiets rondry met boodskappe."

"Uile" is tot 7 Oktober op die planke. Gerrit Schoonhoven is die regisseur en ander spelers is Neels Coetzee, Antoinette Kellerman, Marthinus Basson, Willie Fritz en Elma van Wijk.

M-Net se slimstories kan jou boei



GOEIE TV is gevaarlik. Dit maak van jou 'n idioot wat heel aand en elke aand voor die kassie sit. Nie meer lees nie. Nooit gaan kuier nie. Nie vergaderings bywoon of aan betogings deelneem nie. Dit het met ons gebeur: M-Net het hierdie week ook tussen ons en die werklikheid ingeskuif, en Sondagaand was ons laat vir aandete omrede Carte Blanche.

Want hulle weet wat mense van TV geniet: om skaamteloos te staar na mense terwyl hulle slimstories vertel, en om, as jy genoeg lewenskennis het natuurlik, somer te sien of hulle die waarheid praat of nie.

Dood in die oë

Carte Blanche het begin met twee intense Amerikaners wat stry oor die doodstraf. 'n Prokureur met 'n staalharde blik, wat 'n psigopatiese moordenaar uit die elektriese stoel wou red, het die laksman gekruisvra oor sy skilderye wat die dood uitbeeld. Die blou-oog beul wou nie sê hy voel sleg oor die manier waarop hy sy brood verdien nie. (Hy het gesê: "I don't know where they're going, but I'll send them there.")

Hy het darem ook gesê hy sien die doodsangs in die oë van die mense wat hy so "stuur". Moet interessant wees, veral vir 'n skilder.

Groot gemors

Toe was daar 'n fokus op die wetenskaplike wat uitverkoop het aan 'n groot oliemaatskappye wat Alaska so bemors het dat der miljoene diere en plante en drome gevrek het. Die kamera het ons gewys hoe wriemel die wetenskaplike (wat hoof was van die skoonmaakspan wat nie te deeglik skoonmaak het nie) soos 'n otter in die olie voor die vra van die joernalis. Asof sy sy gewete is. Hy het darem nog 'n gewete.

Groot geeste

Wat moet 'n mens nou dink van die groot geeste van die departement van wit on-

derwys wat geweier het dat die kinders in hulle sorg deelneem aan 'n debat oor skooluniforms? Dat hulle bang is die debat gaan dalk oor Fascisme?

Carte Blanche se Ruda Landman het die groot afwesigheid in die debat mooi gesimboliseer deur die skugter omies se kant van die saak te stel voor 'n toe skoolhek wat maar baie aan die dodesel vroeër in die program herinner het.

Terloops, het ons nuwe president nie al sy hand gehad in wit onderwys nie?

Wie skarrel so?

Ja, ek was ook getuie van die inswering van ons laaste wit president.

En daarmee het ek die kans gehad om lank en deeglik te staar na die gesig van 'n mede-burger met heeltemal te veel mag.

Daar was ook 'n skarrelende boodskap of twee vir dié wat belang stel.

En ek praat nie van Oom Pik se gesig wat vir 'n kort rukkie in fokus was (soos 'n wens of 'n vlietende gedagte) nie. Ek praat van die vlieënde gedaantes wat voor die hoofseun se pratende gesig gewarrel het.

Saam met miljoene, seker, het ek gewag dat die kameraman die fokus verander sodat ons kan sien. Was dit 'n tor? 'n Muggie? 'n Vlinder? Niemand kon sien nie, en niemand sal ooit weet nie. Vir ons klomp bygelowiges is 'n kosmiese boodskap, gebring deur 'n nederige insek, vir ewig verlore.


Wel ja, en ook terloops: Groen Vrede is nie naastenby 'n prioriteit vir die nuwe hoofseun nie.

Verskriklike Kleppe

Die Paardekraal Broekieskouprys vir Sensuele Reklame gaan hierdie week, ten spyte van stywe kompetisie, aan Ego. Tweede plek word gesamentlik beklee deur Sestien Verskriklike Kleppe.

VICTORMUNNIK

VWB? Wat is VWB?



VWB is die mees opwindende gebeurtenis in die Suid-Afrikaanse literêre wêreld in 'n baie lang tyd.

Maar VWB is nie net vir literatoure met toffieneuse, vervelige akademiese en vaal, bysiende bibliotekaresse nie.

VWB is vir almal wat graag lees. Oor die letterkunde, poësie, die geskiedenis, tulinmaak, mense, gesondheid, natuurbewaring en ekologie, kinders grootmaak, die ekonomie, politiek, kos - alles waarvoor boeke geskryf word. En oor die mense wat dit geskryf het.

VWB is Vrye Weekblad Boeke, 'n kwartaallike bylae wat die eerste keer op 13 Oktober verskyn.

VWB gaan 'n fees wees.

dié week by die MARK-TEATER

MARK-TEATER

Maan - Vry: 8nm. Sa: 5.30nm & 9.15nm

A WALK IN THE WOODS

Regie deur Leonard Schach

Met Michael Atkinson en Michael McGovern. Ma tot Vry: 8nm. Sat: 6nm en 9nm.

UPSTAIRS-TEATER

BURN THIS - Regie deur Clare Stopford. 'n Skitterende, snaakse toneelstuk oor die liefde

Ma tot Vry: 8nm, Sa 5.45nm & 9nm

DIE LAAGER

SO WHERE TO - deur die Sibikwa-spelers.

Ma tot Sa: 8.15nm. Sat: 6.15nm & 9.15nm

WAREHOUSE BY DIE MARK

LAKUTSHON 'ILANGA - Deur. Mothobi

Motloatse. Di tot Vry: 8nm. Sat: 5.30nm & 9.15nm. Son: 6nm

KIPPIES BY DIE MARK

Di tot So: 8.30nm

GEORGE LEE en ANANSI

MARKGALERIE

Groot Galery Staffrider se jaarlikse toekennings-uitstalling vir skilder en beeldhouwerk en fotografie

Telefoon 832-1641

Bespreek by enige Computicket, tel 28-3040 Johannesburgse Vlooiemark: Elke Saterdag van 9.00 vm tot 4.00 nm

Nuwe mark in Pimstraat van 9.00 vm tot 4.00 nm. Sondae by die Mary Fitzgeralddalein van 9.00 vm tot 4.00 nm.

MUSIEK

JOHANNESBURG

Jameson's Bar, Commissionersstraat: Een van die laaste buiteposte van "live 'n local" musiek. Wye verskeidenheid van mbaqanga tot rock. Jazz saam met Saterdagmiddagete; geen toegangsgeld. Jazz elke dag van 12 tot 2nm en Saterdag van 2 tot 6nm. Vanaand, Saterdag en volgende week is dit NOISE KHANYILE.

Koala Blu, Melville: Jazz word elke Sondag in die binnehof aangebied deur die Transvaalse Jazzklub.

Roxy Rhythm Bar, Mainstraat, Melville: Vanaand: Die formidabele AFRICAN JAZZ PIONEERS. Saterdag: THE JIVE. Maandag: BRIGHT BLUE. Dinsdag: LITTLE SISTER. Woensdag: THE JIVE. Donderdag: RUSH HOUR (onbevestig).

Kippies, Mark-Teater, Newtown: Township-jazz se voorstedelike tuiste. (Toe op Maandag, die res van die week oop van sewe-uur - en naweke van vyf-uur - tot laat.) GEORGE LEE met ANANSI.

Harbour Cafe: Rocky-

straat. Uh...RELAX met ander leep-oog pseudo-intellektueles. Goeie kos. Swak bediening. Nice ou en nuwe musiek. Beste laatnag-rondleplek in die dorp. Ook bekend as die Yeoville Yacht Club.

Panama Reds, h/v Hendrik Verwoerd en Jan Smuts, Crossroads winkelkompleks, Randburg: Vanaand en môreand: Delia Layton. Sondag: Pierre van Staden. Dinsdag: Colin Shamley. Woensdag: Ian McCormick. Donderdag: Annie.

The Junction, h/v Breë- en Claimstraat: "Ouer" rock en new wave met 'n aparte vertrek

vir "live" groepe, 'n daktuin en video- en pool-kamer. Welkome afleiding van die diskotwak op ander plekke. Chris Prior en Neil Johnson is soms op Saterdaggaande die platejoggies. Vir "denkende" jollers.

The Thunderdome, h/v Claim- en Noordstraat: "Mega"-disko, kroë en groepe. Baie speëls en hoë hakke. Oop van Dinsdag tot Saterdag.

Rumours, Rockystraat: 'n Tipiese Rocky-

streetse laataand-"joint" vir mense wat soms werk en van jazz hou.

Late Nite Duke's, Melville: Laatnag-alternatief vir middel-stedeling. Oop van vyfuur smiddags tot baie laat saans en Saterdag vir middagete. Etes word sewe dae van die week tot laataand bedien.

Club Manzattan, Moletsane, Soweto: Hoër-inkomstegroep disko. Oop van 11 nm. Maandag en Dinsdag is toegang gratis. Twee gratis biere op aande wanneer toegang gevra word. Alle

soorte musiek.

Idols, bokant van Endstraat: Yuppie-paradys! Lang toue baie entoesiastiese jollers buite. Almal irriterend mooi.

King of Clubs, h/v Mark- en Von Wiellighstraat: HINRG gemors op boonste verdieping op Woensdag, Donderdag, Vrydag, Saterdag en Sondag. Disko-mbaqanga op die onderste verdieping.

Blues, Marshallstraat 165: Wesens van die noordelike voorstede (ouderdom tussen 25 en 35) se uithangplek.

Disko-musiek, flitsende ligte, speëls, mense met grimering... daai soort van ding.

KAAPSTAD

Base: Vanaand en Saterdag is BAYETE en THANDI CLAASEN aan die beurt. Sondag is Jazz Denn en Woensdag Reggae soos altyd.

Cafe Royal, Kerkstraat, Kaapstad: Elke Woensdag en Donderdag is dit AF-TER THE RINDERPEST en ANY DRIVER.

TEATER

JOHANNESBURG

By die Mark-Teater word **A WALK IN THE WOODS** deur Lesley Blessing word opgevoer. By die Warehouse is **LAKUTSHON' ILANGA**.

MARCH OF THE FALSETTOS deur William Finn is tans by die Adcock-Ingram-Teater, Windybow te sien. Met Duncan Bouwer. Daagliks om 8nm en Saterdag om 7.30 en 9.15nm.

THE SEA HORSE met Jacqui Singer en Dale Cutts, omskryf as 'n Amerikaanse liefdesverhaal, word by die Dalro-Teater, Windybow opgevoer. Daagliks om 8nm.

HAPGOOD, Tom Stoppard se slim, komiese riller is saaris om 8 by die

Alexander-Teater in Braamfontein te sien. Open 4 Oktober.

BURN THIS: 'n Skitterende, snaakse toneelstuk oor die liefde is by die Mark-Teater in die Upstairs te sien. Regie: Clare Stoppard. Tye: Maandag tot Vrydag om 8nm en Saterdag om 5.45 en 9nm.

MYSTERIES AND MISSES deur Robin Orlin word by die Mark-Teater in die Laager opgevoer. Vanaand om 8.15nm en môreand om 6.15 en 9.15nm. Maandag begin **SO WHERE TO** van die Sibikwa Players in die Laager.

Black Sun: (Louis Bothalaan, Orange Grove). **KISS OF THE SPIDER-WOMAN** deur Manuel Puig met Dawid Minnaar as Molina en Kevin Smith as Valentin. Regisseur: Laurens Siliye. Tye: Dinsdag tot Sondag om 8.15nm en Sater-

dae om 5.30nm en 8.30nm. Tot 8 Oktober. **SONGS OF OLWYN**, 'n kabaret met Lawrence Olwyn. Tye: Dinsdag, Donderdag en Saterdag om 10.30nm. **HAND IN GLOVE**, 'n werkwinkel vir kinders wat teater, popspel en volksverhale insluit duur tot 10 Oktober. Tye: Daagliks om 10vm en 2nm. Debbie Lan bied om 10.30 nm 'n kabaretagtige musiek-vertoning, **SHADOWS AND LIGHT**, met Steve Walsh, Lana Green en Kai, aan.

Pieter Toerien bied aan: **M. BUTTERFLY** by die Alhambra-Teater, met Sean Taylor en Jeremy Crutchley. Open 1 Oktober om 5nm. Tobie Cronje kan by die Leonard Rayne-Teater in **PIANO MAN** gesien word. Open Woensdag om 8nm. **TWO AND TWO MAKE SEX** met Tim Plewman, Diane Appleby, Carol-Ann Kelleher, Saul Bamberger, Melody O'Brian en Michael Thompson kan by die André Huguenet-Teater gesien word. Regie deur Rex Garner. Dinsdag tot Vrydag om 8.15nm en Saterdag om 6 en 9nm.

Huldeblyk aan **JACQUES BREL**, met Ferdi Uphof, Elsabe Zietsman en Tsidi Leloka is by Kushlicks in Rosebank te sien. Tye: Dinsdag tot Vrydag: 8.30nm. Vrydag en Saterdag 7 en 10nm en Sondag 7nm.

PRETORIA

DIE GROOT WIT ROOS van Pieter Fourie (met regie deur Dieter Reible) is in die Momentum, Staatsteater, te sien. "Volwasse" vermaak met lokettrekkers soos Gavin van den Berg en Brümilda van Rensburg.

Die Afrikaanse weergawe

van Janice Honeyman se gewilde pantomime **SNEEUWITJIE EN DIE SEWE DWERGIES** open 3 Oktober in die Drama, Staatsteater.

KAAPSTAD

Baxter-Teater, Mainstraat: Hoofteater: UCT BALLET. Tot 30 September. Tye: Vrydag en Saterdag om 8.00nm (Saterdagmiddag ook om 2.30nm). Daarna open Athol Fugard se **MY CHILDREN! MY AFRICA!** op 4 Oktober. Duur tot 28 Oktober. Tye: Daagliks om 8nm en Saterdag om 5.30 and 9nm. Stagedoor: **EDI NIEDERLANDER** tree tot 7 Oktober. Elke aand om 8.30, behalwe Sondag. **THE GLASS MENAGERIE** kan in die Studio gesien word. Tye: Maandag tot Donderdag: 8.15 en Vrydag en Saterdag: 6.15 en 9.15nm. Tot 21 Oktober.

Nico Malan, Strandgebied: Operahuus: **LA TRAVIATA**. Duur tot 29 September. Die ingevoerde Griekse sangeres Jenny Drivala tree vanaand op. In die Arena word **HUISE VOL UILE**, 'n prikkelende drama deur Schalk Schoombie oor die sielkundige uitwerking van politieke druk en gepaardgaande toekomsdrome tot 7 Oktober opgevoer. Daagliks om 8.30nm behalwe vanaand en Saterdag om 7.00.

Theatre on the Bay, Kampsbaai: **BLITHE SPIRIT** met Sandra Duncan, John Whiteley, Vanessa Cooke duur tot 30 September. Tye: Maandag tot Vrydag: 8.00. Saterdag 6.00 en 9.00nm. **NUNSENSE** met Natalie Gamsu open 4 Oktober en duur tot 21 Oktober. Tye is dieselfde.

GALERIE

JOHANNESBURG

Natalie Knight-Gallery, Hyde Park Corner: Uitstallings deur Heinz Kaspar en Johan du Plessis. Tot 23 Oktober.

Everard Read-Gallery: Uitstalling van werke deur Neil Rodger. Goodman-Gallery, Sandton: Werke deur Paul Blomkamp getiteld "Scintillating Fields". Duur tot 30 September.

Crake-Gallery, Norwood: Sheila Jarzin stal hier uit. Tot 14 Oktober.

Arternatives-Gallery, Rosebank: Weeklange uitstalling van skilderye, drie-dimensionele werke en beeldhouwerke.

Helen de Leeuw-Gallery, Hyde Park Corner: Uitstalling deur verskeie kunstenaars genaamd "Rites of Spring". Tot 14 Oktober.

Mark-Gallery, Newtown: Staffrider se jaarlikse prysuitstalling van skilderye, beeldhouwerke en fotografie.

Things-Gallery, Mark-Teater: Stoele en kopstukke uit Afrika. Tot 14 Oktober

Gallery on the Market, Newtown: Ben Nsusha, Charles Nkosi en Muzi Donga stal skilderye en beeldhouwerke uit. Tot 6 Oktober.

Kim Sacks-Gallery, Cavendishstraat, Bellevue: Maskers en beeldhouwerke uit Zaire. Tot 25 September.

African Magic: Inheemse handwerk en kunskunne. Ongevoen en outentiek. Rockystraat 20, Bellevue, Johannesburg, en Milkwoodsentrum 9a, Plettenbergbaai.

Zona. Nuwe Afrika-kuns en -appliek; inheemse handwerk en kuns. Grantlaan 64, Norwood, Johannesburg.

NU METRO THEATRES PRETORIA

Now Showing 29 Sept. - 5 Oct.

OSCAR 341-7682
Jeppe Street, Sunnyside

BATMAN

Jack Nicholson, Michael Keaton (PG-12)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

METRO 44-9867
Esselen Street, Sunnyside

The Land Before Time

An Animated Adventure (A)
From Lucas/Spielberg
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

VILLAGE 44-6096

TWO MOON JUNCTION

A Sexy Drama - for adults only (2-19)
Sherilyn Fenn, Richard Tyson
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

You're Famous

The Funniest Comedy of the Year (2-12)
Alan D Woolf, Nadia Bilchik
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MENLYNPARK 47-4568/348-8611
Atterbury Rd., Menlyn Park

BATMAN

Jack Nicholson, Michael Keaton (PG-12)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

The Land Before Time

An Animated Adventure (A)
From Lucas/Spielberg
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

You're Famous

The Funniest Comedy of the Year (2-12)
Alan D Woolf, Nadia Bilchik
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266

Oliver and Company

Walt Disney Adventure (A)
MON-SAT 6.00, 8.30

The Land Before Time

An Animated Adventure (A)
From Lucas/Spielberg
MON-SAT 6.00, 8.30

BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO THEATRES

NOW SHOWING 29 SEPTEMBER-5 OCTOBER BOOK AT COMPUTICKET

NU METRO CITY 1-8
CLAIM STREET 337-3033

HILLBROW METRO 724-2511
1-7

THE DREAM TEAM

Michael Keaton, Peter Boyle (2-10)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BATMAN

Jack Nicholson, Michael Keaton (PG-12)
DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

THE LAND BEFORE TIME

Adventure from Lucas/Spielberg (A)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

THE JANUARY MAN

Kevin Kline, Susan Sarandon (2-18)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

TWO MOON JUNCTION

Sherilyn Fenn, Richard Tyson (2-19)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BURNING SECRET

Faye Dunaway, Klaus Maria Brandauer (A)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

K-9

James Belushi, Mel Harris (2-8PG)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

YOU'RE FAMOUS

The Funniest Comedy of the Year (2-12)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

A TOUCH OF INFIDELITY

Ted Danson, Isabella Rossellini (2-14)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

DEAD BANG

Don Johnson, Penelope Ann Miller (2-19)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MARKET ST. METRO 29-8493

THE DREAM TEAM

Michael Keaton, Peter Boyle (2-10)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

YOU'RE FAMOUS

DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

TWO MOON JUNCTION

(2-19)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

HYDE PARK METRO 447-3091

BATMAN

Jack Nicholson, Michael Keaton (PG-12)
DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

THE LAND BEFORE TIME

(A)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

A TOUCH OF INFIDELITY

(2-14)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BALFOUR PARK METRO 887-8548

BATMAN

Jack Nicholson, Michael Keaton (PG-12)
DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

THE DREAM TEAM

Michael Keaton, Peter Boyle (2-10)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

ALBERTON METRO 907-2362

BATMAN

Jack Nicholson, Michael Keaton (PG-12)
DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

THE DREAM TEAM

Michael Keaton, Peter Boyle (2-10)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

LEBA KLERKSDOORP (018) 24564

YOU'RE FAMOUS

The Funniest Comedy of the Year (2-12)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BATMAN

Jack Nicholson, Michael Keaton (PG-12)
DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

FAREWELL TO THE KING

Nick Nolte, Marus Weyers (A)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

VAAL VEREENIGING (016) 21-1339

YOU'RE FAMOUS

The Funniest Comedy of the Year (2-12)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

THE LAND BEFORE TIME

Adventure from Lucas/Spielberg (A)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

THE JANUARY MAN

Kevin Kline, Susan Sarandon (2-18)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

PET SEMATARY

Dale Midoff, Denise Crosby (2-18)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

MIDRAND CONSTANTIA (011) 805-4266

OLIVER AND COMPANY

Walt Disney Adventure (A)
MON-SAT 6.00, 8.30

THE LAND BEFORE TIME

Adventure from Lucas/Spielberg (A)
MON-SAT 6.00, 8.30

MEGACITY METRO MMABATHO (0140) 2-3553

BATMAN

Jack Nicholson, Michael Keaton (PG-12)
DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

OLIVER AND COMPANY

Walt Disney Adventure (A)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

KILLING TIME

Joe Don Baker, Jeff Bridges (2-16)
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

CINE MMABATHO SUN HOTEL (0140) 2-1144 EXT. 2830

NOW SHOWING: Peter Dapson **SING** Musical (A)

NU METRO THEATRES

NOW SHOWING 29 September - 5 October

STUTAFORDS METRO 26-1818 FISH HOEK METRO 82-2404
TOWN SQUARE TOWN SQUARE, MAIN STREET

THE DREAM TEAM

Comedy (2-10)
Michael Keaton, Peter Boyle
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BATMAN

Jack Nicholson, Michael Keaton (PG-12)
DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

The Land Before Time

An Animated Adventure (A)
From Lucas/Spielberg
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

TWO MOON JUNCTION

A Sexy Drama - for adults only (2-19)
Sherilyn Fenn, Richard Tyson
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

SEA POINT METRO 44-7951
MAIN ROAD

THE DREAM TEAM

Comedy (2-10)
Michael Keaton, Peter Boyle
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BATMAN

Jack Nicholson, Michael Keaton (PG-12)
DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

The Land Before Time

An Animated Adventure (A)
From Lucas/Spielberg
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

THE DREAM TEAM

Comedy (2-10)
Michael Keaton, Peter Boyle
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

BRACKENFELL METRO 901-8100
CHECKERS WAREHOUSE CENTRE

BATMAN

Jack Nicholson, Michael Keaton (PG-12)
DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

The Land Before Time

An Animated Adventure (A)
From Lucas/Spielberg
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

YOU'RE FAMOUS

The Funniest Comedy of the Year (2-12)
Alan D Woolf, Nadia Bilchik
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

OSCAR Adderley St. 45-2585

Salome's Last Dance

An Adult Shocker (2-21)
Glenda Jackson, Stratford Jones
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

RONDEBOSCH METRO 685-4569

BATMAN

Jack Nicholson, Michael Keaton (PG-12)
DAILY 9.30, 12.00, 2.30, 5.15, 7.45, 10.15

PLATOON LEADER

Action (2-18)
Michael Dudikoff
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

YOU'RE FAMOUS

The Funniest Comedy of the Year (2-12)
Alan D Woolf, Nadia Bilchik
MON-FRI 9.30, 2.00, 7.30, SAT 11.00, 3.30, 8.00

MITCHELL'S PLAIN 32-2040

KARATE KID III

Karate Action (A)
Pat Morita, Ralph Macchio
DAILY 9.45, 12.15, 2.30, 5.15, 7.45, 10.00

Back To Freedom

Action (A)
Philip Brown, Cathy Peane
MON-FRI 9.30, 2.00, 7.30, SAT 11.00, 3.30, 8.00

BOOK AT COMPUTICKET EXCEPT MITCHELL'S PLAIN

FILM

Vervolg van bladsy 7



Jerome Flynn in die romanse, "A Summer Story".

Yorkse kunstenaar is. Met Bernadette Peters en Mary Beth Hurt.

GLEAMING THE CUBE - 'n Tienerflik oor 'n outjie met nie net skaatsplanke op die brein nie, maar ook WRAAK! Met Christian Slater.

THE JANUARY MAN - Kevin Kline (Wie sal Wanda ooit vergeet) en die sexy Susan Sarandon speel die hoofrolle in die komedie oor 'n speurder en 'n kunstenaar.

THE KARATE KID PART III - Asof die eerste twee nie genoeg was nie. Die mannetjie is terug, hierdie keer om regtig sy GROOTSTE uitdaging aan te pak. Met Ralph Macchio en Pat Morita.

ONAFHANKLIKE ROLPRENTEATERS


KAAPSTAD

LABIA - Oranjestraat 68:

Franse Filmfees

JOHANNESBURG

MINI CINE - Pretoriastraat 49, Hillbrow. Midernagvertoning vanaand: **THE EXORCIST**. Pink Floyd se **THE WALL** wys nog vanaand en Saterdagagaand. Volgende week is dit **A CLOCKWORK ORANGE**.



Michael Keaton van "Batman" soos hy lyk in "The Dream Team".

Gidse saamgestel deur Debbie Amos

DIE WEEK SE TV

VRYDAG 29

- TV1
 - 7.00 Goeiemore SA
 - 2.00 TopSport: Tennis
 - 3.30 Take a Break
 - 4.00 Santa Barbara
 - 4.25 Fast Forward
 - 4.55 Arty Facts
 - 5.05 Rockbottom and Company
 - 5.25 Children's Bible
 - 5.30 TopSport
 - 6.00 News
 - 6.15 Sundowner
 - 7.00 Airwolf IV
 - 8.00 Network
 - 8.45 Police File
 - 9.00 Simon en Simon
 - 9.50 Spies en Plesie
 - 10.45 Moord in die Pretpark - Dis nie altyd pret in die park nie. Oorgeklank uit Duits.
 - 12.25 Oordenking

- TV4
 - 6.03 TopSport
 - 9.04 Pretty Poison - kyk onder hoogtepunte
 - 10.36 MASH
 - 11.03 Royal Bicentennial Concert

- M-NET
 - 4.00 Boks: Regstreeks uit Amerika, die geveg tussen Brian Mitchell en Irving "Sweetpea" Mitchell.
 - 10.30 The Delta Force
 - 2.30 Telygames
 - 3.00 Fright
 - 4.30 Newsnight
 - 5.00 Hot Hits
 - Oop Tyd
 - 6.00 Loving
 - 6.30 The Robert Guillaume Show
 - Intekenare
 - 7.00 Alice in Wonderland
 - 8.15 Golf
 - 9.00 Steele Justice - Oor 'n Vietnam-veteraan wat wil wraak neem. Met Martin Cove
 - 10.33 West 57th: Jerry Lee Lewis
 - 11.00 Jerry Lee Lewis - kyk onder hoogtepunte
 - 12.20 West 57th: Natalie Cole
 - 12.30 The Unforgettable Nat King Cole - kyk onder hoogtepunte

SATERDAG 30

- TV1
 - 5.57 Oggendboodskap
 - 6.00 Opvoedkundige TV
 - 6.30 Agriforum '88
 - 7.00 Goeiemore SA
 - 9.00 Opvoedkundige TV
 - 11.00 Beyond 2000
 - 12.40 Tegnologie
 - 1.00 Sakkie en Thomas
 - 1.05 Amigo en Vriende
 - 1.10 Spesiale Agent TR Sloane
 - 2.00 TopSport
 - 6.00 Nuis
 - 6.15 Teletreffers
 - 7.05 J J Starbuck - 'n Nuwe reeks (oorgeklank uit Engels) oor 'n verveelde miljoener.
 - 8.00 News
 - 8.35 Magnum
 - 9.30 Airplane! - 'n Komedie waarin die vraag: "Is daar iemand op die vliegtuig wat iets van vlieg af weet?" voorkeur geniet. Met Robert Hays en Julie Hagerty.
 - 10.50 The Golden Girls
 - 11.20 Flying High
 - 12.10 Epilogue

- TV4
 - 6.03 Redd Foxx
 - 6.30 Learning the Ropes
 - 9.03 Murphy Brown
 - 9.30 Baby Boom
 - 9.57 Hotel
 - 10.49 Frank's Place
 - 11.15 TJ Hooker

- M-NET
 - 1.30 Motorsport
 - 2.00 Boks
 - 3.35 Golf
 - 4.00 Sokker

Hoe oud is Jerry Lee Lewis?

PRETTY POISON met Tuesday Weld en Anthony Perkins wys vanaand op TV4. Twee jongmense ontmoet mekaar Maandag, raak Dinsdag verlief, slaap Woensdag rond en vermoor iemand Donderdag. Kan net pret wees.

Vanaand om 10.33 skop M-Net af met 'n dokumentêr oor die onvergetlike Jerry Lee Lewis, daarna volg 'n program wat sy 54ste verjaardag herdenk en dan kry Natalie Cole 'n beurt om haar sê te sê. Haar pa, die ongehooflike voormalige jazz pianis, Nat King Cole word daarna (om 12.30) in 'n dokumentêr oor sy lewe,

vereer. 'n Uur en 'n half wat beslis nie misgeloop moet word nie.

SWEET DREAMS, 'n drama gebaseer op die lewe, huwelik, roem en uiteindelik tragiese dood van die country-sangeres Patsy Cline wys Sondag-aand op M-Net. Jessica Lange speel die hoofrol en die klankbaan spog met 'n paar oorspronklike opnames deur Patsy Cline self. Ook met Ed Harris en Ann Wedgewood.

'n Gewese rock-musikant (Tom Berenger) stel ondersoek in na die dood van een van die lede van 'n groep waarvan hy ook lid was, in

die fliek **EDDIE AND THE CRUISERS** wat Maandag-aand op M-Net wys. Ook met Ellen Barkin en Michael Pare.

Jodie Foster kan Woensdagaand op M-Net gesien word in **FOXES**, 'n drama oor vier tienermeisies wat onder dekadente omstandighede grootword en op 'n baie vroeë ouderdom met seks en dwelms kennis maak. Ook met Scott Baio, Sally Kellerman en Randy Quaid.

SHARKY'S MACHINE wat Donderdagaand op M-Net wys, is 'n polisiedrama met Burt Reynolds in die hoofrol. 'n Onbekende ben-


delid neem die onderwêreld van 'n Amerikaanse stad oor, en 'n onortodokse polisieman met 'n prostituut (Rachel Ward) as sy enigste leidraad, moet die probleem oplos.

'n Musiek-ekstravaganza vir die wat hou van Lionel Richie, Billy Ocean en diesulkes... Sondag-aand om 11.20 moet julle regsit, dekodeerder en alles aangesit en ingepron, want Anita Baker en Dick Clarke bied 'n program **THE MAGIC OF MUSIC** waarin al hierdie kunstenaars optree.

DIXIE CHANGING HABITS is die verhaal van 'n

bordeel-eienaar, Dixie Cabot (Suzanne Pleshette), wat gearrester word en moet besluit of sy tronk toe wil gaan of 90 dae saam met nomme in 'n klooster wil deurbring. Dixie Changing Habits word Donderdagaand op TV1 vertoon.

TAI-PAN, 'n drama gegrond op die verhaal van James Clavell wys Saterdagagaand op M-Net. 'n Baron uit die vorige eeu (Bryan Brown) vestig sy hoofkwartiere in Hong Kong, oorwin sy teenstander (John Stanton) en word Tai-Pan, die magtigste man in die Ooste.



Natania van Heerden as Marolien in die TV1 reeks "Vleuels".

- 5.45 Golf - volg Oop Tyd
- 6.00 Houston Nights
- Intekenare
- 7.00 Tai-Pan - kyk onder hoogtepunte
- 9.05 Down and Out in Beverly Hills
- 10.45 Golf
- 11.00 11 Harrowhouse
- 12.35 Hot Hits

SONDAG 1

- TV1
 - 1.30 Pinocchio
 - 1.55 ZET!
 - 2.05 Once Upon a Time... Life
 - 2.30 Bybelvasvra
 - 3.00 Breakthru SA
 - 3.20 Cousteau's Rediscovery of the World
 - 4.30 Collage
 - 5.20 Young Harry Houdini
 - 6.10 50/50
 - 6.50 Built for Life
 - 7.05 Life Style
 - 7.30 Thy Kingdom Come
 - 8.00 Network
 - 9.00 My Liewe Vriend - 'n Kort reeks oor 'n verwaande casanova uit die vorige eeu wat besluit om joernalis te word. Gegrond op die roman Bel Ami. Met Jacques Weber en Denis Manuel.
 - 10.40 Impetus

- 11.15 Oordenking
- TV4
 - 10.00 Impressions
 - 6.03 Kupid
 - 9.04 North and South
 - 10.03 227
 - 10.30 Sing Country
 - 11.02 TopSport

- M-NET
 - 7.30 Indiese diens begin
 - 10.30 Portugese diens begin
 - Intekenare
 - 1.30 The Adventures of Teddy Ruxpin
 - 2.00 Storybreak
 - 2.30 Dusty
 - 3.00 Golf
 - 5.00 60 Minutes
 - 5.30 Runaway with the rich and famous
 - Oop Tyd
 - 6.00 Falcon Crest
 - Intekenare
 - 7.00 Carte Blanche
 - 8.00 Wildlife on One
 - 8.30 Bon Voyage
 - 9.00 Sweet Dreams - kyk onder hoogtepunte
 - 10.50 Golf
 - 11.20 The Magic of Music - kyk onder hoogtepunte

MAANDAG 2

- TV1
 - 6.00 Goeiemore SA
 - 3.00 Teleskool

- 3.30 Opvoedkundige TV
- 4.00 Santa Barbara
- 4.25 Webster
- 4.55 Sylvanian Families
- 5.10 Pumpkin Patch
- 5.25 Children's Bible
- 5.30 Bravestar
- 6.00 News
- 6.15 Graffiti
- 7.00 Goldengirl - 'n Nuwe reeks met Susan Anton in die hoofrol as 'n baie vin-nige meisie.
- 8.00 Network
- 9.00 Dirk Hoffman
- 10.00 TopSport
- 11.00 Verhale van die Klondike
- 11.50 Oordenking

- TV4
 - 6.03 Small Wonder
 - 6.30 TopSport
 - 9.03 Family Ties
 - 9.32 Dynasty
 - 10.25 Wiseguy
 - 11.17 The Beam

- M-NET
 - 10.30 Jumpin' Jack Flash
 - 2.30 Telygames
 - 3.00 Steele Justice
 - 4.40 The Adventures of Teddy Ruxpin
 - 5.00 Hills End
 - 5.30 The Smurfs
 - Oop Tyd
 - 6.00 Loving
 - 6.30 Perfect Strangers
 - Intekenare

- 7.00 Tough Guys
- 8.30 Bon Voyage
- 8.45 Boks
- 9.00 Eddie and the Cruisers - kyk onder hoogtepunte
- 10.35 60 Minutes
- 11.00 Stir Crazy

DINSDAG 3

- TV1
 - 6.00 Goeiemore SA
 - 3.00 Teleskool
 - 3.30 Opvoedkundige TV
 - 4.00 Die Vyfde Jaargety
 - 5.00 Rompelstompelstories
 - 5.10 Wielie Walie
 - 5.30 Skooldae
 - 5.57 Kompas
 - 6.00 Die Nuis
 - 6.15 Potpourri
 - 7.00 Oorlewing
 - 7.30 Vleuels
 - 8.00 Network
 - 9.00 Dallas
 - 10.00 TopSport
 - 11.00 Open University
 - 11.55 Evening Prayer

- TV4
 - 6.03 Me and Mom
 - 9.04 The High Price of Passion - 'n Storie oor 'n professor se obsessie oor 'n prostituut. Met Karen Young en Richard Crenna.
 - 10.49 The Hit Squad
 - 11.13 Gunsmoke
 - 12.07 S.W.A.T.

- M-NET
 - 10.30 Tai-Pan
 - 2.30 Telygames
 - 3.00 Down and Out in Beverly Hills
 - 4.45 60 Minutes
 - 5.00 My Dissident Mom
 - Oop Tyd
 - 6.00 Loving
 - 6.30 Valerie
 - Intekenare
 - 7.00 Dragonslayer
 - 8.50 60 Minutes
 - 9.00 Sokker
 - 10.00 Carte Blanche
 - 11.00 Cotton Club

WOENSDAG 4

- TV1
 - 6.00 Goeiemore SA
 - 3.00 Teleskool
 - 3.30 Opvoedkundige TV
 - 4.00 Silhouette
 - 5.00 Sylvanian Families
 - 5.10 ZAPMAG
 - 5.25 Children's Bible
 - 5.30 Garfield and Friends
 - 6.00 News
 - 6.15 No Jacket Required
 - 7.00 Telly Fun Quiz
 - 7.30 Starting From Scratch - 'n Nuwe komedie-reeks
 - 8.00 Network
 - 9.05 Oos-Wes
 - 9.35 Diagonal Street
 - 10.00 TopSport
 - 11.00 Die ma-plotters
 - 11.30 Die storie agter die storie

- 12.00 Oordenking
- TV4
 - 6.03 Easy Street
 - 6.30 TopSport
 - 9.04 The Colbys
 - 9.58 Fontanes
 - 11.35 9 to 5

- M-NET
 - 10.30 Stir Crazy
 - 2.30 Telygames
 - 3.00 Tough Guys
 - 4.45 Newsnight
 - 5.00 The Diplodoss
 - 5.30 The Adventures of the Galaxy Rangers
 - Oop Tyd
 - 6.00 Loving
 - 6.30 Dear John
 - Intekenare
 - 7.00 Steele Justice
 - 8.40 60 Minutes
 - 9.00 Foxes - kyk onder hoogtepunte
 - 10.45 Fietsry
 - 11.30 Jumpin' Jack Flash

DONDERDAG 5

- TV1
 - 6.00 Goeiemore SA
 - 3.00 Teleskool
 - 3.30 Opvoedkundige TV
 - 4.00 Die Vyfde Jaargety
 - 5.00 Niklaas
 - 5.25 Tekkies
 - 5.57 Kompas
 - 6.00 Nuis
 - 6.15 Uit en Tuis
 - 7.00 Honeyball se Toere
 - 8.00 Network
 - 9.00 War and Remembrance
 - 10.00 TopSport
 - 11.00 Dixie Changing Habits - kyk onder hoogtepunte
 - 12.40 Face to Face

- TV4
 - 6.03 TV4 Top 20
 - 6.30 Muzik A la Carte
 - 9.04 21 Jump Street
 - 9.55 Movie Focus
 - 10.23 Night Court
 - 10.50 Misdad in Miami
 - 11.43 Ripley's Believe It or Not

- M-NET
 - 10.30 11 Harrowhouse
 - 2.30 Telygames
 - 3.00 Down and Out in Beverly Hills
 - 4.40 60 Minutes
 - 4.45 The Money Programme
 - 5.00 Wortel Gummidge down under
 - 5.30 The Real Ghostbusters
 - Oop Tyd
 - 6.00 Loving
 - 6.30 The Wonder Years
 - Intekenare
 - 7.00 Revue Plus
 - 8.00 Golf
 - 9.00 Sharky's Machine - kyk onder hoogtepunte
 - 10.20 Fietsry
 - 11.05 Tai-Pan

Die gefrustreerde vark - 4